

'n GEOGRAFIESE STUDIE VAN LANGKLOOF
EN DIE KOUGA.

'n Verhandeling, ingehandig deur J. H. B. VISAGIE,
ter verkryging van die M.A.-Graad in Aardrykskunde,
aan die Universiteit van Stellenbosch.

November 1947.



VOORWOORD.

Die informasie, wat in hierdie werk omvat word, berus op navorsing, wat oor 'n periode van vier maande gedoen is.

Die metode, wat by die versameling van gegewens, gevolg is, was ondervraging en persoonlike waarneming.

Graag wil ek my hartlike dank aan Prof. dr. P. Serton, vir opbouwende kritiek, en dr. J.H. Moolman, onder wie se leiding die navorsing geskied het, betuig.

Die gasvryheid van Mnr. M. Kritzinger, Misgund, waar ek die meeste van die tyd tuis was, sowel as die hulp van talryke ander persone, word baie waardeer.

J. H. B. VISAGIE.

INHOUDSOPGAW E.

<u>AFDELING A.</u>	<u>NATUURLIKE OMSTANDIGHEDE IN LANGKLOOF.</u>	<u>BLS.</u>
<u>Hoofstuk I.</u>	Die Aardkundige samestelling van Langkloof.	5
<u>Hoofstuk II.</u>	Die Klimaat van Langkloof	19
<u>Hoofstuk III.</u>	Die Plantegroei van Langkloof	28
<u>AFDELING B.</u>	<u>DIE BEVOLKING VAN LANGKLOOF.</u>	
<u>Hoofstuk IV.</u>	Histories-Geografiese ontwikkeling van Langkloof	36
<u>Hoofstuk V.</u>	Bevolkingsverspreiding in Langkloof	46
<u>Hoofstuk VI.</u>	Maatskaplike en Sosiale Toestande in Langkloof	54
<u>AFDELING C.</u>	<u>BOERDERYAANGELEENTHEDE IN LANGKLOOF.</u>	
<u>Hoofstuk VII.</u>	Die Organisasie van die Landbou	67
<u>Hoofstuk VIII.</u>	Besproeiing in Langkloof	70
<u>Hoofstuk IX.</u>	Die Aard van die Landbou	73
<u>Hoofstuk X.</u>	Vrugteboerdery in die Algemeen	87
<u>Hoofstuk XI.</u>	Bosbou in Langkloof	96
<u>AFDELING D.</u>	<u>VERKEER, GRONDWAARDES EN TOEKOMSMOONTLIKHEDE.</u>	
<u>Hoofstuk XII.</u>	Die Verkeer in Langkloof	100
<u>Hoofstuk XIII.</u>	Grondwaardes in Langkloof	106
<u>Hoofstuk XIV.</u>	Langkloof en die Toekoms	110

LYS VAN KAARTE IN ATLAS.

1. Topografiesekaart.
 2. Plantegroeikaart.
 3. Bevolkingskaarte:-
 - (a) Verspreiding van Blanke Bevolking.
 - (b) Verspreiding van Kleurling Bevolking.
 - (c) Verspreiding van Totale Bevolking.
 4. Appelkaart.
 5. Bessiekaart.
 6. Verkeerskaart.
 7. Grondwaardekaart.
-

AFDELING A.

DIE NATUURKUNDIGE OMSTANDIGHEDE
IN LANGKLOOF.

Hoofstuk 1.DIE AARDKUNDIGE SAMESTELLING VAN LANGKLOOF.1) Ligging en Topografie:

Die Langkloof bestaan uit 'n smal streep digbewoonde, en ryk met natuurskoon bedeelde landskap, wat in die streek van die geplooides berge, tussen die suidkus en die Karroo geleë is. Die "Kloof", wat binne die distriksgrense van George en Uniondale omvat word, het 'n totale lengte van plus minus 100 myl, met sy oorsprong net wes van die Doornrivier, naby Herold, op die George-Oudtshoornpad, en strek in 'n oostelike en suid-oostelike rigting, met 'n gemiddelde breedte van 1 - 3 myl, tot by Kromrivierhoogte, wat die grens tussen die distrikte van Uniondale en Humansdorp vorm.

In werklikheid strek Langkloof ooswaarts tot naby Humansdorp, maar weens geografiese en geologiese verskille kan hierdie deel nie tot Eintlike Langkloof gereken word nie, omdat die suur- en koue-aspek van die dele verder wes hier afwesig is. Die beerebevolking was dan ook suiwer van oordeel toe hulle Langkloof tot die gedeelte ten weste van Kromrivierhoogte beperk het, want reeds Lichtenstein, wat deur die streek in 1803 gereis het, skryf in hierdie verband soos volg:- "Not far from the place (Tweerivieren) where we now were the Long Kloof loses its name. The road ascends a considerable height, whence is seen the valley of the Krommerivier." 1)

Langkloof, wat min of meer ewewydig met die kuslyn loop, en op sy smalste punt slegs 12 myl daarvandaan geleë is, word in die suide deur die Outenikwa-Tsitzekammaberge begrens. Hierdie bergreeks vorm 'n voortsetting van die Langeberge, wat van oos na wes loop, met die oorsprong in die omgewing van Worcester, as 'n sytak van die reekse wat van suid na noord loop, en as die Seder- en Bokkeveldberge bekend staan.

1) Lichtenstein, H. ... Travels in Southern Africa. ... P. 216.

By George toon die reeks die neiging om effens noordwaarts, en verder van die kus, tot in die omgewing van Plettenbergsbaai, waar dit by die monding van die Keurboomsrivier sowat 20 myl van die see geleë is, te swaai.

Van hier swaai die bergreeks weer skerp in tot op 'n punt, waar dit slegs 3 myl van die see af is, en vandaar loop dit parallel met die kuslyn, totdat dit geleidelik in hoogte afneem, en uiteindelik 10 myl suid van Humansdorp, by Kp. St. Francis, doodloop. Die berge tussen die Groot-Brak- en Keurboomsriviere staan as die Outenikwa-; vandaar tot by Witte Els Bosch as die Tsitsekamma-, en die verdere ooswaartse voortsetting as die Kromrivierberge bekend. Die middelste gedeelte van hierdie reeks word plaaslik ook die Langkloofberge genoem.

Oor die algemeen is die kruinhoogte van die reeks plus minus 3000 vt., met 'n sterk daling na die noorde, en meer geleidelik na die suide, dog, daar is etlike prominente pieke, waarvan die belangrikste Cradockspiek, 5,176 vt.; Hoogberg, 4,666 vt.; Niekerksberg, 5,312 vt., en Piek Formosa, die "Everest" van die streek, met 'n hoogte van 5,497 vt. is.

Hierdie berge vorm 'n magtige reeks, wat geen deurgang na die suide, behalwe deur die Montagu-; Prins Alfreds-, en Karreedouwpasse, verleen nie.

Net noord van die berge strek daar 'n reeks lang, smal valleie, bekend as Klein-Langkloof, wat parallel met Groot-Langkloof loop. Dit word van Groot-Langkloof deur 'n reeks heuwels van plus minus 500 vt. hoogte geskeie, dog, hierdie heuwelreeks is ook nie deurlopend nie, en op sommige plekke vorm Groot- en Klein-Langkloof 'n eenheid.

Die Eintlike Langkloof bestaan ook nie uit een deurlopende vallei nie, want dit is 'n opeenvolging van 'n reeks nou valleie, "markedly disconnected at various points, both in respect to their extension lengthwise and to their breadth." 2)

2) Schwarz, E.H.L. ... Ann. Rept. Geol. Comm., 1904 ... P. 51.

Piek Formosa, Krakeel.



Waterval, Ongelegen.



Langkloof vanaf Erfpag gesien.



Alhoewel Klein-Langkloof ekonomies nog nie van veel belang is nie, word hier spesiaal daarvan melding gemaak, omdat dit geologies interessant is, en bepaald ook moontlikhede vir die toekoms inhou.

In die noorde word Langkloof deur nog 'n heuwelreeks van plus minus 500 vt. hoogte, wat skeiding met die Kamnassievally en Kouga bring, begrens. Hierdie rug is taamlik gelykmatig, met geen uitstaande pieke nie. Dit word egter deur 'n reeks diep poorte, wat weens rivierwerking ontstaan het, gekenmerk, en in die verband kan Paardepoort; Ezeljachtspoort; Molenrivierpoort; Uniondalepoort, ens. genoem word.

Die gebied in die sinklinale tussen hierdie heuwelreeks en die Outenikwa-Tsitzekammaberge kan geografies in Bo-Langkloof, wat tussen Herold en Speelmanskraal; Middel-Langkloof, wat tussen Speelmanskraal en Lauterwater, en Onder-Langkloof, wat tussen Lauterwater en Kromrivierhoogte strek, verdeel word.

Weens sy ligging en topografie, speel die twee faktore, hoogte bo seevlak en afstand van die see, 'n baie groot rol in die geografie van Langkloof.

Langkloof het 'n betreklike hoë ligging, want dit wissel van 1,750 vt. in die ooste tot 2,020 vt. in die weste. Die hoogste gedeelte lê in die middel by Avontuur, wat op 2,859 vt. geleë is. Alhoewel Langkloof 'n baie hoë ligging het, het dit min of meer 'n gelyk bodem, met plat koppies, wat hier en daar tot 'n hoogte van 120 - 250 vt. oprys. Hierdie heuwels, waarvan sommige dikwels in 'n ry gevind word, toon gewoonlik die posisie van 'n waterskeiding aan, en dit is kenmerkend, dat dié waterskeidings min of meer almal in dieselfde rigting strek.

In Langkloof word daar nêrens 'n plek, wat op groot afstand van die see geleë is, gevind nie. In 'n direkte lyn geneem, is Joubertina in die ooste, 13 myl; Avontuur in die middel, 24 myl; Uniondale, 29 myl, en Herold in die weste, ongeveer 14 myl van die see geleë.

Grensens aan Middel- en Onder-Langkloof, kry ons die

Kouga's, wat deur 'n reeks bewoonbare bekkens, plaaslik as Bo-en Onder-Kouga bekend, gekenmerk word.

In die noorde word hierdie streek deur die Kougaberger, met Saptouskop, 5,600 vt., as die hoogste punt, begrens.

As uitsigspunt is Saptouskop uitstekend. Die Bolander sal die groot afgronde en skrikwekkende klowe van sy tuiste tevergeefs hier soek. Die strata staan orent, en die hellings is steil, maar nie kransagtig nie. Bakkransies is nie te min volop, hoewel die berge ru en verlate is. Gedrogte van klowe, vol boesmanoorblyfsels, en toegegroeï met ondeurdringbare ruïgtes, deurkruis die berge, waar 'n klompie bergkwaggas nog rondwaal, en lang randte, wat op mekaar volg soos die plooië van 'n konsertina, strek, soos ribbe vanaf 'n ruggraat, na benede.

Die eienaardigheid van die Kougaklowe is dit, dat hoe laer jy gaan, hoe smaller word dit. Hulle word steeds enger, en kronkel tussen rotsmure, wat dit baie moeilik maak om jou werklike vooruitgang te skat.

Kortom, Langkloof en die Kouga is ryk met natuurskoon bedeed, en kan tot die pragtigste dele van ons land gereken word.

2) Dreinasie en Riviersisteme.

Die Langkloof, soos aangetoon deur Schwarz, besit geen rivierstelsel van sy eie nie. Daar is baie standhoudende strome, waarvan die meeste Langkloof in 'n noordelike rigting verlaat, maar hulle dreineer almal in die Kamnassie-; Kouga-, en Keurboomsriviere. In hierdie verband het Schwarz soos volg geskryf:-
 "In traversing the Long Kloof, there is no gradual rise from one end to the other, such as exists in the Baviaans Kloof, for the Long Kloof has no river of its own, and the mountain streams gather together and traverse the bounding mountain ranges by deep poorts, so that the Long Kloof may be said to consist of a succession of basins formed by the head-waters of tributaries of the two great rivers, the Kouga, belonging to the Gamtoos System, and the Kamnassie, belonging to the Gouritz System." 3)

3) Schwarz, E.H.L. ... Rept. Geol. Comm., 1904, ... P. 50.

Hier moet dus ten sterkste beswaar gemaak word teen die term, "Langkloofvallei", wat so dikwels gebruik word, want in die ware sin van die woord is Langkloof geen deurlopende "vallei" nie.

In werklikheid behoort Langkloof tot die opvanggebied van vier groot rivierstelsels.

Bo-Langkloof word deur die sytakke van die Kamnassie, wat deel van die Gouritzrivier-Sisteen vorm, sowel as die Keurboomsrivier, wat in 'n suidelike rigting sy uitgang vind om ten koste van Knysna in die see uit te mond, dreineer. Die vernaamste sytakke van die Kamnassie, wat hul oorsprong in Langkloof het, is die Doorn-; Ezeljacht-; Ganzekraal-; Molen-; Diep-; Potjies-, en Avontuur-riviere.

Onder-Langkloof en Kouga, sowel as 'n gedeelte van Middel-Langkloof, word deur die sytakke van die Kougarivier, wat deel van die Gamtoosrivier-Sisteen vorm, en die Kromrivier, wat oos en later suid vloei om die see te bereik, dreineer. Die vernaamste sytakke van die Kouga is die Groot-; Diep-; Lauterwater-; Krakeel; Wabooms-; Twee-; Klein-, en Sapree-riviere. Hierdie riviere het feitlik net hul oorsprong in Langkloof, en dit is alleen die Groot- en Krakeel-riviere, wat vir 'n beperkte afstand in 'n wes-oos rigting vloei.

'n Verdere belangrike punt om op te let, is die feit, dat daar drie groot waterskeidings in Langkloof is.

Die eerste groot waterskeiding het ons by Kromrivierhoogte, waar die water na die ooste deur die Kromrivier, en na die weste deur die sytakke van die Kouga weggevoer word.

Die tweede groot waterskeiding is tussen Haarlem en Avontuur, algemeen bekend as, "Avontuur se ^{de} Hoogte", geleë. Hier word die water na die ooste deur die Grootrivier, 'n sytak van die Kouga, en na die weste deur die Avontuur-rivier, 'n sytak van die Kamnassie, weggevoer. Hierdie selfde waterskeiding strek in 'n noordoostelike rigting tot in Bo-Kouga, en loop tussen die plase Narouga en De Hoop deur.

Niekerksberg, Misgund.



Avontuur se Hoogte.



Palingvangers in die Kougarivier.



Die derde groot waterskeiding is tussen Wolwekraal en Mikes Halt geleë. Die gebied tussen genoemde twee plekke word deur die Keurboomsrivier, wat by Speelmanskraal in 'n suidelike rigting swenk om die see te bereik, dreineer. Oos van Wolwekraal word die water deur die Avontuur-rivier; noord daarvan deur die Potjiesrivier, en wes van Mikes Halt deur die Dieprivier, weggevoer.

Langkloof het dus 'n baie interessante dreineringsstelsel, wat baie nou met die geomorfologie van die streek saamhang.

3) Geomorfologie.

Wanneer ons die geomorfologie van 'n streek bestudeer, is daar verskeie fisiografiese trekke, wat gedurig in gedagte gehou moet word.

In die geval van Langkloof is dit seker sy riviersisteem, interessant in verskeie opsigte, wat die meeste ons aandag trek. Daar is die afwesigheid van 'n rivier, soos ons reeds aangetoon het, wat die Kloof in sy lengte dreineer, en dieselfde geld vir Klein-Langkloof.

Daar was ook 'n tyd, toe hierdie streek oor geen dreineringsstelsel beskik het nie, aangesien die water deur rotsversperings ingehou was, met die gevolg, dat groot vleie en moerasse, waarvan die tekens vandag nog sigbaar is, totstand gekom het. 4)


Die syriviertjies, wat in Langkloof ontspring, is almal van die insekvente-tipe, en 'n eienaardige dreineringspatroon, soos op die meegaande kaartjie aangetoon word, het ontstaan, wat King soos volg verklaar:- "Because they work retrogressively in any direction, and because they, in turn give rise to minor insequents the result is a haphazard or dendritic drainage pattern branching irregularly in all directions." 5)

Volgens du Toit het daar in die "post pleistocene" 'n kontinentale opheffing, wat groot rivierstelery in Langkloof

4) Schwarz, E.H.L. ... Ann. Rept. Geol. Comm., 1904 ... P. 50


5) King, L.C. ... South African Scenery. ... P. 37.

DIE BOLOOP VAN DIE KOUGARIVIER.



DENDRITIESE DREINERINGS PATROON.

Skaal, Myle.



tot gevolg gehad het, plaasgevind.

'n Mooi voorbeeld het ons in die geval van die Keurboomsrivier, wat as gevolg van hierdie opheffing sy dreineringsgebied na die noorde uitgebrei het, terwyl 'n gedeelte van sy water in die weste weggetap is, en teenswoordig die Dieprivier, wat 'n deel van die Molenrivier uitmaak, vorm. 6)

Hierdie proses is vandag nog aan die gang, en Schwarz beskou dit selfs as moontlik, dat die Keurboomsrivier in die toekoms weer die water van die Dieprivier gaan wegroof. 7)

Sommige mense is die mening toegedaan, dat Langkloof ryk bedeed met ondergrondse water is, aangesien daar heelwat fonteine voorkom. Hierdie fonteine kom min of meer op dieselfde hoogte, waar die Tafelbergsandsteen met die Bokkeveldlae kontak maak, voor. In Langkloof is daar nog slegs weinig pogings, om die watertafel te tap, aangewend, en heelwat sukses mag in hierdie rigting bereik word.

4) Geologiese Strukture.

Soos op die meegaande kaart aangetoon word, word die geologie van Langkloof in drie formasies, nl. Tafelbergsandsteen; Bokkeveldskalie, en Tersiêre Gruissoorte, omvat.

In die Langkloof-sinklinale is daar met onderbrekings lang reepe Bokkeveldleie, wat met Tafelbergsandsteen diep ingevoor is.

As gevolg van die sagtheid van hierdie lae, het erosiewerking sterk opgetree, en valleivorming tot gevolg gehad.

In die suidelike en oostelike helftes van Langkloof oorheers die Tafelbergsandsteen, terwyl Bokkeveldskalie in die westelike gedeelte, sowel as in die Kouga-bekkens, die meeste voorkom.

Geologies kan Langkloof in drie bekkens of sinklinale verdeel word.

Die eerste sinklinaal strek tussen Herold en Speelmanskraal, waar 'n suidelike vertakking ontstaan. By Kliprivier herverdeel

6) De Villiers, J. ... Geom. and Geol. of the Long Kloof ... P. 24.

7) Schwarz, E.H.L. ... Ann. Rept. Geol. Comm., 1904 P. 54.

hierdie afsplitsing in twee dele:- die kleinere een gaan deur die berge in die rigting van Prins Alfredspas, terwyl die ander een in 'n suid-oostelike rigting tot verby Edmonton, of De Vlugt, soos die plek vandag nog genoem word, strek.

In werklikheid reik die Eintlike Langkloof net totby Dieprivier, waar dit onderbreek word, om verder ooswaarts weer voortgesit te word want, "At Diep Rivier the real Long Kloof breaks off," skryf Schwarz, "and a small extent of deeply eroded valley extends from Diep Rivier to Gwarina. It is only a narrow strip of Bokkeveld slates, but past Gwarina the deeply eroded nature of the valley comes abruptly to an end at the head waters of the Keurbooms Rivier, and the traveller ascends to the level of the true Long Kloof once more." 8)

In verband met hierdie gedeelte van Langkloof, kan nog van die smal skalieband, wat in Klein-Langkloof voorkom, melding gemaak word, aangesien dit dieselfde soet gronde as die Bokkeveldformasie oplewer, en dus uit 'n landboukundige oogpunt beskou, besonders van belang is. 9)

Die tweede seksie strek tussen Gwarina en Lauterwater, terwyl die derde, wat baie meer gekompliseerd van geaardheid as die vorige is, die streek na die ooste omvat.

Ook in die geval van Onder-Langkloof is daar 'n skalieband in die Tafelbergsandsteen aanwesig.


Soos ons reeds aangetoon het, bestaan die Kougastreek uit verskeie bewoonbare bekkens, wat methoë berge omring is. Tussen Narougasnek en Maraisdal, of algemeen bekend as Bo-Kouga, strek daar 'n smal streep Bokkeveldleie, wat tussen hoë, onherbergsame berge, bestaande uit Tafelbergsandsteen, ingesluit word.

Die Onder-Kouga, wat meer na die ooste geleë is, omvat die Braamrivier- en Brandhoek-Opkomstbekkens, wat ook met Bokkeveldskalie uitgevoer is, terwyl die res van die streek deur Tafel-

8) Schwarz, E.H.L. ... Ann. Rept. Geol. Comm., 1904 ... P. 54.

9) Taljaard, M. ... Die Universiteit, Stellenbosch.

GEOLOGIESE KAART VAN LANGKLOOF.



bergsandsteen in beslag geneem word.

Die Kougarivier kronkel tussen hoë, rotsagtige mure, aan die rand van die beboude gebiede, en besit dus geen waarde vir besproeiingsdoeleindes nie.

Wat die geologie van Langkloof en Kouga betref, sien ons dus, dat die valleibodems hoofsaaklik uit Bokkeveldformasies saamgestel is, terwyl die heuwels en berge aan weerskante uit Tafelbergsandsteen bestaan.

Suiwer Bokkeveldskalie word alleen in beperkte kolle aangetref, aangesien dit reeds baie met Tafelbergsandsteen vermeng het. Hierdie aardkundige feite is van groot belang, want uit die aard van die geologiese formasies, kry ons 'n insig in die samestelling van die grondsoorte van 'n streek, wat veral in die geval van Langkloof baie waar is.

5) Grondsoorte:

Soos ons reeds aangetoon het, is die geologiese beskrywing van 'n streek vir die geograaf van waarde, omdat die geologiese formasies tot 'n groot mate bepaal, wat die aard van die grondsoorte sal wees.

Die grondsoorte van Langkloof kan dus as 'n mengsel, wat sy oorsprong in al drie bogenoemde formasies het, beskou word. In die oostelike helfte van die streek is die grondsoorte, waarop die meeste boorde hulle bevind, hoofsaaklik van 'n sanderige tipe, terwyl boordgrond in die westelike gedeelte vernameklik kleierig is. Hierdie teenoorgestelde teksture is kenmerkend vir die formasies, waaruit die grootste gedeelte van die grond ontstaan het.

Gerieflikheidshalwe kan ons die grondsoorte van Langkloof in drie hoof-tipes, n.l. suurgrond; soetgrond, en gebrokegrond, verdeel. Hier moet egter spesiaal daarop gelet word, dat ons die Tafelbergsandsteen as suur-, en die Bokkeveld as soetgrond kan neem, maar weens rivieraksie het daar baie ondervermenging plaasgevind, en geen skerp grense kan dus getrek word nie.

Die suurgrond, wat ons veral aan die suidekant van die Kloof aantref, is hoofsaaklik van die Tafelbergsandsteen afkomstig, en varieer tussen sand- en kleigrond.

Die gemiddelde sangrond is arm aan natuurlike plantevoedsel, en is na swaar reëns, of besproeiing, geneig om van tekstuur te verander. Ten einde hierdie grond weer voldoende krummelrig en vrugbaar te maak, moet dit hoofsaaklik met organiese misstowwe; kunsmis, en groen dekgewasse aangevul word.

Die gronddeeltjies is besonder fyn, met kaolienklei tussendeur, wat miskien ook van die bovermelde verwerende skalielaag afkomstig is.

Die fynheid van die gronddeeltjies, en die aanwesigheid van klei, is duideliker waarneembaar in die onderlaag, plaaslik as "karringmelk" bekend, wat nadelig vir die natuurlike afwatering is. Hierdie toestand benadeel die gesondheid van die vrugtebome, veral appelbome, en kan die oorsaak wees, dat die boom gedeeltelik, of heeltemal, doodgaan. Waar hierdie toestand voorkom, het die vrugtekeker met die ernstige vraagstuk van voldoende afwatering te kampe, aangesien slote, wat in sulke kolle gegrawe word, toeval. Geen doeltreffende tegniek is tot nog toe hiervoor uitgevind nie, hoewel ek gesien het, dat 'n toegeboorde dreineringsstelsel wel met sukses toegepas word. Gelukkig doen die moeilikheid hom nie by alle vrugteboorde voor nie. Hoewel appelbome goed op die suurgrond aard, is dit egter baie vlak; suur, en uit die oogpunt van die landbou beskou, besonder onvrugbaar. Dit kom weens die byna algehele afwesigheid van kalk, of fosfaat, en die buitengewone mate van loging waaraan die bogrond onderhewig is. 10)

Hierdie toestand van sake word deur dr. Juritz, wat met kar en perde deur Langkloof gereis het, en heelwat monsters van Tafelbergsandsteengrond geneem het, bevestig.

Die soetgronde kry ons veral in die valleie, of as ge-

10) Reinecke, V. ... Departement van Landbou, Pretoria.

isoleerde kolle tussen die suurgronde. 'n Mens kan dus verwag, dat daar baie ondervermenging moes plaasgevind het.

In die westelike helfte van Langkloof bestaan die meeste boordgronde uit diep, lemerige klei, terwyl sommige uit vlak klei saamgestel is. Dit gee 'n goeie leemgrond, wat vrugbaar is, maar wat egter nie oral na wense diep genoeg is nie. 11)

Aangesien die meeste boorde teen hellings geleë is, kom daar selde so iets, as die versuiping van bome, voor.

Die rhenosterbos floreer op hierdie gronde, en is gewoonlik 'n aanduiding daarvan.

Die Bokkeveldgronde is dus kleiagtig, maar bevat tog 'n klein hoeveelheid kalk.

Chemies is dit ryker aan potas; fosforoksied en kalk, terwyl dit ook meer poreus en beter gedreineerd as die Tafelberg-sandsteengronde is. Soos nog aangetoon sal word, is hierdie grond-tipe ideaal vir graanverbouing. 12)

Die gebrokegrond verteenwoordig 'n kombinasie tussen suur- en soetgrond, aangesien daar sterk ondervermenging, weens rivieraksie, plaasgevind het, en dit is dan ook hoofsaaklik tot die vleie van Langkloof beperk.

'n Eienaardigheid van die vleisandgrond, wat plaaslik as baie vrugbaar gereken word, en wat sy oorsprong in die Tafelbergsandsteen aan die suidekant van die vallei het, vanwaar ook alle besproeiingswater kom, is dat hierdie grond definitief suur en alkalies reageer. 'n Moontlike verklaring vir die brak- of alkaliesegehalte, wat uit natriumsulfate en -chloriedes bestaan, is dat die skalielaag in bovermelde formasie nog aanwesig is, en dat die soute daarvandaan afkomstig is. Ten spyte van hierdie wit brak-infiltrasie in ou laagliggende grond, groei vrugtebome daar goed, en dra vrugte van uitstekende kwaliteit. 13)

11) Reinecke, O.S.H. ... Die Universiteit, Stellenbosch.

12) Laughton, F.S. ... Houtteelt in Suid-Afrika. ... P. 15.

13) Reinecke, V. ... Departement van Landbou, Pretoria.

Brak vorm eintlik nie 'n probleem in Langkloof nie. Dit kom kolsgewyse deur die hele Kloof voor, en ons tref dit veral in laagliggende dele aan. Dit is ook alleen wit brak, wat nie so skerp as swart brak is nie, wat in Langkloof aangetref word. Die brak word deur middel van gipstoediening, en 'n doeltreffende stelsel van dreinerings, bestry.

6) Gronderosie.

Gronderosie het reeds 'n sterk gevorderde stadium in Langkloof bereik, en tot nog toe is daar baie min gedoen om dit te bestry, aangesien die meeste mense nog nie erosiebewus is nie. Weens die bergagtige geaardheid van die streek, is die meeste bewerkbare grond teen hellings geleë, en gaan daar by swaar neerslae baie van die boonste grondlaag van ploeglande en boorde verlore. Aangesien die boonste grondlaag baie vlak in die streek is, gaan die mense in die toekoms voor die ernstige probleem, dat hul boordgronde teen skuins plekke gaan wegspoel, en hul bewerkbare grondoppervlakte tot vleie en laagliggende dele beperk word, te staan kom.

Die meeste inwoners van hierdie streek, besef reeds die noodsaaklikheid van waterkonserwasie, en erosiebewustheid sal hierop volg. Plant en ploeg langs die kontoer gaan met baie praktiese moeilikhede gepaard, veral waar die grondoppervlakte beperk is, en dit is die rede, waarom daar maar min aandag aan bestrydingsmetodes bestee word. 14)

In Langkloof is gronderosie van 'n onsigbare aard, aangesien grond, wat van Tafelbergsandsteen afkomstig is, nie tot donga-erosie geneig is nie.

Wat wel baie gevaarlik is, en te meer, omdat dit nie so opvallend is nie, is oppervlakte-erosie, wat deur faktore, soos oorbeweidings; veld- en bergbrande; die aanlê van boorde en lande op verkeerde plekke, ens. vererger word. Ons kan gevolglik drie belangrike tipes van oppervlakte-erosie in Langkloof onderskei.

14) Goozen, R.J. ... Tuinboukundige, Joubertina.

Eerstens is daar die erosie, wat op droë-lande en boord-gronde voorkom, en wat reeds 'n groot omvang aangeneem het, aangesien die meeste bewerkbare gronde teen heuwels geleë is. Die enigste bestrydings-maatreëls, wat hier toegepas kan word, is om langs die kontoer te ploeg, sowel as die gooi van kontoerwalle en stormwaters te beheer.

Tweedens is daar velderosie, wat die grootste omvang aanneem, aangesien dit "skelm" plaasvind. Hierdie tipe van erosie moet grotendeels aan die nadelige gevolge van oorbeweidings; veld- en bergbrande toegeskryf word.

Dit is algemeen bekend, dat Langkloof vroeër 'n grasbedekking gehad het, maar weens die toepassing van die genoemde wanpraktyke, het rhenosterbos en bloubos die plek daarvan ingeneem, met die gevolg, dat daar teenswoordig baie kaal grond, en dus min stuit aan aflopende water is. Die enigste oplossing vir hierdie probleem, is die herstel van die grasbedekking, wat alleen deur die instelling van 'n gesonde rotasie-beweidingsstelsel gedoen kan word. 15)

Derdens is daar riviererosie, wat ook 'n belangrike rol in Langkloof speel, aangesien baie beboude grond langs die rivierlope geleë is. Hierdie vorm van erosie is miskien indirek die gevolg van bergbrande, daar die natuurlike plantegroei vernietig is, en die riviere met water oorlaai word.

In Langkloof het daar in 1916 en 1932, wat die mense "vloedens" noem, voorgekom, en hierdie gebeurtenis was so katastrofaal in sy uitwerking, dat sommige dele van die voorheen vooruitstrewende Kouga totaal ontvolk geraak het, aangesien plus minus 50% van die beboude grond weggespoel het, of met dryfsand toegeslik was. Die "vloed" van 1916 het meer die aanvoerwerk gedoen, maar dit was hoofsaaklik die "vloed" van 1932, wat groot slote uitgeruk, en baie grond weggevoer het. Terloops, met die "vloed" van 1932 het dit meer as 24 dm. in 24 uur, op Joubertina, gereën. 16)

15) Liebenberg, C. ... Weiding Navorsingsbeampte, Grahamstad.

16) Reinecke, V. ... Departement van Landbou, Pretoria.

Hierdie "vloedens", behalwe natuurlik die uitwerking van siektes, het ook die nekslag aan die eens bloeiende lemoen-kultuur in Langkloof gegee.

Aangesien Langkloof hoofsaaklik nog 'n toekomsgebied is, verdien grondbewaring werklik aandag in hierdie streek. Die Langkloofgronde is oor die algemeen nie baie vrugbaar en diep nie, sodat die nadelige gevolge van erosie hier gouer as elders gevoel sal word.

Hoofstuk 11.DIE KLIMAAT VAN LANGKLOOF.1) Inleiding:

Die Langkloof is 'n streek, waarin die Meteorologiese Diens nie veel belang stel nie, met die gevolg, dat daar tot nog toe, van Departementele weë, geen waarnemingstasies opgerig is nie. 1)

Klimatologiese gegewens, behalwe 'n aantal reën- en temperatuurmetings, is dus eenvoudig vir hierdie streek nie verkrygbaar nie, met die gevolg, dat dit baie moeilik is om tot enige gevolgtrekkings te kom.

In elk geval, Langkloof vorm, wat sy klimaat betref, 'n oorgangstipe, maar, voordat ons meer in besonderhede gaan, moet daar eers op 'n aantal geografiese faktore, wat feitlik die hele klimaat en boerderyaangeleenthede van die streek beheers, gelet word.

Seker die belangrikste geografiese faktore, wat die klimaat van Langkloof beïnvloed, is hoogte bo seevlak en afstand van die see, aangesien die reënval- en temperatuur-toestande van die hele streek daarmee saam hang.

Soos ons reeds aangetoon het, het Langkloof 'n besonder hoë ligging, terwyl daar nêrens 'n plek is, wat op groot afstand van die see geleë is nie.

'n Ander faktor, wat wel deeglik sy invloed laat geld, veral wat die reënval betref, is die algemene bou van die streek ten opsigte van die karakter en rigting van die bergreeks, sowel as die heuwels, aan beide kante van Langkloof en die Kouga.

Tydens die bespreking van die klimaat van Langkloof, moet hierdie faktore gedurig in gedagte gehou word, want dit is die basis waarop alles berus.

2) Temperatuur.

Behalwe wat Joubertina betref, waar die metings slegs oor 'n tydperk van twee jaar geneem is, beskik ons oor geen

1) De Villiers, G.B.D. ... Weerkundige, Groot-Drakenstein.

Tabel 1.

Gemiddelde Maksimum en Minimum Temperature in °F.

Maand.	JOUBERTINA.			UNIONDALE.			KAMNASSIE DAM. -		
	Mak.	Min.	Sp.	Mak.	Min.	Sp.	Mak.	Min.	Sp.
Jan.	79.0	55.5	23.5	84.5	56.0	28.5	88.1	60.0	28.1
Feb.	79.7	56.4	23.3	85.3	57.0	28.3	87.7	59.7	28.0
Maart	76.6	54.0	22.6	82.0	54.7	27.3	84.8	58.0	26.8
April	73.3	48.0	25.7	77.5	47.7	29.8	80.5	51.8	28.7
Mai	69.3	43.3	26.0	70.0	42.1	27.9	71.8	44.8	27.0
Junie	65.3	39.8	25.5	65.2	38.0	27.2	67.5	40.4	27.1
Julie	63.7	39.0	24.7	64.5	37.1	27.4	66.3	38.0	28.3
Aug.	65.9	40.4	25.5	68.2	38.7	29.5	70.4	40.9	29.5
Sept.	67.3	44.0	23.3	69.8	43.0	26.8	73.4	45.2	28.2
Okt.	71.0	47.3	23.7	73.4	47.3	26.1	78.1	49.7	28.4
Nov.	74.8	51.0	23.8	78.8	51.4	27.4	81.4	53.6	27.8
Des.	77.5	54.3	23.2	82.9	55.1	27.5	85.6	57.4	28.2
JR. GEM.	72.0	47.7	24.3	75.1	47.3	27.8	78.0	50.0	28.0

temperatuur-gegevens vir Langkloof nie.

Ons maak dus in hierdie bespreking ook van waarnemings gebruik, wat vir stasies, soos Uniondale en Kamnassie Dam, gedoen is, terwyl daar natuurlik in gedagte gehou moet word, dat hierdie plekke meer binnelands geleë is, en gevolglik meer kontinentale toestande sal vertoon.

Die klimaat van Langkloof wissel, volgens die hoogte van die verskillende dele, van gematig tot koud.

Die somers is koel, en die temperatuur styg selde bo 97 gr. F. In die namiddag waai daar altyd 'n koel seebriesie, en in hierdie verband speel die mis, wat gereeld elke agtermiddag, gedurende die somermaande, van die suidekant oor die Outenikwa-Tsitzekammaberge stoot, 'n belangrike rol, en het definitief 'n verkoelende effek.

Die winters is koud, en die strafste rypneerslae, wat oor 'n aantal jare aangeteken is, was 9 gr. onder vriespunt. 2)

Gedurende hierdie jaargety kapok dit ook soms, en die hoë bergtoppe al langs die Kloof is gewoonlik in die kouer tyd met sneeu bedek, terwyl elke tweede of derde winter sneeu op die grond val. Hael kom heel dikwels in die somermaande voor.

Wat die gemiddelde maandelikse maksimum- en minimum-temperature betref, moet daar op Tabel 1 gelet word. Hierdie tabel gee ook die verskille tussen die gemiddelde maksima en minima aan.


Die eerste verskynsel wat 'n mens dadelik tref, is die feit, dat daar nerens 'n plek is waar die gemiddelde minimum vir die koudste maand onder 35 gr. F. is nie.

Daarteenoor is die hoogste gemiddelde maksima van die somermaande heel selde bo 88 gr. F., en gewoonlik onder 85 gr. F. Wat Langkloof betref, moet die verskil tussen die hoogste gemiddelde maksima en die laagste gemiddelde minima ongeveer in die omgewing van 35 gr. F. tot 40 gr. F. wees.


2) Reinecke, V. ... Departement van Landbou, Pretoria.

Gemiddelde Maksimum- en Minimum-temperature.


(a) Joubertina.



(b) Uniondale.



(c) Kamassie Dam.



Sneutoneel, Misgund.



Sneutoneel, Lauterwater.



Niekerksberg onder Sneeu.




Tabel 2.

Gemiddelde Temperature.

STASIE.	JR. TEMP.	WARMSTE M.	KOUDSTE M.	VERSK.
Joubertina	59.9 °F.	Februarie. 68.1 °F.	Julie. 51.3 °F.	16.8°F.
Uniondale	61.2 °F.	Februarie. 71.1 °F.	Julie. 50.8 °F.	20.3°F.
Kamnassie Dam	64.0 °F.	Januarie. 74.1 °F.	Julie. 52.1 °F.	22.0°F.

Figuur 2.

Gemiddelde Temperature.



- (a) Kamnassie Dam.
- (b) Uniondale.
- (c) Joubertina.

Die jaarlikse skommeling tussen maksimum- en minimum-temperature wissel ongeveer van 24 gr. F. by Joubertina tot 28 gr. F. by Kamnassie Dam. Langkloof vertoon dus ooreenkoms met die kusstreek in die opsig, dat baie hoër temperature selde die geval is, dog, verskil weer van die dele meer binnelands, daar groot uiterstes nie in hierdie streek aangetref word nie.

Hoewel die temperatuur-toestande in Langkloof nie deur groot uiterstes gekenmerk word nie, varieer die temperatuur baie gedurende dieselfde dag, veral wat die somermaande betref.

Die oggende is gewoonlik warm, en die agtermiddae koel, weens die mis, wat oor die suidelike bergreeks stoot. 3)

Avontuur word as die koudste plek in die streek gereken, daar dit die hoogste ligging het.

Die gemiddelde winter-temperatuur (Junie en Julie) vir Joubertina (1,785') is 51.9 gr. F.; Uniondale (2,240') 51.2 gr. F., en vir Kamnassie Dam (1,100') 53 gr. F. Hoewel dit nie mooi uit hierdie syfers blyk nie, is Onder-Langkloof, gemiddeld geneem, die warmste, maar namate die hoogte van oos na wes toeneem, sal die winter-temperatuur ook ooreenkomsdig daal.

By Avontuur (2,859') sal die gemiddelde winter-temperatuur, volgens berekening, plus minus 48 gr. F. tot 49 gr. F. wees. Teoreties behoort Bo- en Middel-Langkloof, weens hul hoër ligging, laer gemiddelde winter-temperature as Onder-Langkloof te vertoon.

Hoogte bo seevlak is dus 'n faktor van groot belang, aangesien dit die winter-temperatuur in hierdie streek beheers.

Wat die gemiddelde somer-temperatuur (Januarie en Februarie) betref, is dit vir Joubertina (1,785') 67.7 gr. F.; Uniondale (2,240') 70.7 gr. F., en vir Kamnassie Dam (1,100') 73.9 gr. F.

Uniondale, wat in 'n holte geleë is, en Kamnassie Dam, wat weer

3) Reinecke, V. ... Departement van Landbou, Pretoria.

redelik laag geleë is, word egter besonders warm, en is dus nie 'n weergawe van Langkloof-toestande nie.

Die gemiddelde somer-temperatuur by Avontuur (2,859') moet ongeveer 65 gr. F. wees, terwyl Bo-Langkloof ook redelike koel somers openbaar.

Die somers van Langkloof kan dus as betreklik koel beskryf word, terwyl die Kougastreek warmer is, aangesien dit feitlik nooit aan mistoestande, weens sy meer binnelandse ligging, onderhewig is nie.

Hoewel 'n faktor, soos hoogte bo seevlak, hom ook in die opsig laat geld, is dit hoofsaaklik oseaniese invloede, wat die somer-temperatuur in Langkloof beheers.

As ons slegs vir Joubertina in aanmerking neem, dan is Februarie die warmste maand, met 'n gemiddelde temperatuur van oor die 68 gr. F., terwyl Julie weer die koudste maand is, met 'n gemiddelde temperatuur van 51 gr. F. Die verskil tussen die warmste en koudste maand is ongeveer in die omgewing van 17 gr. F.

Langkloof word dus deur gematigde temperature, wat afwissel tot koud, gekenmerk, met die gevolg, dat hierdie streek klimatologies ideaal vir vrugteverbouing is.

3) Winde:

Hoewel kwaai stormwinde soms woed, is die winde van hierdie streek vir die grootste gedeelte van 'n ligte aard, en waaï gewoonlik uit die noorde; noordweste; suidweste; suide; suidooste en ooste.

Die noordweste; suidweste, en soms suide winde, kom veral in die wintermaande voor, en is die reënbringende winde vir hierdie seisoen. In die wintermaande is die winde nie so gereeld elke dag nie, behalwe wanneer daar onweer opsteek. Bergwinde kom dwars deur die jaar in hierdie area voor, hoewel dit merendeels tot die wintermaande beperk is. Die winde waaï uit die noorde, en is warm, omdat dit 'n dalende wind is. Dit is selde, dat daar skade in Langkloof, weens die uit-

dorrende effek van hierdie wind, aangerig word, want sy grootste intensiteit is meer tot die kuststreek beperk.

In die somermaande is die suidooste; ooste en suide winde heersend, hoewel dit hoofsaaklik die suide Wind is, wat die reën bring. Hierdie wind uit die suide is 'n seewind, wat alleen in die agtermiddag waai, wanneer dit 'n wolkekombers oor die suidelike reeks stoot, om koelte vir Langkloof te lewer, en die sg. "bergreëns", wat alleen in die berge voorkom, te veroorsaak. Plaaslik word hierdie wind ook 'n bergwind genoem, hoewel dit 'n seewind is, wat baie gereeld, elke agtermiddag, in die somermaande waai.

Die suidooste en ooste winde se invloed bly alleen tot die windkant van die suidelike reeks, en oos van Kromrivierhoogte, beperk.

4) Sonskyn en Bewolking:

In hierdie verband is daar nog geen waarnemings in Langkloof gedoen nie, hoewel dit 'n saak van groot belang is, veral wat die vrugteboerdery betref.

In elk geval, die humiditeit is hoog, aangesien die streek sterk onder see-invloed staan, en gevolglik heers daar dikwels bewolkte toestande. Selfs in die somermaande daal die humiditeit selde benede 60% en nooit benede 50% nie, om rede die suide wind die mis in die agtermiddag oor die berge stoot, met die gevolg, dat die warmste periode van die dag in die oggend, en die koelste in die agtermiddag, voorkom. 4)

Enige tyd van 12 uur vm. af, kom daar 'n wolkekombers (vergl. Tafelberg) oor die suidelike reeks, en die seewind waai uiters koel.

In hierdie verband moet daar op Tabel 3, wat waarnemings vir Diepwalle, in die Knysna-afdeling, weergee, getel word, aangesien daar nog geen metings vir Langkloof gedoen is nie. 5)

4) Deyzel, J. ... Onderwyser, Joubertina.

5) Laughton, F.S. ... Houtteelt in Suid-Afrika ... P. 47.

Alleen moet onthou word, dat Langkloof, weens sy binnelandse ligging, meer sonskyn, en minder bewolkte toestande, as Diepwalle sal vertoon.

Ook in hierdie geval is dit dus oseaniese invloede, wat die heersende rol speel.

Verder sien ons ook in Figuur 3 dat die grootste persentasie direkte sonsbestraling in Desember en Januarie voorkom, terwyl die maksimum hoeveelheid bewolktetoestande in Maart; Junie, en September aangetref word.

5) Vortigheid en Reënval:

Langkloof lê tussen die winter- en somerreënvalstreke, en kry dus winter-, sowel as somerreëns, hoewel die grootste persentasie van sy reënval in die winter-halfjaar voorkom.

Onder-Langkloof kry plus minus 40% tot 50%, en Middel-, sowel as Bo-Langkloof, ongeveer 35% tot 40% van hul reënval in die somermaande. (Oktober tot Maart)

Die konsentrasie van die reënval in die wintermaande, moet in die nouste verband met die algemene rigting van die bergreeks, sowel as die heersende winde staan.

Die Outenikwa-Tsitzekammaberge is so direk in die pad van die suidooste wind geleë, dat sy invloed in die somermaande hoofsaaklik tot die windkant van die bergreeks beperk moet bly. In die wintermaande is die suidweste, maar veral die noordweste wind in 'n beter geleentheid om hulle invloed noord van die Outenikwa-Tsitzekammaberge te laat geld.

Die reën val in sagte buie, en word in die somermaande meesal deur seewinde aangebring, wanneer die bergreëns ontstaan, wat alleen tot die suidelike berge beperk is, en feitlik nooit in die Kougastreke aangetref word nie. Hierdie bergreëns voed die riviértjies van Langkloof, en maak besproeiing in die somermaande moontlik.

Die ooste en suidooste winde bring net tot oos van Kromrivier hoogte reën, dog, in sommige gevalle bereik hierdie reëns wel vir Langkloof, en staan dan plaaslik as die "Ooste-" of "Onder-

Tabel 4.

Die afname van die reënval in 'n Suid-Noord rigting.

PLEK.	HOOGTE.	GEMID. JAARLIKSE REËNVAL.
Diepwalle	1,748'	49,48 dm.
De Vlucht	1,000'	20,68 dm.
Avontuur	2,879'	17,06 dm.
Uniondale	2,240'	13,10 dm.

Tabel 5.

Variasie van die reënval volgens hoogte bo seevlak.

PLEK.	HOOGTE.	GEMID. JAARLIKSE REËNVAL.
Tweerivieren	1,500'	17,84 dm.
Joubertina	1,785'	19,18 dm.
Krakeel	2,500'	22,52 dm.
Klipheuwel	2,100'	25,52 dm.
Ongelegen	2,634'	18,24 dm.
Welgelegen	2,700'	19,67 dm.
Avontuur	2,879'	17,06 dm.
Wolwekraal	2,780'	16,07 dm.
Molenrivier	2,040'	17,60 dm.
Schoonberg	2,200'	23,31 dm.
Ezeljacht	1,830'	14,25 dm.
Herold	2,050'	21,21 dm.
Waboonskraal	1,800'	36,10 dm.
De Hoop	3,880'	15,73 dm.

landsweer" bekend.

Dikwels kom daar donderbuie uit die noorde, maar hierdie reëns is meer na die kant van die Kougastreke, weens die invloed van die suidelike seewind, beperk.

Wat die totale jaarlikse reënval in Langkloof betref, is daar 'n afname van suid na noord te bespeur, en ons moet hierdie verskynsel hoofsaaklik uit die bou van die streek verklaar. Die reënbringende winde waai oor die warm Indiese Oseaan, en soos hulle die see verlaat, bereik hulle die laagliggende kusvlakte, en die Outenikwa-Tsitzekammaberge. Die winde word forseer om te styg, met die gevolg, dat die windkant van die reeks 'n hoër reënval kry. Soos die winde oor die berge kom, daal hulle vinnig aan die noordekant in die Klein-Langkloof af, waar weer 'n styging, weens die heuwelreeks tussen Klein- en Groot-Langkloof, plaasvind. Klein-Langkloof kry dus 'n groter reënval as Groot-Langkloof.

Na die kant van die Kouga en Kamnassie word hierdie selfde proses herhaal, met die gevolg, dat die reënval 'n afname in daardie rigting vertoon, soos duidelik uit die syfers, wat in Tabel IV omvat word, blyk.

In Langkloof varieer die reënval ook, volgens die hoogte van die verskillende dele, van plek tot plek. Dus, nie alleen beïnvloed die rigting en hoogte van die bergreeks die reënval in breë trekke nie, maar beïnvloed dit ook in kleiner besonderhede. In hierdie verband moet Tabel 5, wat die reënval en hoogte van 'n klompie stasies in Langkloof aangee, geraadpleeg word.


Sommige van hierdie stasies, waarvan die meeste slegs enkele myle van mekaar geleë is, vertoon 'n reënval buite verhouding tot hulle hoogte, maar dit moet hoofsaaklik aan poorte in die berge, en die afstand, wat die reënmeter van die voet van die bergreeks geleë is, toegeskryf word.

Die reënmeters op plekke, soos Krakeel; Klipheuvel; Schoonberg, en Herold, is besonderlik na aan die voet van die berge geleë,

Figuur 4.

Reënvalkurwes vir Langkloof.

(a) Bo-Langkloof.




(a) Schoonberg.

(b) Molenrivier.

(c) Ezeljacht.

(b) Middel-Langkloof.



(a) Avontuur.

(b) Wolwekraal.

(c) Ongelegen.

met die gevolg, dat hulle ook die bergreëns registreer, en dus nie 'n suiwer weergawe van reënvaltoestande in Langkloof gee nie.

Die gemiddelde jaarlikse reënval vir Bo-Langkloof is plus minus 10 - 20 dm., terwyl dit vir Middel- en Onder-Langkloof ongeveer 18 - 25 dm. is.

Die westelike helfte van Langkloof is dus droër as die oostelike helfte, en daar is verskeie faktore, wat hiervoor verantwoordelik is. Na die ooste word die Tsitzekeamberge laer, en dit vertoon ook meer "openings" as die Outenikwaberger na die weste, wat meer "dubbeld" van geaardheid is.

Verder styg Onder- en Middel-Langkloof geleidelik in 'n ooswes rigting, met die gevolg, dat Bo-Langkloof meer in 'n volkome reënskadu geleë is.

Weens al hierdie faktore, is Bo-Langkloof dus minder aan seeïnvloed onderhewig, en gevolglik vertoon dit droër toestande as die oostelike helfte van die streek.

Wanneer ons die aandag op die maandelikse reënvalverspreiding in Langkloof vestig, dan sien ons, dat die reënval oor die hele jaar, met Desember; Januarie, en Februarie as die droogste maand, verspreid is.

Die meeste reën val tydens die lente en herfs, hoewel die somermaande nie reënloos is nie.


In hierdie verband moet Figuur 4 geraadpleeg word, en as ons dit met Figuur 3, wat sonskyn en bewolking aantoon, vergelyk, dan sien ons 'n redelike mate van ooreenkoms in die loop van die kurwes.

Die drie maksima is kenmerkend vir alle plekke in Langkloof, en by sommige stasies is daar nog twee eienaardige sekondere maksima in Maart en November waarneembaar.

6) Die "Optimum"-klimaat:


Huntington het probeer om 'n "optimum"-klimaat vir mense; plante, en diere, in sy boek, "Social and Economical Geography", vas te stel. 6)

(c) Die Kouga.



(a) De Hoop.

(d) Onder-Langkloof.




(a) Tweerivieren.

(b) Klipheuwel.


(c) Krakeel.

REËNVAL - KAART.



Figuur 5.

Klimogram vir Joubertina.



Ons het in Figuur 5 probeer om Langkloof-toestande met hierdie ideale klimaat te vergelyk, en gemeet aan die standaard, wat Huntington stel, vertoon die somer-temperature gunstig, hoewel die winters gans te warm is.

Dog, as ons Langkloof se suidelike breedteligging in aanmerking neem, dan vergelyk die' streek per slot van sake tog nie so sleg nie, aangesien die ideale klimaat, volgens Huntington, alleen op die hoër breedtes aangetref word.

Maandelikse Reënvalverspreiding.

PLEK	NO.	HOOGTE	TYD	Jan.		Feb.		Maart		Apr.		Mei		Junie		Julie		Aug.		Sept.		Oct.		Nov.		Dec.		JR. TOTAAL	
				R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.
Waboomskraal	1	1,800	9-10	3.91	7	2.89	5	2.85	6	1.84	5	2.91	6	1.97	5	2.37	7	3.61	6	3.13	8	3.16	7	3.70	8	3.76	5	36.10	75
Herold	2	2,050	11-12	1.03	3	1.47	3	1.39	4	1.18	4	2.05	5	1.37	4	1.72	5	2.25	5	2.94	6	1.73	5	2.34	5	1.74	3	21.21	52
Ezelsjacht	3	1,830	36-38	0.82	2	0.57	2	0.98	3	1.45	3	1.88	3	1.28	3	0.62	2	1.40	3	1.93	3	1.22	3	1.27	3	0.83	2	14.25	32
Schoonberg	4	2,200	11-12	1.19	4	1.72	4	1.73	6	1.64	5	2.25	6	1.45	5	1.75	6	2.44	5	3.15	6	1.76	7	2.31	6	1.92	4	23.31	64
Molenrivier	5	2,040	11-13	0.96	1	1.13	2	0.92	3	1.03	3	2.06	3	1.27	4	1.39	4	1.79	4	2.20	5	1.54	4	1.80	3	1.51	2	17.60	38
Wolwekraal	6	2,780	23-24	0.76	2	0.95	2	1.70	4	1.35	3	2.12	4	1.15	3	1.40	3	1.39	3	1.55	3	1.43	3	1.24	3	1.03	2	16.07	35
Avontuur	7	2,879	17-21	1.20	2	0.89	2	1.52	3	1.26	3	2.37	3	1.21	3	1.45	3	1.67	4	1.74	4	1.47	4	1.44	3	0.84	2	17.06	36
De Hoop	8	3,880	22-24	0.83	2	1.01	2	1.58	3	1.38	3	2.38	4	1.15	3	1.29	3	1.20	3	1.53	3	1.14	2	1.22	3	1.02	2	15.73	33
Welgelegen	9	2,700	22-23	1.03	2	1.24	2	1.68	3	1.61	3	3.19	4	1.21	3	1.65	4	1.61	3	1.98	4	1.56	3	1.62	4	1.29	2	19.67	37
Ongelegen	10	2,634	3-4	0.52	4	1.38	4	1.43	4	0.98	4	3.97	7	0.97	4	1.39	7	2.10	5	1.69	6	1.64	7	1.61	6	0.56	4	18.24	62
Klipheuvel	11	2,100	11-12	1.97	7	1.84	8	2.08	10	1.38	7	2.81	8	1.68	7	1.91	8	2.15	8	2.29	10	2.64	10	2.30	9	2.33	8	25.38	100
Krakeel	12	2,500	9-11	1.48	1	1.56	2	1.29	3	1.07	2	3.05	4	1.76	3	1.69	4	2.19	3	2.13	5	2.13	4	1.89	3	2.28	2	22.52	36
Tweerivieren	13	1,500	15-16	1.98	1	0.94	2	1.30	3	1.01	3	2.23	4	1.32	3	1.48	3	1.88	3	2.03	3	1.47	3	1.48	3	0.72	2	17.84	33

_____ Natste Maand.

_____ Droogste Maand.

Droogste Maand.

Seisoensverdeling van Reënval.

PLEK	SOMER		HERFS		WINTER		LENTE	
	Nov. - Jan.		Feb. - Apr.		Mei - Julie		Aug. - Okt.	
	R.	D.	R.	D.	R.	D.	R.	D.
Waboomskraal	11.37	20	7.58	16	7.25	18	9.90	21
Herold	5.11	14	4.04	11	5.14	14	6.92	16
Ezeljacht	2.92	7	3.0	8	3.78	8	4.55	9
Schoonberg	5.42	14	5.09	15	5.45	17	7.35	18
Molenrivier	4.27	6	3.08	8	4.72	6	5.53	13
Wolwekraal	3.03	7	4.0	9	4.67	10	4.37	9
Avontuur	3.48	7	3.67	8	5.03	9	4.88	12
De Hoop	3.07	7	3.97	8	4.82	10	3.87	8
Welgelegen	3.94	8	4.53	8	6.05	11	5.15	10
Ongelegen	2.69	14	3.79	12	6.33	18	5.43	18
Klipheuwel	6.60	24	5.30	25	6.40	23	7.08	28
Krakeel	5.65	6	3.82	7	6.40	11	6.45	12
Tweerivieren	4.18	6	3.25	8	5.03	10	5.38	9

_____ Natste Seisoen.

_____ Droogste Seisoen.

Hoofstuk 111.DIE PLANTEGROEI VAN LANGKLOOF.1) Inleiding:

Die term, "natuurlike plantegroei", is met opset in die opskrif vermy, want in 'n gebied soos hierdie, waar die natuurlike vegetasie tot so 'n groot mate deur oorbeweidings, brande, en ander faktore, versteur is, is dit bykans onmoontlik om oor die oorspronklike plantebedekking, en veral oor die verspreiding daarvan, te spekuleer.

Klimaksvorme word alleen in gunstig geleë valleie aan die bergkante, waar kolletjies bos ontwikkel het, aangetref. In Langkloof kom daar wel 'n kunsmatige klimaks, waar sulke bosse, soos rhenoster- en bloubos, die normale veld verdring het, voor. Hierdie bosse kom egter in vorm met die fynbos-klimaks, wat in sekere dele van die Kloof normaal voorkom, ooreen.

Rooigras, gemeng met sekere Suiwestelike grasse, vorm 'n sub-klimaks in hierdie streek. Dit is dus meer as waarksynlik, dat, na die natuurlike fynbos deur vuur en oorbeweidings vernietig is, rooigras 'n sub-klimaks gevorm het. Toe die proses egter verder, weens mishandeling van die weiding, gedryf is, het rhenosterbos en bloubos die rooigras verdring, en die toestand, soos ons dit vandag het, gelewer. 1)

Volgens Mnr. Liebenberg, die Senior Weiding Navorsings-beampte, Grahamstad, my meedeel, is die flora van Langkloof hoofsaaklik Suidwestelik, met die indringing van sekere tropiese grasse, soos rooigras; breëblaar struik, en boomtipes, terwyl Pole Evans in hierdie verband soos volg skryf:- "The vegetation of this region has little in common with the rest of South Africa, and there is much evidence to suggest that even the origin of

1) Liebenberg, C. ;.. Weiding Navorsingsbeampte, Grahamstad.

(Sub-klimaks:- Plantegroei wat byna tot klimaks-stadium herstel het)

this flora may be different from that of the rest of South Africa." 2)

Die natuurlike plantegroei van enige streek is die resultaat van eeuelange samewerking tussen verskillende faktore, waarvan klimaat; die bou van die land, en grondvrugbaarheid, wat weer in 'n deel deur die geologiese rotsformasies, waaruit dit ontstaan het, bepaal word, die belangrikste is.

So staan die plantegroei van Langkloof ook in noue verband met sy klimaat en grondsoorte, hoewel die oorspronklike plantebedekking nie meer in sy geheel aangetref word nie.

Die invloed van die klimaat is natuurlik oorwegend, hoewel die geologiese formasie, hoofsaaklik Tafelbergsandsteen, oorsprong aan baie arm gronde gee, wat nie juis 'n luukse plantegroei kan onderhou nie, en as suurveld aangedui word. In teenstelling hiermee, lewer die Bokkeveldgronde soetveld, en waar ondervermenging tussen grondsoorte van die genoemde twee formasies plaasgevind het, kry ons die gebrokeveld. In Langkloof is daar hoofsaaklik 'n gebruiksverskil tussen soet- en suurveld, en nie juis 'n sodanige graadverskil nie. Die plantegroei wat soet- en suurveld uitmaak, kan in baie gevalle dieselfde wees, sodat daar noodgedwonge nie 'n verskil in spesies moet wees nie. Suurveld word alleen vir somer-, en soet-, sowel as gebrokeveld, vir winterweiding gebruik.

Soos ons reeds aangetoon het, het Langkloof hoofsaaklik 'n winterreënval, wat goeie grasveld-ontwikkeling, soos verder noord, onmoontlik maak, aangesien die droë periode van die streek met die beste groei-periode van ons grasse ooreenkom. Die reënval is egter gunstig vir die ontwikkeling van Suidwestelike-fynbos, soos aan die seekant van die berge gevind word, hoewel dit alleen in 'n droër graad aangetref word.

2) Klassifikasie van die Plantegroei:

Wat die plantegroei van Langkloof betref, kan dit, volgens Pole Evans, in sy Plantegroeikaart van Suid-Afrika, as

2) Evans, P. ... A Vegetation Map of South Africa. ... P. 8

Altydgroen-Sklerofielebos geklassifiseer word, wat weer in Immergroen-fynbos; Rhenosterveld, en Rivierplantegroei onderverdeel kan word, hoewel die onderverdeling my eie is, wat ek op grond van ondervraging en persoonlike waarneming gedoen het. In hierdie verband skryf Pole Evans soos volg:- "The vegetation is composed mainly of bush or scrub, in which small hard leathery leaves are the predominating feature. It is commonly known as sclerophyllous vegetation." 3)

Die Immergroen-fynbos kom op die hoogste dele van die Outenikwa-Tsitzekamma-, en Kougaberge, gewoonlik hoër as 2,500 vt. bo seevlak, waar die reënval meer as 20 dm. per jaar; die temperatuur koel, en baie somer-miswolktoestande is, voor. Dit is veral die dele, wat in die wintermaande vir 'n kort tydjie met sneeu bedek is, en wat as suurveld bestempel kan word. Die kenmerkende eienskap van hierdie afdeling is die afwesigheid van bome, behalwe in beskutte bergklowe, waar dit weelderig groei.

Die plantegroei bestaan meesal uit heideagtige struike, met lang, dun stammetjies en klein harde blaartjies, hoewel hierdie fynbos 'n minder weelderige voorkoms, as die aan die see-kant van die berge, vertoon.

Wat die individuele plante betref, word die hoogste dele deur suikerbosse; bergriet; heiriet; biesies; besemgoed; teebosse, en suurgras gedomineer. Laer teen die berghange wemel dit van geelbos; knopbos; steekbos; bloubos; tolbos en rhenosterbos. Verspreid tussen hierdie gewasse, groei daar volop heideplante, waarvan daar plus minus 10 soorte in Langkloof is. 4)

'n Verskeidenheid van blomsoorte, wat 'n kleurryke voorkoms aan die veld gee, word aangetref.

Mnr. Piet Strydom, wat reeds pryse met sy pragtige kruieversameling verower het, deel my mee, dat daar plus minus 30 kruiesoorte, wat nogal besonder kieskeurig, betreffende soet- of suurgrond is,

3) Evans, P. ... A Vegetation Map of South Africa. ... P. 8

4) Longland, D. ... Onderwyser, Tweerivieren.

in Langkloof groei. 5)

Die bergklowe van Langkloof en Kouga is ook die natuurlike tuiste van die langblaar-boegoe, sowel as verskeie liliesoorte. 6)

Die laer en gelyk dele van Langkloof kan met die grootste vrymoedigheid as Rhenosterveld beskryf word. Die oudste bewoners van die streek hou egter vol dat daar vroeër geen rhenosterbosse in hierdie area gegroei het nie, maar wel wuiwende lang grasse. Barrow, 'n vroeë reisiger, wat aan Langkloof besoek gebring het, het min of meer in dieselfde trant geskryf:- "The country (Long Kloof) was cheerful, being mostly covered with grass or shrubby plants, exhibiting from a distance a continuance of verdant lawns which are not frequent in this colony." 7)

Die rhenosterbos is dus gladnie eie aan Langkloof nie, want dit is 'n tipiese Suidwestelike bos, wat weens die misbruik van veld, soos bergbrande; oorbeweiding, ens., ingedring het.

Die term, "rhenosterveld", is die naam vir 'n kunsmatige, en nie 'n natuurlike veld-tipe nie. In die natuur is die rhenosterbos 'n "associated" plant, d.w.s. dit kom in natuurlike veld sporadies voor. Deur die veld te mishandel, en die natuurlike plantegroei te vernietig, dring sulke bosse, soos rhenoster- en bloubos in, en neem 'n dominante rol aan. 8)

Die ouer mense beweer egter, dat die rhenosterbos deur "togryers", wat dit as vuurmaakhout en medisyne saamgevoer het, die Langkloof ingebring het.

Hierdie bos-tipe toon 'n sterk voorliefde vir soetgronde, en is gewoonlik 'n aanduiding daarvan, met die gevolg, dat ons dit ook op die skalieband van Klien-Langkloof aantref.

Verspreid tussen die rhenosterbosse groei daar soetgras, waarvan

- 5) Strydom, P. ... Krakeel
 6) Baldie, J. ... Misgund
 7) Barrow, J. ... Travels in Southern Africa ... P. 384.
 8) Liebenberg, C. ... Weiding Navorsingsbeampte, Grahamstad.

rooigras die belangrikste is, sowel as aalwyne en ander bos-tipes.

In die laer dele van die Kouga neem rhenosterbosse ook 'n dominante rol aan, hoewel dit 'n minder "egte" rhenosterveld, as die res van Langkloof, uitmaak.

Die karroo-agtige koppe, met hul peperkorrelrige voorkoms, begroei met aalwyne, wat veral vir hierdie streek kenmerkend is, trek dadelik die aandag.

Die variasie van die plantegroei op 'n klein oppervlakte, weens die verskil in die intensiteit van sonbestraling en oseaniese invloed, is treffend.

Elke heuwelreeks dra 'n verskillende plantegroei aan sy teenoorgestelde uitsigte — die suidelike uitsigte van die heuwels, waar die vogtige seelug bots, en die skadukant is, is kenmerkend vir proteas en teebosse, terwyl die noordelike uitsigte, wat droër is, en meer sonskyn ontvang, weer kenmerkend vir aalwyne en ysterhout-bosse is.

Vetplante, wat nie in Langkloof aangetref word nie, maak reeds in die Kougastreke hul verskyning, terwyl ander bosse, soos taaitbos; vaalbos; katdorings; wabome; spekbome, en broodbome, verspreid tussen die rhenosterbosse voorkom.

In Langkloof sien 'n mens op droë lande volop wildebrak, wat 'n goeie weiding vir vee uitmaak, sowel as kraakbos; Klaas Louw-bos; wildesuring, en taaitrek, wat nie juis as baie gewens beskou word nie. Die vernaamste gifplante, wat in die streek aangetref word, is gifblaar; katdoring; die plakkie, sowel as die geelbos. 9)

Die Rivierplantegroei bestaan hoofsaaklik uit Black Wattle-bome, populierbome (Grey Poplar); palmiete, snyruigte; bloukeur; kammiebosse; varings en varkblomme.

In die beskutte bergklowe van Langkloof en Kouga, waar die reënval voldoende is, word nog die oorblyfsels van houtbosse aangetref, waarvan die belangrikste soorte, Stinkhout; Witels; Rooiels; Boekenhout; Harde-Peerhout; Witpeer; Asgaaihout; Yster-

9) Hobbs, G. ... Veearts, Uniondale.

Bergplantegroei.



Rivierplantegroei.



Veld wat gebrand het.



hout; Safraanhout; Kershout; Essenhout; Flierhout, ens., is. 'n Interessante houtsoort, wat in die Kouga, veral langs die Sapreerivier, en in Verdoemeniskloof, aangetref word, is die sg. Sapreeboom (Sapree --- Sipres), wat baie na aan die Clanwilliamseder, veral wat groeiwyse; hoogte, en kwaliteit betref, verwant is. 10)

In die Kougaberger vorm hulle egter nie digte bosse nie; die ou gekromde en verdraaide Sipresse, met hul knoppies taai van die harpui, wil hier alleen tussen die rotse, hoog bo seevlak, aard, en volgens dr. M. Versveld, van die Universiteit Kaapstad, my meedeel, is hul alleen deur die plantkundige van die Clanwilliamseder te onderskei. Hulle is deur roekelose brandstigting en uitkap byna uitgeroei, maar ek het 'n aanduiding van hul eertydse prag in 'n ou waenhuis, met ongeveer vyf-en-twintig sapreehoutbalke, nege duim in die vierkant en twintig voet lank, gesien.

Weens ontoeganklikheid en die ru geaardheid van hierdie streke, is dit byna onmoontlik om die houtbosse te werk, hoewel in die verlede verskeie pogings, waarvan die meeste sonder enige sukses was, aangewend is.

3) Die Ekonomiese waarde van die Plantegroei:

Soos uit die voorafgaande bespreking al dadelik blyk, besit die plantebedekking van Langkloof weinig, of geen, ekonomiese waarde nie.

Uit 'n weidingsoogpunt beskou, het Langkloof 'n uiters swak veldtipe, aangesien die veld oor die algemeen baie suur is, terwyl bosse, soos die rhenoster-; blou-; steek-; geel-, en kraakbos deur geen dier gevreet word nie. Die eintlike weiding bestaan uit die gras^{se}; wat tussen hierdie bosse voorkom; vandaar die stelsel van veldbrand, wat aanstons bespreek sal word.

Die rhenosterbos het alleen ekonomiese waarde, in die sin, dat dit vir brandhout en kompos aangewend kan word, en dieselfde geld vir die Black Wattle, sowel as wabome.

Die Black Wattle is plus minus 1911 in Langkloof ingevoer, met die doel om dit vir sy bas aan te kweek, en so doende die looiery op George te voorsien, maar van hierdie onderneming het nie veel gekom nie.

Van die populierboom (Grey Poplar) kan tereg gese word:- "At first they were cursed; now they are nursed", want dit vorm 'n waardevolle bron van inkomste vir die eienaars, daar die hout vir vuurhoutjie-doeleindes gebruik word. 11)

Soos ons ook reeds aangetoon het, besit die natuurlike houtbosse van Langkloof en Kouga weinig ekonomiese waarde, omdat die streke, waar dit voorkom, ontoeganklik is, maar tans wend die Kwaairivier-Sindikaat, te Haarlem, weer 'n poging aan om hierdie bosse te werk. Die meeste van die bome groei op staatsgrond, en staan gevolglik onder toesig van die bosboubeampies, wat op Studtis en Buffelsnek gestasioneer is.

Die teebos, wat volop in Langkloof voorkom, besit veel ekonomiese waarde, en vorm veral vir kleurlinge, wat die verwerking van tee betref, 'n groot bron van inkomste, soos later meer volledig bespreek sal word.

4) Veld- en Bergbrande:

Oncordeelkundige veld- en bergbrande het in die laaste honderd jaar reeds groot afmetings in Langkloof aangeneem. So was daar die groot bergbrand van 1869, wat oor die Outenikwa-Tsitsekammaberge gekom het, en plase tot in die Kouga kaal gebrand het.

Veld- en bergbrande is 'n noodsaaklikheid in die beheer van suurveld, aangesien die sklerofiel-plantegroei weinig weidingswaarde, behalwe die grassoorte, solank dit nog sappig en jonk is, besit. Om dus altyd jong gras te bekom, moet veldbrand toegepas word, dog, dit is geweldig nadelig, wanneer dit nie intelligent geskied nie, aangesien dit tot die opdroging van waterbronne en gronderosie, wat beide aktuele vraagstukke in Langkloof is, lei.

11) Tauts, A. ... George.

Gereeld elke jaar word daar voorbrande, onder toesig van die Departement van Bosbou, oor 'n afstand van 140 myl, langs die Outenikwa-Tsitzekammaberge, gedoen. Die oogmerk hiervan is om vure, wat op privaat eiendom, sowel as binne die bosreserwes, mag ontstaan, te verhoed.

Groot brande ontstaan alleen, wanneer die bergwind uit die noorde waai, en dit gebeur telkens, dat mense hulle veld, as hierdie wind waai, brand. Hierdie brande versprei dan na die berge, waar bosboubeampes soms dae lank moet spook om die vuur geblus te kry. Die waterstrome, wat die Langkloof-area voed, het byna uitsluitlik hul oorsprong aan die noordelike kant van die berge, en as mense nie oorreed kan word om af te sien van die ondoelmatige gewoonte om veld onintelligent te brand nie, sal die uiteindelijke gevolg wees, dat die waterstrome, wat die lewensaar van die valleibewoners is, heeltemal sal verdwyn, of baie verswak sal word. 12)

Oor die algemeen beweert die mense dat Langkloof sowat dertig jaar gelede baie meer water as vandag gehad het, en as hierdie bewering juis is, dan moet die opdroging van die waterbronne hoofsaaklik aan dergelyke wanpraktyke toegeskryf word.

12) Distriksbosboubeampte, Knysna.

AFDELING B.

DIE BEVOLKING VAN
LANGKLOOF.

Hoofstuk IV.DIE HISTORIESE-GEOGRAFIESE ONTWIKKELING VAN LANGKLOOF.1) Inleiding:

Hierdie hoofstuk vorm 'n baie belangrike onderdeel in die geografie van Langkloof, aangesien die bevolkingsverspreiding, sowel as die onderverdeling van grond, nooit verstaan en verklaar kan word, tensy daar nie met die historiese ontwikkeling van die streek rekening gehou word nie.

Nog 'n faktor van aansienlike belang, wat gedurig in gedagte gehou moet word, om bevolkingstoestande in Langkloof reg te kan begryp, is die geografiese isolement, waarin die streek in die verlede verkeer het. Hierdie faktor laat hom vandag nog geld, hoewel dit tot 'n groot mate deur moderne geriewe oorbrug word.

Volgens Graham Botha, word daar reeds vroeg in die Suid-Afrikaanse geskiedenis vaagweg na Langkloof verwys, daar dit reeds op Portugese-kaarte as "Terra das Trovoadas" (Land van die Donderstorms), en die Outenikwaberger as "Serra da Estrella" (die Stêr-berge), aangedui word, hoewel die eerste inwoners van hierdie streek waarskynlik die Boesmans was, aangesien daar vandag nog volop oorblyfsels, soos tekeninge, ens., van hul gevind word. 1)

Hierdie selfde streek het later by die Hollanders as "De Lange Kloof" bekend geword, en dié benaming is tot vandag toe, behalwe dat dit natuurlik verafrikaans is, behou.

2) Die vroegste Koloniste en hul Lewenswyse:

Volgens geskiedkundige verslae (Theal; Gie, en andere) moes die eerste blanke koloniste die Langkloof omstreeks die einde van die 17de, en begin van die 18de eeue bereik het.

Alhoewel die Groot-Brakrivier in 1745 as die oostelike grens van die Kolonie bepaal is, was daar, volgens Gie, reeds in 1744 koloniste sover as die Gamtoosrivier. In alle waarskynlikheid het hierdie pioniers nie deur die Langkloof nie, maar al langs die kus getrek, aangesien die Outenikwa-Tsitzekammaberger feitlik 'n onoor-

koombare reeks in die tyd gevorm het.

Enkele beskrywings van die ervarings van vroeë reisigers, soos Lichtenstein, of van spesiale ekspedisies, maak van die groot moeite, wat hulle te beurt geval het om hierdie bergreeks te oorkom, melding.

So vertel Theal van 'n ekspedisie onder Vaandrig, August, Frederic Beutler, wat in 1752, presies honderd jaar nadat Van Riebeeck by Kaap die Goeie Hoop geland het, na die Keirivier uitgestuur was, ten einde die gebied van die Kompanie af te pen. Beutler het die toe gebruiklike pad na Mosselbaai gevolg, en oor die Brakrivier gereis. Drie dae lank het hy nodig gehad om die berge, deur Attakwaskloof, naby die huidige Montagu-pas, te kruis. Na 'n uiters inspannende reis, het hulle op Doornrivier (Herold) aangeland, en die Langkloof ingetrek. Theal verhaal in hierdie verband soos volg:- "On the 7th April the expedition came to the foot of a formidable mountain, at the place now called Montagu-Pass. It took three days of excessive toil to get the waggons across the mountain, in some places a tackle being used to assist the oxen, in other places the waggongs needing to be steadied by ropes held by the soldiers." 2)

Sedert die vroegste tye dus, het die geografiese isolement, waarin Langkloof verkeer het, 'n stremmende uitwerking op die algemene ontwikkeling van die gebied gehad, want as dit nie vir hierdie hindernis was nie, sou die eerste blankes die streek reeds baie vroeër bereik het.

Toe Beutler hierdie reis na die ooste onderneem het, was daar al verskeie gesinne in Langkloof gevestig. So lees ons van die familie Strydom, wat reeds in 1686 daar was; die familie Oelofse van 1689 af; die familie Zondag van 1736 af, ens. Volgens Theal, egter, was die eerste Europeane, wat Langkloof toe reeds bereik het, slegs jagters, of lede van spesiale ekspedisies, dog, ons kan aanneem, dat kort hierna, die eerste koloniste hulle

2) Theal, G. ... History of South Africa ... P. 246.

vir goed in die gebied kom vestig het, waarskynlik omdat die rapporte van jagters, of reisigers, die streek as baie vrugbaar en aantreklik beskrywe het.

Die eerste blankes, wat die Langkloof-area binnegedring het, het reeds vroeg met die kaffers in aanraking gekom, want nadat Komdt. Rademeyer, die oorspronklike eienaar van die plaas, Misgund, in 1835 van 'n kafferoorlog na sy tuiste teruggekeer het, "he was appointed as Justice of the Peace and especially directed to attend to the welfare of the Fingoes in his area." 3)

Dit verklaar tot 'n mate, waarom die kleurlinge van Langkloof so donker gekleurd is, aangesien hulle, net soos die blankes, 'n baie geïsoleerde lewe moes lei, en gevolglik met die Fingoes ondervermeng het.

Wat die ekonomiese lewe van die eerste pioniers in Langkloof betref, skryf Barrow, wat sy reise in 1799 onderneem het, soos volg:- "Here we met with, at almost every farm, an excellent vineyard of the Muscatel and Persian grape, both at this time fully ripe; we observed also extensive plantations of tobacco, and a variety of fruit trees. The oranges were large and remarkably good. Notwithstanding the great plenty, and the good quality of the grapes, the inhabitants made little wine, and that little was execrably bad. The distance, indeed, from a market, and the badness of the roads, hold out little encouragement to the farmer, either for extending the quantity or improving the quality of the article. Raisins, being a more transportable commodity, are more the object of their attention than wine." 4)

Ook Lichtenstein, wat kort hierna, in 1803, 'n besoek aan Langkloof gebring het, skryf min of meer in dieselfde trant:- "The Long Kloof, notwithstanding its elevated situation, is well supplied

3) Van Selm, R. ... The Van Selm-Rademeyer Family ... P. 24

4) Barrow, J. ... Travels in Southern Africa ... P. 364

with water, and in many places the way is rendered fatiguing by the morassy nature of the ground. Through the whole length of it houses are to be met with in regular distances of about an hour from each other, which is a certain proof of fertility, although the people complain that they are situated too near to each other. Corn and fruit will grow exceedingly well here, but from circumstances already often mentioned, they are little cultivated. The 'wine' is very indifferent, but the dried fruits are excellent: The raisins are particularly celebrated; Horned cattle, butter, soap and hides are the products principally brought to market from hence." 5)

Daar was dus teen die einde van 1803 reeds 'n hele aantal plase in die Langkloof aangele; soveel, dat die inwoners toe reeds kla, dat hulle te dig op mekaar woon. Die mense het net soveel gesaai en geplant as wat hulle vir eie gebruik nodig gehad het, want die transport was duur en moeilik.

'n Kenmerkende eienskap van huidige bevolkingstoestande in Langkloof is die feit, dat bepaalde families op sekere plekke gekonsentreer is.

Lichtenstein, wat die Langkloof te Avontuur, wat toe reeds die naam gedra het, vanaf Plettenbergsbaai binnegekom, en vandaar ooswaarts getrek het, het dieselfde toestande aangetref, want die agtereenvolgende plase, en hul eienaars, wat hy beskryf, is in die meeste gevalle vandag nog die eiendom en woonplekke van dieselfde families. So blyk dit duidelik, dat in 1803, die jaar van sy reis, die plase, Misgund; Krakeel; Onzer, en Tweerivieren, reeds aangele was, en die families wat hy daar aangetref het, behalwe in die geval van Misgund, woon vandag nog daar.

Die meeste gesinne het in groot armoede verkeer, en feitlik van die hand tot die mond gelewe. In hierdie verband verhaal Lichtenstein van Krakeel, wat vanaf die vroegste jare een van die grootste en mees sentraal geleë gemeenskappe in

Langkloof gevorm het, soos volg:- "At noon we stopped at the house of a certain Strydom, where the shade of some old oaks made us forget the poverty which appeared in the house and its inhabitants. Our host and his brothers maintained their families by the chase." 6)

By die huidige Tweerivieren en Onzer (Joubertina), waar Lichtenstein ook sangedoen het, het hy die plase in 'n groot toestand van armoede aangetref, veral weens die verliese, wat die eienaars tydens kafferstrooptogte gely het. 7)

Geografiese toestande, sowel as ander omstandighede, wat met verloop van tyd gevolg het, is dus daarvoor verantwoordelik, dat die inwoners van Langkloof vanaf die vroegste jare deur 'n lewe van gehegtheid aan hul omgewing gekenmerk word --- die lewe wat in isolement deurgebring word.

3) Dorpsstigting en Ekonomiese uitbreiding:

Dorpsstigting het lank in Langkloof uitgebrei, veral weens die aard van die bevolkingsverspreiding van die vroegste tye af, en gevolglik was die streek in die verlede van George en Uniondale afhanklik, terwyl gereelde togte per ossewa na die "Baai" (Port Elizabeth) onderneem is.

Die mense het eenvoudig in familie-groepe, op verskeie plekke in die Kloof, saangewoon, en elke gemeenskap het 'n "dorpsplaas" van sy eie, wat tot 'n groot mate selfgenoegsaam was, gevorm, met die gevolg, dat daar geen behoefte aan 'n sentraal geleë dorp was nie.

Selfs vandag nog ondervind die dorpies van Langkloof, nie teenstaande die digte bevolking van die streek, 'n baie moeilike bestaan, en dit moet hoofsaaklik aan hierdie faktor toegeskryf word.

Hierdie dorpies het ook hulle ontstaan as kerkstigtinge gehad, aangesien daar eers 'n kerk en pastorie gebou is, en met die tyd het die mense hulle daaromheen kom vestig.

-
- 6) Lichtenstein, H. ... Travels in Southern Africa. ... P. 208
 7) Lichtenstein, H. ... Travels in Southern Africa. ... P. 215.

Teenswoordig staan sommige van hierdie "dorpsplase", bv. Krakeel onder die administrasie van 'n "plaasbestuur", of "plaaskommissie", waarvan die mag baie beperk is, daar die liggaam hoofsaaklik vir die instandhouding van die gemeenskaplike paaie verantwoordelik is.

Die eerste dorpie, wat in Langkloof gestig is, was Haarlem, wat sy groei hoofsaaklik aan die Duitse Sendingstasie aldaar te danke gehad het.

Die Lutherse Sending Gemeente is op die 30ste November, 1860 deur eerw. Prietsch, 'n sendeling van die Berlynse Sending Genootskap, op Haarlem, in die lewe geroep.

Die Sendingstasie se naam is eintlik Anhalt-Schmidt, want eerw. Prietsch is in Anhalt, Duitsland, gebore, en Schmidt was die persoon wat die geld geskenk het om die grond te koop. In Januarie, 1946, is die vyf-en-tagtigjarige Jubelfees van die Gemeente gevier. 8)

Haarlem, wat 1000 morgte grond omvat, staan onder die administrasie van 'n dorpsbestuur, bestaande uit twee kleurlinge en 'n blanke lid. 'n Gedeelte van hierdie grond is in erwe, waarvan elkeen 'n halwe morg groot is, opgesny. Tans is daar 176 blanke-, en 224 kleurling-erfhouders, wat ons die totaal van 400 erwe gee. 9)

Op die 30ste November, 1907 is die Gemeente Joubertina van Uniondale afgestig, en kerkdienste is beurtelings op Krakeel en Waboomsrivier (Joubertina) gehou. Daar is baie geredekawel oor waar die nuwe dorpie aangele sou word, dog, eindelik is besluit om dit langs die Waboomsrivier te stig, en so het die huidige Joubertina totstand gekom.

Met die stigting van die Gemeente is 400 morgte grond van die plaas, Onzer, sowel as een-negende deel van die rivier se watervoorraad aangekoop.

Die dorpie was aanvanklik Joubertville, na wyle ds. Joubert, genoem, maar weens besware van die Spoorweg-departement moes die naam tot Joubertina verdoop word.

8) Kohl, F. ... Sendeling, Kaapstad.

9) Beneke, S. ... Voorsitter van Dorpsbestuur, Haarlem.

Joubertina, wat dus as 'n kerkstigting ontstaan het, het eers in 1910 onder die administrasie van 'n dorpsbestuur, bestaande uit drie lede, en wat deur die Kerkraad in die lewe geroep is, gekom. Die inkomste van die dorpsbestuur bedra ongeveer £250 per jaar, terwyl die aantal inwoners ongeveer 400; die aantal huise 60, en die belasbare eiendom £39,800 is. Alhoewel die dorp op een-negende deel van die Waboomsrivier se watervoorraad geregtig is, word daar 'n te kort aan water in die droë maande, wat die uitbreiding van die dorp strem, ondervind. 10)

In 1910 is weer die Gemeente Herold van George afgestig. Herold, naby die Doornrivier, vorm tans die hoof dorpie van Bo-Langkloof, terwyl Dieprivier (Nolls Halt) ook in erwe uitgemeet is, maar daar is nog nie tot dorpsstigting oorgegaan nie. 11)

Avontuur vorm die terminus van die smalspoor na Port Elizabeth, sowel as die kruispunt van paaie in vier verskillende rigtings, en dit het hoofsaaklik sy groei hieraan te danke.

Opsommend kan ons dus sê, dat die mense vandag op afsonderlike plase; in dorpies, of saamgegroeper in kollektiewe boeregemeenskappe, waar intensiewe boerderymetodes toegepas word, woon.

Vyftig jaar gelde het die bevolking van Langkloof 'n sukkelende bestaan gevoer, terwyl die Kouga as die vooruitstrewende streek gereken was. Die mense kon nouliks 'n lewe uit hulle sitrusvrugte,; koring; hawer; boontjies; aartappels; uie, en pampoene, wat met groot moeite per ossewa na Port Elizabeth; Willowmore; Oudtshoorn; George en Knysna vervoer is, gemaak het. Sommige het selfs in "togryery" 'n permanente bron van inkomste gevind, aangesien die landbou maar skrale moontlikhede gebied het.

In hierdie tyd was sitrusboerdery nog baie belangrik in Langkloof en die Kouga, en plekke soos Krakeel; Tweerivieren;

-
- 10) Geldenhuys, P.B. ... Voorsitter van Dorpsbestuur, Joubertina.
 11) Truter, J.C. ... Herold.

Joubertina.



Lutherse Sending Kerk, Haarlem.



Avontuur.



Opkomst, en Braamrivier, was die verskillende sentrums van die bedryf. Die "vloedens" van 1916 en 1932, toe duisende bome weggespoel het, of beskadig is, sowel as siektes, soos rooiskaal en wortelvrot, het egter die nekslag aan die bedryf gegee, hoewel dit vandag nog die hoof bron van inkomste in die Kouga vorm.

In hierdie verband skryf Schwarz soos volg:- "The orange trees have grown to a size that cannot be beaten in the Colony; the crop from one tree running to 15,000, and that from the tangerine trees to 25,000; the place, however, is so inaccessible that the fruit cannot be taken to market, except in small quantities." 12)

In Langkloof word alleen nog hier en daar oorblyfsels van die eertydse lemoenboorde gesien, maar hulle word nie meer gewerk nie, en lemoene word alleen vir eie gebruik geproduseer.

Saam met die sitrus- het ook die skaap-; volstruis-, en graanboerdery 'n baie belangrike vertakking van die landbou in hierdie streek gevorm, maar vandag is dit geleidelik besig om op die agtergrond te tree, terwyl volstruisboerdery gladnie meer aangetref word nie. Hierdie bedrywe kon nie een bloei toon nie, weens die gebrekkige vervoer, en geïsoleerde ligging, waaraan die streek onderhewig was.

In 1907 is daar egter 'n smalspoor tussen Port Elizabeth en Avontuur gebou, wat die "togryery" uitgeskakel het, maar wat waarskynlik nog meer daartoe gelei het, dat die mense al minder van hul eie omgewing weggekome het. Nieteenstaande dit alles het die treindiens tog ekonomiese vooruitgang gebring, en veral die vrugteboerdery het nou sterk op die voorgrond getree.

Soos ons reeds aangetoon het, was sitrus die hoofsaak in die vrugteboerdery, terwyl daar ook appel-; peer-; perske-, en pruimbome, om in die eie behoeftes te voorsien, aangeplant is. Na die bou van die smalspoor het die Langkloof-vrugte ook hul verskyning op die mark begin maak, maar hierdie eerste pogings

12) Schwarz, E.H.L. ... Ann. Rept. Geol. Comm., 1904. --- P. 63.

was slegs proefnemings, want met die 1914 - 1918 Wereldoorlog het die area nog lemoene uitgevoer.

Die eerste moderne markkappels is eers in 1904 op Misgund ingevoer, aangesien hier nie so baie lemoenbome was nie, en die mense het gevolglik ook nie soveel waarde daaraan geheg nie. Die meeste mense het skepties teenoor die nuwe bedryf gestaan, en baie het selfs daarmee gespot. Misgund is vandag die sentrum van die appelbedryf, en dit moet gedeeltelik uit hierdie feit verklaar word. 13)

Geleidelik het die mense egter die moontlikhede van die vrugtebedryf ingesien, en na 1930 het die aanplanting van bome op groot skaal geskied.

Ongeveer in 1938 is ook die eerste bessieplantjies in hierdie streek aangeplant, en vandag vorm dit 'n belangrike onderdeel van die vrugtebedryf in Langkloof.

Gedurende die afgelope vyftig jaar het die boerdery in hierdie streek dus met rasse skrede vooruitgegaan, wat grotendeels aan die beter vervoergeriewe, en gevolglik die uitvoer van vrugte, toegeskryf moet word, terwyl die bevolkingsgetal van enige honderde tot enige duisende gestyg het.

As ons die voortuitgang in aanmerking neem, wat veral in die afgelope tiental jare plaasgevind het, sou dit heeltemal geregtig wees om te verwag, dat Langkloof binne die volgende vyftig jaar, of minder, die vernaamste streek vir die kweek van vrugte in die Unie sal wees, en dat dit gunstig met die toonaangewende vrugtestreke van die wereld sal vergelyk.

Voordat hierdie staat van welvaart egter bereik kan word, sal al die hulpbronne van die streek ontwikkel moet word. Dit sal op sy beurt weer manne van deursig vereis, wat moet besef, dat die enorme hoeveelheid beskikbare water, indien bewaar, waarskynlik voldoende sal wees vir die elektrifikasie van die hel. Kloof, of 'n gedeelte daarvan, waardeur elektrisiteit vir plaaswerk

13) Baldie, J. --- Verteenwoordiger op Sagtevrugte Raad, Misgund.

beskikbaar sou wees. Vervoergeriewe sal egter ook met die potensialiteite van die streek moet tred hou. 14)

Langkloof kan dus hoofsaaklik nog as 'n toekomsgebied beskou word.

Hoofstuk V.DIE BEVOLKINGSVERSPREIDING IN LANGKLOOF.1) Inleiding:

Soos ons probeer aantoon het, was Langkloof vanaf die vroegste tye besonders dig bevolk, aangesien daar in Lichtensteinse tyd reeds gekla is, dat die mense te na op mekaar woon! Selfs vandag nog is daar 'n groep persone, wat glo, dat Langkloof oorbevolk is, en hierdie verskynsel word as 'n ernstige ekonomiese swakheid beskou.

'n Mens kan ook wel die vraag stel, of hierdie streek in staat is, om sy bevolking te dra, en of dit vir 'n landbougebied nie reeds te dig bevolk is nie!

Die vrugtebedryf, met sy lae markte en hoë vervoerkoste, is in normale tye feitlik alleen voldoende betalend, wanneer dit intensief en op groot skaal toegepas kan word, en waar die mense in sulke digte groepe saam woon, is die deel grond, wat aan elkeen behoort, dikwels totaal onvoldoende vir 'n behoorlike bestaan. 'n Mens sien hierdie toestand baie duidelik, veral as daar op die metode van verdeling en herverdeling van grond op die verskillende "plase", soos Krakeel en Tweerivieren, gelet word, by inagneming dat elke plaas aan een persoon behoort het. Ja, sodanig was die verdeling, dat daar gevalle bekend is, waar drie rye vrugteboome, wat langs mekaar staan, aan drie verskillende persone behoort!

In hierdie verband is dit interessant om daarop te let, dat die Kougastreke, sedert die "vloed" van 1916, deur 'n "uittrek-beweging" gekenmerk word. Die ouere mense noem verskeie oorsake vir hierdie verskynsel, soos bv. droogtes; die arbeidskwessie; die opkoms van Langkloof as vrugtestreek, ens., maar almal is dit roerend eens, dat dit hoofsaaklik die katastrofale uitwerking van die "vloedens" van 1916 en 1932 was, wat die ondergang van die Kouga in die hand gewerk het. Daar het plus minus 50% van die

streek se beboude grond weggespoel, en weens die onderverdeling van grond, het die bewerkbare oppervlakte te klein geword om 'n bestaan te verseker, en daar moes elders 'n heenkome gesoek word.

Bo-Kouga, wat plus minus dertig jaar gelede vyf plaasskole gehad het, moet vandag sukkel om een aan die lewe te hou. Hierdie selfde verskynsel is ook in Onder-Kouga, waar in die afgelope aantal jare reeds verskeie skole gesluit moes word, waarneembaar. Al oorblyfsels van die eertydse digter bewoning, is die vervalde geboue, wat nog orals sigbaar is.

Maar, alhoewel Langkloof 'n betreklike groot bevolking dra, moet ons nie uit die oog verloor nie, dat daar aansienlike moontlikhede vir verder landboukundige ontginning bestaan. In hierdie opsig verkeer Langkloof nog in die kinder stadium van sy ontwikkeling, en dit moet die hoof faktor wees, wat optimiste beweeg om te sê, dat die streek drie keer soveel mense, as wat tans die geval is, in die toekoms kan onderhou.

2) Die Aard van die Bevolkingsverspreiding:

Langkloof; die Kouga, en De Vlucht, het 'n betreklike groot bevolking, soos duidelik uit die onderstaande tabel, wat volgens die volkstelling van 1946 opgestel is, blyk:-

Tabel 6.

Getalle van Blankes en Nie-Blankes. 1)

STREEK.	OPPERVLAKTE.	BLANKES.	NIE-BLANKES.	TOTAAL.
Langkloof	880 vk. myl.	4, 187	7,389	11,576.

Alhoewel 90% van hierdie mense 'n landboukundige bestaan maak, vind ons nie dat die gebied, soos ander landboustreke, in individuele, aanmekeargrensende plase, wat aan individuele grondbesitters behoort, verdeel is nie.

Die bevolking is inteendeel in 'n aantal kleiner of groter ge-

1) Oppervlakte van streek bereken volgens plaasgroottes.

meenskappe gekonsentreer, sodat elke gemeenskap, wat in werklikheid 'n groot gemeenskaplike plaas is, op 'n plattelandse dorpie gelyk, en vandaar die term, "dorpsplaas", wat ons reeds meermale gebruik het.

Die vrugteboorde, of graanlande, wat aan die inwoners van so 'n gemeenskap behoort, lê dan in die "plaas" self, of vir die grootste gedeelte in die onmiddellike omgewing daarvan.

So is daar, behalwe die dorpe, Joubertina; Haarlem, en Herold, met 'n sieletal van 451; 785, en 250 onderskeidelik, die "plase", Tweerivieren; Krakeel; Lauterwater; Misgund; Avontuur; Dieprivier; Ezeljacht; Opkomst, ens., elkeen waarvan 'n duidelike aparte gekonsentreerde gemeenskaps vorm, soos op die meegaande bevolkingskaart mooi gesien kan word.

Hierdie verskillende gemeenskappe, of groot "plase", is min of meer reëlmatig deur die hele Kloof verspreid.

Die grond of gebied tussen elk van die gemeenskappe is, alhoewel grotendeels landboukundig ontgin, feitlik totaal onbewoond. Die bevolkingsverspreiding in Langkloof en die Kouga neem dus 'n kolsgewyse patroon aan, wat ons alleen geografies en sosio-logies kan verklaar.

Wat die verspreiding van die blankebevolking in Langkloof betref, moet daar op die onderstaande tabel gelet word.

Tabel 7.

Verspreiding van die Blankebevolking in Langkloof. 2)

STREEK.	OPPERVLAKTE.	GETAL.	% VAN TOTAAL.
Bo-Langkloof	170 vk. myl.	760.	19%
Middel-Langkloof	200 vk. myl.	1.203	29%
Onder-Langkloof	110 vk. myl	1.514	36%
Kouga	310 vk. myl	480	11%
De Vlucht	90 vk. myl	230	5%

2) Opgestel volgens die volkstelling van 1946.

Misgund.



Eikedal, Joubertina.



Lauterwater.



Hieruit blyk dit duidelik, dat die grootste persentasie mense in Middel- en Onder-Langkloof gekonsentreer is, terwyl Bo-Langkloof ook 'n redelike groot bevolking het.

De Vlucht en die Kougastreke is dunner bevolk, dog, in Onder-Kouga kry ons ook 'n taamlke groot konsentrasie van mense op plekke, soos Braamrivier; Brandhoek, en Opkomst.

Wat die kleurlingbevolking betref, kry ons dieselfde patroon van bevolkingsverspreiding as by die blankes, behalwe dat hulle in lokasies, of in groepe, dig by die blanke-gemeenskappe woon. So is die kleurlinge van Joubertina en Krakeel feitlik almal in die lokasies aldaar saamgetrek.

Ons kan hierdie tipe van verspreiding heeltemal verstaan, veral as ons in aanmerking neem, dat die kleurlinge van die blankes vir hulle broodwinning afhanklik is.

Tabel 8.

Verspreiding van die Kleurlingbevolking in Langkloof. 3)

STREEK.	OPPERVLAKTE.	GETAL.	% VAN TOTAAL.
Bo-Langkloof	170 vk. myl	1.730	24%
Middel-Langkloof	200 vk. myl	3.412	46%
Onder-Langkloof	110 vk. myl	1.787	24%
Kouga	310 vk. myl	250	3%
De Vlucht	90 vk. myl	210	2%

Soos uit die voorafgaande tabel duidelik blyk, is die grootste persentasie kleurlinge, waaronder ook die naturelle gereken word, in Middel-Langkloof gekonsentreer, terwyl Bo- en Onder-Langkloof ook 'n redelike groot kleurlingbevolking het. Die Kougastreke huisves 'n baie klein persentasie kleurlinge, terwyl daar in die omgewing van De Vlucht, of ook Edmonton genoem, 'n hele aantal gesinne woonagtig is.

3) Faktore wat die Bevolkingsverspreiding bepaal.

Soos ons reeds aangetoon het, woon die bevolking van

3) Opgestel volgens die volkstelling van 1946.

Lokasie, Joubertina.



Kleurlinghuisies, Tweerivieren.



Lokasie, Krakeel.



Langkloof op afsonderlike plase; in dorpies, of saamgegroepeer in kollektiewe boeregemeenskappe, wat ons met die term, "dorpsplase", aangedui het.

Daar is verskeie faktore, wat meegewerk het om hierdie eienaardige patroon van bevolkingsverspreiding vas tel lê, en hulle is almal van 'n geografiese of sosiologiese aard.

Wat die geografiese faktore betref, het besproeiingsmoontlikhede seker die meeste daartoe bygedra om die huidige patroon van bevolkingsverspreiding in Langkloof vas te stel. In hierdie streek is alle dele nie gerieflik landboukundig bewerkbaar of geskik vir nuwe aanleg nie.

Op die plekke, waar 'n rivier of spruit in die suidelike bergreeks ontspring; die vallei van suid na noord deurkruis, om in die Kougastreek sy verloop voort te sit, is die Kloof enigszins wyer as gewoonlik, en daar sulke plekke dan ook gedeeltelik besproeibaar is, leen dié dele hulle natuurlikerwys tot gerieflike ontginning of nuwe aanleg.

Op die oewers, of in die onmiddellike nabyheid van die riviere, wat deur die vallei kruis, het die eerste bewoners hulle plase aangelê, en dit is dan ook hier, waar die huidige groot gemeenskappe ontwikkel het.

Die oostelike helfte van Langkloof het dan ook meer riviértjies en stroompies as die westelike helfte, en gevolglik 'n groter watervoorraad. Dit verklaar, waarom die meeste mense en vrugteboorde in die oostelike gedeelte van die Kloof gekonsentreer is. Hierdie faktor sal in die toekoms nog sterker op die voorgrond tree, aangesien water, namate die streek landboukundig ontwikkel, in belangrikheid gaan toeneem.

'n Tweede belangrike geografiese faktor, wat wel deeglik 'n rol gespeel het, is die invloed wat die bou van die streek op die bevolkingsverspreiding uitgeoefen het.

Langkloof besit geen rivierstelsel van sy eie nie, en gevolglik is dit geen "vallei" in die ware sin van die woord nie. Ons kry

dus nie 'n egalige bevolkingsverspreiding deur die hele Kloof nie, aangesien die mense in kolle, al langs die rivierlope, wat van suid na noord vloei, saamgetrek is.

Hierdie selfde verskynsel is ook in die Kouga en De Vlucht waarneembaar, waar die mense in beskutte valleie, al langs die waterstroompies, woonagtig is.

Weens die reliëf van die streek, is die hele bevolking dus in die bodem van die Kloof, op 'n kolsgewyse manier, gekonsentreer.

Ook die geologiese formasies, en die daarmee gepaardgaande grondsoorte, het sy invloed op die verspreiding van die bevolking gehad.

Die Bokkeveldformasies veroorsaak, dat die meeste valleie bewoonbaar is, aangesien dit soet en vrugbare gronde oplewer, terwyl die Tafelbergsandsteen gewoonlik so arm is, dat gewasse nie daarop sal groei, tensy bemesting toegepas word nie.

Langs die rivierlope kry ons ook die vrugbare vleisandgronde, wat 'n digte bewoning moontlik maak, met die gevolg dat die meeste mense hier woonagtig is.

Wat die verspreiding van die bevolking betref, het die verkeer en klimaat, op 'n direkte en indirekte wyse, ook hulle invloed laat geld.

So het die oostelike helfte van Langkloof, wat reeds sedert 1907 oor 'n smalspoor beskik, 'n groter bevolking as die westelike helfte, waar daar eers in 1928 'n busdiens ingestel is, om die vervoer van hierdie streek te behartig.

Weens die hoër ligging van Middel-Langkloof, en die gevolglik kouer winters en koeler somers, is dié deel uitermate geskik vir die kweek van appels, wat vandag die uitstaande bedryf in hierdie area vorm. Indirek werk dit miskien mee, dat die meeste mense hier woonagtig is.

Daar is ook verskeie sosiologiese faktore, wat meegewerk het om die bevolkingsverspreiding in Langkloof te bepaal, waarvan die belangrikste seker die vasklewing aan erfgrond was. Die feit, dat die nageslagte en toenemende bevolking op die

plase van hulle voorouers bly woon het, ten spyte van 'n steeds moeiliker-wordende stryd om te bestaan, moet ons gedeeltelik ook aan die neiging, wat 'n mens so dikwels by die landelike Afrikaner aantref, om vas te kleef aan die plaaslewe en erfgrond, toeskryf.

Hierdie verskynsel lei tot die herhaalde verdeling en gesamentlike besit van die plaas, wat oorspronklik die eiendom van een- of enkeles, was. Voorbeelde hiervan het ons veral op Tweerivieren en Krakeel, waar die grond op 'n mees nadelige manier letterlik opgesnipper word, as gevolg van die verdeling en herverdeling van erfgronde.

Op die gemelde "plase" tref 'n mens vandag persele grond van byna enige moontlike vorm aan, en so ingewikkeld het die proses van verdeling voortgegaan, dat baie van die huidige inwoners geen transport van hul grond kan toon nie. Weens hierdie vasklewing aan die erfgrond, en die gevolglike herverdelings wat moes plaasvind, is die bevolking van Langkloof in kollektiewe boeregemeenskappe of "dorpsplase" saamgetrek.

Dan is daar ook sekere inherente persoonlikheidstrekke, wat by sommige inwoners van Langkloof besonder sterk ontwikkel is. So word die kinders deur die ouers aangemoedig om hulle op die plaas te kom vestig, aangesien hulle 'n sterk vrees vir die buitewereld koester.

Die mense ly oor die algemeen aan 'n sterk gees van "plaassisme", met die gevolg, dat daar 'n groot gebrek aan sosiale omgang is. Ek het bejaarde mense teengekom, wat nog nooit uit die Kouga was nie, sowel as volwassenes, wat op Tweerivieren woonagtig is, en wat nog nie op Krakeel gewees het nie, of omgekeerd.

Daar is 'n gebrek aan kontakpunte, omdat die gemeenskappe in 'n sekere sin selfversorgend is, veral wat handelsgeriewe; opvoedingsfasiliteite; sosiale aangeleenthede, ens., betref.

Weens die aansienlike grootte van die verskillende gemeenskappe, het elk van die "plase" hulle eie primere-skool; spoorweghalte;

winkels, en posagentskappe, terwyl die twee banke van Uniondale Langkloof 'n weeklikse bediening gee. Hierdie faktore van eie skole; posagentskappe, ens., het moontlik baie bygedra tot die individualiteit, wat elke gemeenskap ontwikkel het, aangesien dit onderlinge inmenging in baie opsigte onnodig gemaak het. Die vermeerdering in bevolking; die toename in vervoerfasiliteite, veral die motor, het in die laaste aantal jare die toestand van isolement, altans vir die meer gegede inwoners, baie verander, dog, veral onder die minder gegedes, is daar vandag nog vele, wat hulle lewe in hul geboortegebied deurbring. Hierdie sosiale isolement is vir 'n groot gedeelte die gevolg van die geografiese isolement, waarin die streek verkeer.

Uit die voorafgaande bespreking kan 'n mens verstaan, waarom familie-huwelike dikwels in hierdie streek voorkom. Die plaasbewoners kom nie veel met vreemdelinge in aanraking nie, met die gevolg, dat verwantes tot mekaar aangetrokke voel, en daar vind ondertrouery plaas.

Soms kan die neiging om die erfgrond binne die familie te hou, ook tot ondertrou aanleiding gee, en ons tref dit onder die gegedes, sowel as die agterlikes aan.

Hierdie verskynsel werk mee, om die bevolking in groepe byeen te hou, hoewel dit in die laaste tyd besig is om af te neem, aangesien die geografiese en sosiale isolement van Langkloof nie meer volkome soos voorheen is nie.

Hoofstuk VI.SOSIALE EN MAATSKAPLIKE TOESTANDE IN LANGKLOOF.1) Inleiding:

Die maatskaplike en sosiale toestande, wat daar op 'n bepaalde moment in 'n streek aangetref word, is die gesamentlike resultaat van die natuurlike gesteldheid van die gebied; die aard; verspreiding, en geskiedenis van sy bewoners, sowel as die bedrywighede, waarmee die mense hulle besighou.

Dit gee in baie opsigte die beste totale indruk van die onderlinge verhouding tussen 'n landstreek en sy bewoners, maar aan die anderkant beïnvloed dit die ekonomiese lewe van 'n streek weer tot so 'n mate, dat 'n bespreking daarvan op hierdie stadium saker nie onvanpas sal wees nie.

Ons het hier natuurlik ook nie ten doel om 'n volledige sosiologiese beskrywing van Langkloof te gee nie; ons kan maar alleen die uitstaande kenmerke, van die sosiale omstandighede in dié streek, weergee.

Die belangrikste kenmerk van die samelewing in Langkloof is die feit van isolement, dog, ons moet nie uit die oog verloor nie, dat dit hier wel die isolement van 'n betreklike groot groep mense is, en nie die isolement, waarin enkele huisgesinne in die dunbevolkte dele van ons land verkeer nie.

In hierdie verband is dit interessant om daarop te let, dat die eerste, en vir baie jare die enigste, pos- en telegraafkantoor op Krakeel geopen was. Hoewel Joubertina reeds in 1907 aangelê is, was daar vir 'n geruime aantal jare geen pos- of telegraafkantoor vir die dorp nie. Die Krakeel-poskantoor was die enigste, en alhoewel 'n posagentskap later op die dorp geopen is, was dit telefonies slegs met Krakeel verbind.

Eers omstreeks 1916 is 'n telefoondiens, in die vorm van enkele publieke telefone, deur die hele Kloof aangebring.¹⁾

1) Die Posmeester, Joubertina.

Vandag sien die toestand daar glad anders uit, soos duidelik uit die onderstaande tabel blyk:-

Tabel 9.

Die Aantal Poskantore en Telefoons in Langkloof. 2)

STREEK.	POSKANT.	POSAGENT.	PUB. TEL.	PR. TEL.
Bo-Langkloof	1	7	9	14
Middel-Langkloof	2	6	9	23
Onder-Langkloof	2	1	4	23
Kouga	-	4	4	-
De Vlugt	-	1	1	-

Vir baie jare was daar dus ook geen telefoonverbinding met die buitewereld aangebring nie.

Die gevolge, wat die isolering van 'n groep op die maatskaplike en ekonomiese lewe van die persone het, is natuurlik in baie opsigte verskillend van wat dit sal wees in die geval van geïsoleerde enkele gesinne.

Ons let vervolgens eerstens op die ekonomiese aspek van die maatskaplike en sosiale toestande in Langkloof.

2) Die Ekonomiese Aspek:

Op ekonomiese gebied staan Langkloof vandag nie so swak nie, aangesien daar 'n aansienlike deel van die bevolking is, wat 'n fatsoenlike en selfs goed bo die gemiddelde standaard van lewe voer.

Alhoewel die gebied dikwels die indruk van waterrykheid en vrugbaarheid op vreemdelinge maak, is die toestand nie altyd so gunstig as wat dit skyn te wees nie. Droogtes, of jare van ongenoegsame reën, kom dikwels voor, en die grond van die streek is glad nie so besonders vrugbaar nie. Landbou sonder bemesting is in hierdie streek nie voordelig nie, terwyl hoë spoorwegtariewe baie daartoe bydra om die produksiekoste te verhoog. Weens die feit, dat die Kloof van die hoof-spoorlyn afgeskeie is,

kan landboukundige materiaal, soos bv. kunsmis, die streek alleen oor Port Elizabeth bereik, en dit beteken 'n hoër ryloon; dieselfde geld vir produkte, wat uit Langkloof gestuur word.

Die geografiese isolement, en gevolglike afskeiding van die hoofweë, beteken derhalwe ook die afskeiding van markte en afsetgebiede, sowel as vertraging van produktevervoer.

Tydens die afgelope oorlog, egter, het landbouprodukte, veral vrugte, goeie pryse gehad, en mense wat 'n aantal jare gelede as "arm" bestempel kon word, is vandag goed op die been, en kan as "welvarend" gereken word.

Volgens hulle inkomstes kan die gemeenskap van Langkloof hoofsaaklik in vier groot groepe verdeel word:-

Eerstens, is daar die dorpsbewoners, wat hulle inkomstes uit een of ander werk wat hulle verrig; besigheidsondernemings, of een of ander vorm van onderstand, of hulp van staatsweë, verkry.

Tweedens, kry ons families, wat op plase woon, waar die hoof, vrou, en kinders, wat reeds die skool verlaat het, hulself almal uitsluitlik met boerderyaangeleenthede besighou, en daarvan vir hulle bestaan afhanklik is. Hierdie mense vorm die grondbesittende klas van Langkloof, en kan as die welvarendste gereken word.

Derdens, kry ons die families, wat ook op plase woon, dog geen grond van hulle eie besit nie. Hierdie mense werk die grond om 'n deel vir ander, of tree as plaasvoormanne op.

Vierdens, kry ons die kleurling-gemeenskap, wat ook geen grond van hul eie besit nie, en van die blankes vir 'n bestaan afhanklik is.

Die landbou vorm feitlik die enigste en grootste werksbron in hierdie streek, aangesien daar slegs sowat 39 winkels, wat plus minus 50 mense 'n heenkome bied, in Langkloof is.

Die graan- en vrugteboerdery vorm dus die vernaamste werksbron, want daar is baie arbeid aan hierdie bedrywe verbonde.

Sommige grondeienaars maak van blanke bywoners, waarvan die getalle van 1 - 3 gesinne varieer, gebruik, terwyl feitlik elke

Appelboer se Woning.



Bywonershuis.



Oudste huis op Misgund.



boer die dienste van 'n plaasvoorman het.

Dit is egter veral aan die kleurlinge, dat hierdie vertakkings van die Landbou 'n heenkome bied, aangesien van 5 - 15 arbeiders, plus hul gesinne, op 'n vrugteplaas in diens geneem word, terwyl ander as huisbediendes werk vind.

Sommige kleurlinge lê hulle in hul spaartyd ook op die teebedryf toe, terwyl ander dit voltyds doen, daar dit 'n vername bron van inkomste vir hulle vorm.

Die persentasie mense, wat op 'n vrugteplaas werk, varieer volgens die bepaalde tyd van die jaar.

Tydens die oes-seisoen word daar heelwat blanke meisies, as vrugtepakkers, in diens geneem, en hulle getalle wissel van 4 - 10 per werkgewer. As dit moontlik is, word hierdie meisies plaaslik gewerf, dog, daar baie van hulle ook lemoenpakkers is, kom die meeste uit die Kouga; Addo; Patentie; die Gamtoos- en Sondagsrivier-valleie, ens.

Hulle doen feitlik gedurende die hele jaar verpakkingswerk, daar die appelseisoen baie mooi by die lemoenseisoen aansluit. Nadat die appelseisoen ten einde geloop het, is daar 'n onderbreking van 2 - 3 maande, voordat die lemoenseisoen weer aanbreek, gedurende watter tydperk die meisies vakansie kan hou, aangesien dit 'n baie vermoeiende tipe van werk is, daar alles staande gedoen moet word.

Sommige boere maak ook van kleurlingpakkers gebruik, daar die arbeid goedkoper is, maar die werk is nie van dieselfde gehalte as die wat deur blanke meisies gelewer word nie. Die kleurlingarbeid is verder baie ongereeld, met die gevolg, dat daar liever van blankes se dienste vir hierdie doel gebruik gemaak word.

Tans beskik die inwoners van Langkloof nog oor volop en goedkoop kleurlingarbeid, maar of dit in die toekoms ook die geval gaan wees, is gladnie so seker nie. Die landbou beweeg egter reeds sterk in die rigting van meganisasie, en dit skakel baie hande-
arbeid uit. 'n mens kan stellig verwag, dat die Kloof in die toekoms steeds meer in hierdie rigting gaan ontwikkel, aangesien sommige vrugte-

kwekers reeds die stadium bereik het, waar ondernemings op groot skaal aangepak moet word, hoewel handarbeid nooit ten volle uitgeskakel sal kan word nie.

3) Onderwys:

Soos algemeen die geval met die destydse pioniers in die binneland was, het die eerste koloniste saam met hulle die sterk gevoel vir maatskaplike orde; sedelike tug; die familie-hand, en die Bybel, gedra. Derhalwe was kerke en skole die eerste instellings, waarvoor die mense gevra het, en omdat die Regering oor die toekoms van die pioniers in die binneland besorg was, is meesal aan hierdie versoeke voldoen.

Die vroegste offisiële onderwys, wat hierdie streek geniet het, het deur middel van die rondgaande onderwyser, Barend van Beek, wat in 1812 na Langkloof gekom het, geskied.

Die eerste plaasskole het veral op die eiendom van groot-grondeienaars ontstaan. Hierdie mense het, terwille van hulle eie kinders se opvoeding, kleinboere aangemoedig, deur veld aan hulle te verhuur, om hulle op hul grond te kom vestig. So wou hulle langs hierdie weg genoeg kinders op een plek versamel om 'n skool in die lewe te roep. Hieruit het die gevestigde huurderstipe ontstaan, en aangesien Langkloof hoofsaaklik 'n saai- en vrugtestreek is, het die bywonerstelsel 'n stoot vorentoe gekry. 3)

Reeds voordat Uniondale in 1860 van die Gemeente George afgestig is, was daar 'n buitekerkgebou op Krakeel opgerig, wat ook as skool gedien het, waarheen selfs die kinders van Misgund en Tweerivieren gekom het.

Die tweede skool is ongeveer teen die middel van die 19de eeu op Tweerivieren geopen, terwyl daar op die plaas, Onzer, ook 'n skool gestig was, wat in 1912 deur 'n groter een vervang is. Eers in 1918 het hierdie skool sekondêre-status gekry, en sedert 1925 het dit die Hoërskool van Joubertina geword. 4)

-
- 3) Longland, D. ... Onderwyser, Tweerivieren.
 4) Badenhorst, J. ... Skoolhoof, Joubertina.

Onderwysaangeleenthede het blykbaar nie baie vinnig in Langkloof gevorder nie, daar statistieke aantoon, dat in 1891 slegs 25.35% van die blanke kinders tussen 5 en 15 jaar, in die distrik Uniondale, skole besoek het.

Geleidelik het daar egter vooruitgang gekom, en meer skole is in die lewe geroep. Vandag is Langkloof goed van onderwysinrigtings voorsien, en in hierdie verband moet die onderstaande tabel geraadpleeg word.

Tabel 10.

Blanke-Onderwysinrigtings in Langkloof. 5)

STREEK.	SKOLE.	KINDERS.	ONDERWYSERS.
Bo-Langkloof	4	141	7
Middel-Langkloof	8	213	12
Onder-Langkloof	4	407	20
Kouga	4	62	5
De Vlucht	2	45	3


As ons na die kaart kyk, wat die verspreiding van onderwysinrigtings aantoon, dan sal ons sien dat die skole egalig deur die hele Kloof verspreid is, hoewel die grootste aantal in Middel- en Onder-Langkloof, weens die groter bevolking aldaar, aangetref word.

Hierdie skole staan almal onder die administrasie van die Departement van Onderwys, en alhoewel die onderwysers met aansienlike probleme, waaroor ons nie hier kan uitwei nie, te kampe het, is onderwystoestande vandag in Langkloof bevredigend.

Soos uit Tabel 11 ook duidelik blyk, is Langkloof goed van kleurlingskole voorsien, en net soos in die geval van die blankeskole, is hulle egalig deur die hele Kloof verspreid, terwyl die Kouga en De Vlucht geen onderwysinrigtings vir kleurlinge het nie. Sommige van hierdie skole word van staatsweë ondersteun,

5) Persoonlike Opname,

VERSPREIDING VAN OPVOEDKUNDIGE INRICHTINGS IN LANGKLOOF.



hoewel die meeste as kerkskole geklassifiseer kan word.

Onderwystoestande is oor die algemeen bevredigend onder die kleurlinge, en hier kan alleen met lof en waardering van die Kerk se opvoedingswerk melding gemaak word.

Tabel 11.

Kleurling-Onderwysinrigtings in Langkloof. 6)

STREEK.	SKOLE.	KINDERS.	ONDERWYSERS.
Bo-Langkloof	6	259	8
Middel-Langkloof	6	611	16
Onder-Langkloof	3	407	10
Kouga	-	-	-
De Vlugt.	-	-	-

4) Godsdiens.

Die inwoners van hierdie streek was reeds vroeg deur die N.G. Kerk bearbei, want in 1811 is die Gemeente van George, met "de Lange Kloof" as een van die wyke, gestig. So is daar 'n buitekerkgebou op Krakeel, wat die grootste en mees sentraal geleë gemeenskap was, en waar daar gereeld dienste gehou is, opgerig.

Weens die stygende bevolkingsgetalle, is die Gemeente Uniondale in 1860 van George afgestig. Met hierdie afstigting het Bo-Langkloof onder die Gemeente George gebly, terwyl Middel- en Onder-Langkloof weer onder Uniondale geval het.

Met die tyd het ook die ledetal van hierdie laasgenoemde gemeente te groot geword, en so is daar op die 30ste November 1907, oorgegaan tot die stigting van die Gemeente Joubertina, wat die gebied tussen Kromrivierhoogte en Misgund omvat, terwyl die gedeelte tussen Wolwekraal en Misgund nog onder die Uniondale Gemeente gebly het.

Maar ook die bevolking van Bo-Langkloof het geleidelik aangegroei, en so moes in 1910 die Gemeente Herold, wat hierdie area

6) Persoonlike Opname.

omvat, van George afgestig word. 7)

In Langkloof bestaan daar ook 'n Methodiste Kerk, waaraan veral die Engelssprekendes behoort.

Feitlik al die blankes behoort dus aan die N.G. Kerk, behalwe nog 'n groepie Wederdopers en Sewende Dag Adventiste, wat op Nieuweplaas en Grootplaas aangetref word.

Die Kleurlingbevolking van Langkloof word vandag deur verskeie Sendingkerke bearbei.

Die N.G. Kerk het in 1939 sy eie Sending-Gemeente op Joubertina in die lewe geroep, terwyl Bo-Langkloof ook 'n dergelike gemeente, met Heimansrivier as basis, het.

Verder kry ons nog die Lutherse Sendingkerk, wat in 1860 deur die Berlynse Genootskap op Haarlem in die lewe geroep is.

'n Aansienlike aantal kleurlinge behoort ook aan die Congregational Kerk (Independente Kerk, wat sy hoofkwartier op Uniondale het.

Hierdie Kerk, wat 'n produk van die Londonse Sending Genootskap is, het in 1842 sy eerste gemeente in Langkloof, met Avontuur as sentrum, gestig.

Ook die Methodiste Kerk stuur gereeld hul leraars uit om die kleurlinge te bearbei, maar hulle het nie 'n groot sanhang nie. 8)

As ons die godsdienst toestande in Langkloof verder wil ontleed, dan moet daar op Tabel 12 gelet word.

Tabel 12.

Godsdienst toestande in Langkloof. 9)

NAAM VAN KERK.	LEDETAL.	SONDAGSKOLE.	KINDERS.
N.G. Kerk	3,434	37	1,288
Sewende Dag Adv. Kerk	74	1	30
Methodiste Kerk	130	-	-
N.G. Sendingkerk	540	6	260
Lutherse Sendingkerk	430	2	140
Congregational Kerk	900	10	766

7) Die Jaarboek van die N.G. Kerk.

8) Inf. verskaf deur die Leraars van die verskillende Kerke.

9) Inf. verskaf deur die Leraars van die verskillende Kerke.
(Kinders nie inbegrepe onder ledetal van Kerke nie.)

Uit voorafgaande tabel blyk dit duidelik, dat^{wat} die blankes betref, die N.G. Kerk die grootste aanhang het.

Die kleurlinge behoort hoofsaaklik aan die Congregational Kerk, hoewel die Lutherse Sendingkerk ook 'n groot ledetal het.

Die blankes is oor die algemeen baie kerkliwend, terwyl die gemeentelike samewerking uniek en wonderlik is.

Die geestelike toestand van die kleurling-bevolking lyk egter nie so belowend nie, aangesien hulle leefwyse uiters primitief en treurig is. Weens hierdie mense se voorliefde vir sterk drank, het die Kerk met uiters moeilike opheffingswerk te doen. Nieteenstaande die feit, dat Langkloof geen kantiene het nie, kry die kleurlinge gereeld hulle drank vanaf Uniondale en Oudtshoorn, terwyl ander weer "karrie" vervaardig, wat net so dodelik in sy uitwerking is. Dit is dan ook geen wonder, dat statistieke 'n styging in misdade in Langkloof aantoon nie.

Die onderstaande tabel, opgestel volgens informasie, wat die Suid-Afrikaanse Polisie, te Joubertina, aan my verskaf het, gee die aantal kriminele sake, wat voor die Periodieke Hof verhoor is.

Tabel 13.

Aantal kriminele sake vir die Polisie-area van Joubertina. 10)

JAAR.	KLEURLINGE EN NATURELLE.	BLANKES.	TOTAAL.
1936	69	1	70
1937	77	7	84
1938	54	9	63
1939	106	9	115
1940	113	11	124
1941	128	15	143
1942	121	7	128
1943	114	7	121
1944	142	3	145
1945	166	12	178
1946	218	12	230

10) Kleurlingverhore hoofsaaklik betrekking op drankmisbruik en diefstal.

Voorafgaande syfers toon dus 'n geleidelike toename in misdaad, en dit geld veral vir die nie-blankes.

5) Welsynsorganisasies:

Langkloof het feitlik geen welsynsorganisasies nie, behalwe twee privaat kraam-verpleeginrigtings op Joubertina, wat baie goeie dienste lewer.

Verder bestaan daar 'n Kinderwelvaart-vereniging, met klinieke te Lauterwater en Krakeel, waarvan geeneen tans verpleegsters het nie.

Oor die algemeen is die gesinswelsyn onder die blankes baie goed. In hierdie verband doen die N.G. Kerk armsorgwerk, onder 'n Armsorg-Komitee, wat deur die Kerkraad gekies word, terwyl blanke ouers, wat nie vir hulle kinders se losies kan betaal nie, hulle na die Goeie Hoop Losieshuis, te Joubertina, stuur, waar hulle gratis loseer. 11)

Wat die kleurlinge betref, bestaan daar geen welsynsorganisasies nie, hoewel daar op Joubertina 'n kliniek is, waar hulle behandeling ontvang. Daar is ook 'n kleurling-verpleegster, wat onder die N.G. Kerk Kliniek-Komitee maatskaplike werk doen. Die gesinswelsyn onder hierdie seksie van die bevolking is eenvoudig hopeloos. Hulle woon oor die algemeen in krotte, van takke en pale gemaak, terwyl sommige in onbevredigende steen- en kliphuise 'n tuiste vind. Die gevolg is dan ook, dat die gesondheidstoestande van die kleurlinge merendeels baie swak is. 12)

Hier kan ook net van die Rooikruis-personeel, wat die kleurlinge vanuit Coldstream bearbei, melding gemaak word, aangesien daar baie waardevolle opheffingswerk deur hulle gedoen word.

Verder bestaan daar 'n bloeiende Kultuurvereniging, sowel as verskeie C.S.V.-takke, terwyl debatsverenigings orals aangetref word.

Langkloof beskik ook oor 'n Vroue-Landbouvereniging, met 'n ledetal van 45, wat in 1932 in die lewe geroep is, en wat uit die takke, Lauterwater; Krakeel, en Joubertina, bestaan.

6) Gesondheidstoestande:

In die verlede het die gesondheidstoestande van blankes,

11) Cilliers, P.L. ... Plaaslike Leraar, tans Riversdal.

12) Jacobs, J.J.P. ... Plaaslike Sendeling, tans Riebeek-Wes.

sowel as nie-blankes, in hierdie streek veel te wense oorgelaat, hoewel daar in die laaste aantal jare groot verbetering, veral ten opsigte van die blankes se fisieke toestand, ingetree het. Nieteenstaande die feit, dat Langkloof 'n vrugtestreek is, kom daar baie gevalle van gebreksiektes en ondervoeding voor, en dit moet hoofsaaklik uit die te kort aan die nodige minerale soue in die grond verklaar word.

So staan die inwoners van hierdie area vir hulle slegte tande, weens die gebrek aan kalk en fosfate in die grond en water, bekend.

In dié verband wil ons interessante gegewens, met betrekking tot die fisieke toestand van die Langkloof-kind, gee. Al hierdie gegewens is op die werk van dr. W.A. Murray, wat hy in verband met die Aramblanke-vraagstuk gedoen het, gebasseer, en aangesien hy in sekere opsigte baie ongunstige gezondheidstoestande in die streek aangetref het, is dit tog van belang dat ons daarvan sal weet. So sê dr. Murray van Langkloof, dat ten spyte van oorvloedige voorrade vrugte en groentes, daar aan hom geen deel in Suid-Afrika bekend is, waar sekere gebreksiektes, soos slegte tande (beenvreter) en eenvoudige kropgeswel (goitre) so menigvuldig en so sterk heers, as in hierdie en naburige valleie nie. Uit 'n tabel, wat statistieke vir die beste en slegste toestande in verband met tande, vir ondersoekte skole, gee, haal ons die volgende gegewens aan:-

Tabel 14.

Slegte tande by Kinders.

SKOOL.	Aantal ondersoekte kinders.	Gemid. aantal bederfde tande	PERSENTASIE.	
			Meer as 4 slegte tande.	Geen slegte tande.
<u>8 jr. oud kinders.</u>				
Krakeel	12	11.4	100	0
Joubertina	8	10.3	100	0
Tweerivieren	14	8.7	93	0
<u>15 jr. oud kinders.</u>				
Joubertina	27	7.7	70	7
Krakeel	12	7.3	66	8

Hierdie gegewens was van die allerswakste wat in die hele land

gevind is.

Uit 102 kinders, wat dr. Murray in Langkloof ondersoek het, was 68% arm, of baie arm, terwyl slegs 3, of 2.9%, van die hele aantal sonder beenvreter was.

Verder het hy gevind, dat 36.2% van 1 - 5 tande, en 60.7% van 6 - 10 tande, met beenvreter gehad het. Hierdie resultate was die swakste van wat hy in die hele Kaapland gevind het.

Navorsing in verband met gesondheidstoestande in Kaapland het getoon, dat die voedingstoestand van die kinders, wat in die Langkloofse skole ondersoek is, op alle leeftye ver onder die gemiddelde, en benede dié van kinders, wat in die distrik van Knysna en die Karroo woonagtig is, val. Hierdie ongunstige toestande in Langkloof kan miskien hoofsaaklik aan die slegte tande, wat in so 'n erge graad algemeen in die Kloof aangetref word, toe te skryf wees.

Langkloof is ook bekend vir sy "goitre"-gevalle, wat veral in die Kouga, op die plaas, Hoerree, en in die omgewing van De Vlucht, aangetref word. Hierdie "goitres" kom meesal onder vrouens voor, en is nie van die gevaarlike soort nie. Oor die algemeen is geneeshere die mening toegedaan, dat die kropgeswel, veral weens die gebrek aan jodium in die grond, veroorsaak word. Selfs diere word aangetas, en moet met beenmeel; sout, en tabak, ter verskaffing van die nodige minerale soute in hul sisteme, gevoer word.

Weens die baie ondertrouery, kom daar ook heelwat gevalle van slapheid en swaksinnigheid voor, terwyl die mense baie aan jiggly, wat veral deur die hoë voggehalte van die lug veroorsaak word. 13)

Die gesondheidstoestande van die kleurlinge is baie swak, en hulle word veral deur slegte tande; jiggly; borskwale, en tering, geteister.

Volgens dr. Borkum van Joubertina my meedeel, is daar 'n geleidelike toename van teringgevalle onder die kleurlinge waarneembaar,

en dit moet hoofsaaklik aan ondervoeding; swak behuising; gebrekkige sanitêre-geriewe, en drankmisbruik, toegeskryf word. In hierdie verband speel die klimaat ook 'n rol, aangesien dit van warm tot koud gedurende dieselfde dag wissel, en daar die temperatuur-verandering so skielik kom, kan baie maklik koues opgedoen word. Die kleurlinge is nie veel gesteld op hulle kleredrag nie, met die gevolg, dat hulle dikwels aan borskwale en tering ly.

Opsommend kan ons se, dat die kleurlinge as 'n groep, liggaamlik nie so sterk as die blankes is nie; hulle gestelle toon 'n geringer weerstandsvermoë teen siektes, en die algemene sterftesyfer is hoër as onder die blankes.

Gesondheidstoestande het in die laaste aantal jare baie verbeter, veral weens die inwerkingstelling van voeding-skemas in die skole. So word daar verseker, dat die dieët van elke kind, die nodige voedselsoorte, wat vir goeie gesondheid nodig is, sal bevat.

Onder hierdie skema word daar aan die kinders vrugte; kaas; rosyne; grondbone; vrugtelekkers, en visolie gegee.

Om die regte bestanddele in so 'n dieët te verkry, trag die onderwysers soveel moontlik om goed van elders te bestel.

Verder word die streek gereeld deur geneeshere en tandartse vanaf Uniondale; Oudtshoorn, en Joubertina, besoek.

Die mense is oor die algemeen reeds gesondheidsbewus, veral ten opsigte van hulle dieët, en die toekoms, soos duidelik uit die getuienis van geneeshere blyk, lyk belowend in hierdie opsig.

AFDELING C.

BOERDERYAANGELEENTHEDE IN
LANGKLOOF.

Hoofstuk VII.DIE ORGANISASIE VAN DIE LANDBOU.1) Inleiding:

Van al die faktore, wat tot die sukses en vooruitgang van 'n streek meewerk, speel die organisasie van die boerdery seker nie 'n minderwaardige rol nie!

Dit is miskien een van die swakpunte in die landbou-ekonomie van Langkloof, aangesien die mense oor die algemeen baie traag tot groep-organisasie is, met die gevolg, dat die gesamentlike optrede in hierdie streek veel te wense oorlaat.

Soos ons reeds aangetoon het, openbaar die verskillende gemeenskappe 'n baie sterk individualistiese, plaassistiese gees, en dit is hoofsaaklik hierdie faktor, wat feitlik alle groep-organisasie tot mislukking doem, of sodanig verswak, dat daar in die praktyk nie veel uitgerig word nie.

2) Koöperasies en Boereverenigings.

Die eerste koöperasie, wat in Langkloof gestig is, was die Uniondale Koring Koöperatiewe Beperk, te Avontuur, wat die belange van die graanboere moes behartig het, aangesien hierdie area toe nog hoofsaaklik 'n koringproduserende streek was.

Sedert die opkoms van Langkloof as vrugtestreek, het die mense besef, dat hierdie koöperasie nie meer die belange van alle boere behartig het nie, met die gevolg, dat 'n reeks kleiner koöperasies, soos die Middel-Langkloof Vrugte-koöperasie; die Formosa Vrugte-koöperasie, Krakeel; die Cleopatra Vrugte-koöperasie, Tweerivieren, ens., totstand gekom het.

Geleidelik is daar egter gevoel, dat een sterk koöperasie, wat sentraal geleë is, gestig moes word, en so is die Langkloof Boere Koöperatiewe Beperk, met Avontuur as basis, in 1946 in die lewe geroep.

Al hierdie kleiner organisasies het nou in een sterk koöperasie,

wat die belange van vrugte-, sowel as graanboere moes verteenwoordig, opgegaan.

Tans tel hierdie koöperasie sowat 390 lede, en met die totstandkoming van dié liggaam, het ons weer 'n sprekende voorbeeld van die individualiteit, wat die inwoners van Langkloof kenmerk, gehad. 1)

Die Langkloof Boere Koöperatiewe Beperk, verteenwoordig ook nie al die belange van die gemeenskap nie, want naas dié koöperasie bestaan daar nog die Boereverenigings van Bo- en Onder-Langkloof, sowel as die Vroue-Landbouvereniging, en ander organisasies.

Die mense het ingesien dat Langkloof 'n uitstekende vrugtestreek is, maar dat die spoorweg; paaie; posgeriewe, en ander publieke dienste, veel te wense oorlaat. Daar is besef, dat om beter dienste vir die streek te verkry, dit noodsaaklik is om 'n liggaam in die lewe te roep, wat die belange van die hele boeregemeenskap sal verteenwoordig.

So is daar 'n Federale Komitee, wat alleen uit bona fide boere bestaan, en waarop elke vereniging 2 lede kry, gestig.

Hierdie liggaam tree alleen in sake van algemene belang op, met die gevolg, dat die Federasie die sentrum van alle mag in Langkloof verteenwoordig. 2)

Dan is daar nog die Boereverenigings van Bo- en Onderlangkloof, wat ongeveer 200 lede tel.

Die Verenigings strewende daarna, om die belange van die boere te behartig, en dien as verbindingskanaal tussen die verskillende gemeenskappe, sowel as met die Staatsdepartemente.

Langkloof beskik nog nie oor koöperatiewe pak- en koelkamers nie, hoewel dit 'n ideaal van die Boerevereniging is. 3)

Op Ongelegen bestaan daar wel 'n private koelkamer, waar sowat 10,000 kassies appels per jaar gestoor word. 4)

- 1) Lombaard, C. ... Koöperasie-bestuurder, Avontuur.
- 2) Ensor, B. ... Voorsitter van Federasie, Lauterwater.
- 3) Longland, D. ... Sekretaris van Boerevereniging, Tweerivieren.
- 4) Kotze, P.J. ... Ongelegen.

Verder beskik die inwoners van die streek ook nog oor die fasiliteite en geriewe, wat deur die Departement van Landbou verskaf word.

Die area val onder die sorg van die Westelike Provinsie Vrugte Navorsingstasie, wat advies, lesings, en demonstrasies, gratis gee.

Verder staan nog die dienste van 'n tuinboukundige; 'n veearts, en uitbreidingsbeamptes, wat op Joubertina; Uniondale; George, en Humansdorp, onderskeidelik gestasioneer is, ter beskikking van die streek, terwyl hulle ook 'n eie verteenwoordiger op die Sagtevrugte Raad het.

3) Die Meganisasie van die Landbou.

Hoewel daar reeds baie van masjienerie in Langkloof gebruik gemaak word, kan ons nog nie eintlik van die meganisasie van die landbou praat nie. Die mense vind dit egter al meer nodig, om van masjienerie gebruik te maak, nie alleen omdat die te kort aan plaas-
arbeid al groter word nie, maar ook omdat die landbou meer en meer in die rigting van massa-produksie beweeg, en dus groter spoed vereis word.

So vind ons, dat grondbewerking tot 'n groot mate met trekkers en skottelploë geskied, terwyl kragspuite gebruik word, om die boeme te spuit. In die appelstoor word daar van masjien-aangedrewe gradeerders gebruik gemaak, hoewel die verpakkingswerk alles met die hand geskied.

In hierdie opsig is Misgund die toonaangewende gemeenskap, want die proses het hier reeds so ver gevorder, dat plus minus 95% van die grondeienaars se woonhuise en pakstore elektries verlig is.

Die toestand van sake geld egter nie vir die hele Kloof nie, want selfs op plekke, soos Lauterwater; Krakeel, en Tweerivieren, word daar nog volop van mullerarbeid gebruik gemaak. Langkloof beweeg vandag vinnig in die rigting van massa-produksie, en meer kan in hierdie opsig in die toekoms verwag word.

Hoofstuk VIII.BESPROEILING IN LANGKLOOF.1) Inleiding:

Langkloof het volop water gedurende die hele jaar, behalwe tydens die drie droë maande van Desember; Januarie, en Februarie, wanneer daar 'n ernstige tekort ondervind word. Die posisie word soveel te meer vererger, omdat die mense gedurende hierdie tydperk, die meeste water nodig het.

Om aan die probleem die hoof te bied, het die inwoners van Langkloof vir gemeenskaplike opgaardamme begin agiteer, waarop die Besproeiingsdepartement 'n Kommissie afgevaardig het, om geskikte terreine vir die bou van damme af te pen, sowel as om die besproeiingsmoontlikhede van die streek te ondersoek.

Hierdie Kommissie, wat onder die voorsitterskap van kapt. Haines gewerk het, het op die 22ste Mei, 1945 met sy werksaamhede by Molenrivier begin, en agtereenvolgens vir Dieprivier; Haarlem; Misgund; Lauterwater; Krakeel; Joubertina, en Tweerivieren, besoek.

Haarlem was die enigste plek, waar hulle 'n geskikte terrein vir die bou van 'n gemeenskaplike opgaardam gevind het. 1) Dit sal egter nie die moeite werd wees om 'n dam hier te bou nie, aangesien die behoefte nie so groot is nie, en daar ook nie so 'n uitgestrekte besproeibare oppervlakte benede die opgaarplek is nie.

Volgens mnr. Pepper, die ingenieur, wat met hierdie ondersoek behulpsaam was, aan my skryf, was die Kommissie se bevinding dat Langkloof geen moontlikhede vir die bou van groot waterwerke bied nie, aangesien die riviertjies te kort, en die hellings van die klowe te steil is, met die gevolg, dat die damme baie gou sal verslik, terwyl die onkoste buite verhouding tot die opgaarkapasiteit van die waterskemas sal wees. 2)

1) Goosen, R.J. ... Tuinboukundige, Joubertina.

2) Pepper, E. ... Seksie-Ingenieur, Bloemfontein.

In hierdie verband kan ons net melding maak van die plan, wat daar bestaan, om 'n reeks opeenvolgende konkreetwalle deur die Kougarivier te gooi, om sodoende hier^{die} area in 'n opgaar-gebied om te skep. Dié water sal egter nie vir besproeiingsdoeleindes aangewend word nie, maar wel om Port Elizabeth van 'n groter water-voorraad te voorsien. Weens sy hoë ligging, is die Kouga ideaal vir 'n dergelike soort skema, en as hierdie plan ooit in die praktyk toe-gepas moet word, dan sal dit die aangewese bron uitmaak, om Langkloof van elektrisiteit te voorsien. 3)

2) Verskillende metodes van Waterkonserwasie:

Hoewel die mense dus reeds in 1945 vir besproeiingsfasiliteite begin agiteer het, het daar niks van gekom nie, aangesien die natuurlike gesteldheid van die Kloof sodanig is, dat daar eenvoudig nie groot waterwerke gebou kan word nie. In die daaropvolgende, maar uiters droë somers, het die behoefte aan meer, en beter water-voorsiening nog sterker geword. Deur middel van die Boerevereniging, het die mense nou vir regeringsbore agiteer, maar weens oorlogs-omstandighede, kon ook nie aan hierdie versoek van staatsweë voldoen word nie. Die meeste boormasjiene was in die Noorde, terwyl die Noord-weste deur 'n ernstige droogte geteister was, met die gevolg, dat die behoefte daar groter as in Langkloof was. 4)

Noodgedwonge het die boere dus begin om self vir meer water voorsiening te maak, en wel op die volgende vyf maniere:-

Eerstens, het die mense begin om ronde sementdamme, op lae plekke, onderkant die waterslote, te bou, om sodoende oortollige water van hulle leibeurte daarin op te gaar. Hierdie gemeenskaplike waterslote kom uit die riviertjies, waar die water deur middel van dwarswalle uitgekeer word. Die water word dan volgens leibeurte, wat deur die inwoners van 'n gemeenskap self gereël word, gelykop verd^{el}.

Tweedens, is daar ook begin met die bou van gronddamme, onder die subsidu-skema, waarmee watervoorsiening, en die bestryding

-
- 3) Baldie, J. ... Misgund.
4) Longland, D. ... Tweerivieren.

van gronderosie, beoog word.

In hierdie verband beweer sommige mense, dat die Besproeiings-Kommissie sy taak onder 'n verkeerde indruk aanvaar het, aangesien daar nooit vir groot opgaardamme gevra is nie, maar wel vir kleinere damme, wat as hulp tydens die droë maande moet dien. 5)

Langkloof bied geen moontlikhede vir groot waterwerke nie, maar daar is verskeie geskikte terreine, waar kleinere opgaardamme gebou kan word. Elke dam sal twee of drie "plase" met water voorsien, en van 50 - 100 morges grond onder besproeiing plaas. 6)

Boorgate is die derde middel, wat die mense gaan aanwend, om die waterkwessie op te los, aangesien reeds verskeie persone in die afgelope tyd water laat aanwys het. Dit is heeltemal 'n nuwe metode, en daar sal nog gesien moet word, of Langkloof sterk ondergrondse water het.

Vierdens, maak sommige persone ook van pompe gebruik, om die water uit die riviertjies in ronde sinkdamme te pomp. Hierdie metode word alleen toegepas, waar die water nie met vore uit die riviere gehaal kan word nie.

Die laaste, maar baie doeltreffende middel, wat die inwoners van Langkloof tans gaan aanwend, is om hulle waterslote deur konkreetvore, of pypleidings, te vervang. Die voordeel van die konkreetvore en pypleidings is, dat daar geen vog in die grond kan wegsyfer nie, en dit bring die water ook gouer op die plek, waar dit vereis word, met die gevolg, dat groter oppervlakte besproei kan word.

Waterkonserwasie, soos later weer na verwys word, vorm dus 'n baie aktuele vraagstuk in Langkloof, aangesien geen verdere landboukundige ontwikkeling in die toekoms verwag kan word, tensy hierdie kwessie nie opgelos word nie.

Droëlandboerdery, veral wat die vrugtebou betref, blyk nie 'n sukses in hierdie streek nie, en water vorm dus die beperkende faktor vir alle verdere uitbreidings in die toekoms.

5) Baldie, J. ... Misgund.

6) Pepper, E. ... Seksie-Ingenieur, Bloemfontein.

Voltooide dam, Tweerivieren.



Besig om dam te sleep, Tweerivieren.



Geskikte plek vir bou van dam, Haarlem.



Hoofstuk IX.DIE AARD VAN DIE LANDBOU.1) Inleiding:

Aangesien hierdie streek geen rivierstelsel van sy eie besit nie, heers daar baie verskille, alhoewel daar tog nog soveel ooreenkoms is, dat die volgende gebiede gesamentlik, onder die algemene benaming, "Langkloof", behandel kan word, nl. Groot- en Klein-Langkloof; Bo- en Onder-Kouga; Kliprivier, of die gebied langs die bo-loop van die Keurboomsrivier; Waboomskraal, naby Herold, en North Station, bo-op die Outenikwaberger, in die Montagupas.

Wanneer ons die boerderyaangeleentehede van hierdie area bespreek, dan sal ons dié gebiede as 'n geografiese eenheid beskou, aangesien die ooreenkoms sterk genoeg is, om so 'n standpunt te regverdig.

Die gemeenskaplike kenmerk van Groot- en Klein-Langkloof, sowel as Kliprivier en die Kouga, bestaan daarin, dat die hele gebied hoofsaaklik winterreënval kry. Die Klein-Langkloof, wat hoër-op in die berge geleë is, het natuurlik die grootste neerslag, aangesien hierdie streek, gedurende die somermaande, sterk aan mistoestande onderhewig is, en dikwels bergreëns ondervind.

Waboomskraal en North Station stem weer, wat die geaardheid van die grond en die hoeveelheid reënval betref, so baie met Klein-Langkloof ooreen, dat ook dié gebiede tot hierdie streek gereken kan word, alhoewel dit eintlik daar buite geleë is.

'n Verdere gemeenskaplike kenmerk van al die dele, is die feit dat landbou orals met, en sonder, besproeiing toegepas word. Alhoewel die reënval nêrens baie minder as 20 dm. per jaar is nie, is dit tog wisselvallig, sodat besproeiing 'n noodsaaklikheid geword het.

Weens hierdie eienskap, vorm Langkloof 'n sterk teenstelling met die Kusstreek, waar besproeiing altyd die uitsondering op die reël is.

Op die gebied van landbou, kan Langkloof as 'n tipe van sy eie gereken word, aangesien die streek deur 'n oorgangsklimaat gekenmerk word. Die noodwendige gevolg is dan ook, dat 'n verskeidenheid van boerderysisteme, wat in die verlede gedurig in belangrikheid afgewissel

het, aangetref word.

2) Veeboerdery:

Skaapboerdery vorm een van die oudste boerderystelsels in Langkloof, en, al het dit baie in belangrikheid afgeneem, word dit vandag nog aangetref, hoewel die vee slegs vir hulle mis, en nie so seer vir die doel van slag en wolproduksie aangehou word nie.

Tabel 15.

Die Veestapel van Langkloof. 1)

STREEK.	SKAPE	BOKKE	BEEESTE	TOTAAL.
Bo-Langkloof	8,000	1,000	800	9,800
Middel-Langkloof	7,643	250	500	8,393
Onder-Langkloof	2,630	150	700	3,480
Kouga	2,100	800	100	3,000
TOTAAL	20,373	2,200	2,100	24,673

Langkloof het dus 'n totale veestapel van plus minus 24,673 groot- en kleinvee.

Skaap is die enigste veesoort, wat in noemenswaardige getalle aangetref word, terwyl bokke en beeste 'n minderwaardige rol speel.

Die meeste mense hou slegs beeste vir melkdoeleindes aan, en uit die aard van die saak moet hulle, weens die suurgeardheid van die weiveld, gevoer word.

Elke boer beskik ook oor sy eie pluimvee en varke, hoewel Langkloof nog ver agter in die opsig is, maar daar is alle tekens dat pluimveeboerdery begin posvat.

Weens die gebrek aan goeie weiding, is Langkloof nie 'n uitstekende skaapstreek nie, hoewel deskundiges van mening is, dat die Wanganella-skaaptipe waarskynlik die beste hier sal aard.

Die afgeeste koringlande vorm uitstekende weiveld, maar dit is nie genoegsaam, en ook nie altyd ter beskikking nie. Die westelike helfte van Langkloof word deur 'n soeter weiding gekenmerk, terwyl

1) Hobbs, G. ... Veearts, Uniondale.

die oostelike helfte 'n swakker weiveldd tipe vertoon, wat veral aan die suurgeaardheid van die grond te geskryf moet word.

Die Klein-Langkloof word tans hoofsaaklik as weiveld gebruik, maar die suurgras langs die berghange moedig skaapboerdery nie sterk aan nie.

Ook die Kouga, weens sy natuurlike gesteldheid, is nie vir skape geskik nie, met die gevolg, dat alleen bokke op voordelige wyse aangehou kan word. 2)

Weens die bergagtige geaardheid, sowel as die hoë ligging van hierdie streek, word wol van 64 - 80 spinnerskwaliteit, wat goed met die res van die Unie vergelyk, geproduseer.

Die wolproduksie varieer van 5 - 12 lb. per skaap, met die gevolg, dat die persentasie skoongewig wol hoër is, as die wat deur die Karoo-skaap gelewer word. 3)

Die vernaamste siektes, waaraan die skape onderhewig is, is bloutong; geilsiekte; galsiekte; hartwater, en lewerslakke, terwyl inwendige parasitiese siektes, soos knoppieswurm, haarwurm; sambokwurm; hakwurm, en longwurm, ook aangetref word.

Die verliese onder vee, wat weens siektes ontstaan, word op 5 - 10% geskat, en hierdie syfer word as betreklik hoog beskou. 4)

Dit lyk dus, of Langkloof 'n besonders ongesonde streek vir skaapboerdery is.

3) Graanboerdery:

Graanverbouing het vanaf ouds 'n belangrike rol in Langkloof gespeel, en selfs vandag nog neem dit 'n vername plek in die boerderyaangeleenthede van die streek in, alhoewel dit tot 'n sekere mate deur vrugteboerdery verdring word.

Beide die temperatuur en reënval, met die maksimum in die nawinter, is uitstekend vir graanboerdery.

Ongelukkig is die reënval nie altyd gereeld genoeg nie, sodat dit dikwels tot misoeste lei. Die rede hiervoor is, dat

-
- 2) Hobbs, G. ... Veearts, Uniondale
 3) Steytler, R. ... Uitbreidingsbeampte, Humansdorp.
 4) Hobbs, G. ... Veearts, Uniondale.

graan nooit op besproeide grond in Langkloof gesaai word nie, want sulke grond word vir die aanplant van vrugtebome gebruik.

Tabel 16.

Graanproduksie in Langkloof. (sakke) 5)

SEISOEN	KORING	HAWER, GARS, EN ROG.
1942 - 1943	20,632	2,900
1943 - 1944	23,936	9,850
1944 - 1945	30,845	9,840
1945 - 1946	26,875	3,945
1946 - 1947	30,991	3,966

Hierdie vertakking van die landbou word deur die hele Kloof aangetref, hoewel Bo-Langkloof as die "graanskuur" van die streek bestempel kan word.

Die vrugbare Bokkeveldgronde, wat die meeste in Bo-Langkloof aangetref word, is vir die graanboer van besondere betekenis. Oor die algemeen is hierdie grond vlak, sodat dit in baie gevalle nie die aanplant van vrugtebome toelaat nie. Dit het sommige mense al die mening laat uitspreek, dat die toekoms van Bo-Langkloof nie in vrugteboerdery nie, maar wel in graanboerdery geleë is!

Soos duidelik uit Tabel 16 blyk, is koring die belangrikste graansoort, terwyl Early Spring; Kleintrou, Bobs-Riëti, en Renown, die vernaamste variëteite uitmaak. Early Spring en Kleintrou is baie populêre koringsoorte in Langkloof, terwyl Bobs-Riëti veral rondom Avontuur aangetref word.

Behalwe hierdie sagte koringsoorte, word daar ook volop van die Durum-variëteite gebruik gemaak, aangesien dit die beste teen roes bestand is.

Weens die onvrugbaarheid van die Langkloofgronde, moet bemesting, om 'n redelike oes te verseker, gereeld toegepas word. Die gemiddelde opbrengs op droëlande varieer van 10 - 25 sakke

5) Lombaard, G. ... Koöperasie-bestuurder, Avontuur.

koring per morg. In goeie jare gebeur dit dikwels, dat 'n enkele boer meer as 3,000 sakke koring, met 'n gemiddelde opbrengs van 35 sak per morg, wen.

Droogtes is die grootste probleem van die koringboer in Langkloof, terwyl graanplae, soos roes; brand; koringluise, en wortelvrot, ook aangetref word.

In hierdie verband is dit van belang om daarop te let, dat daar 'n Roller Meule op Joubertina en Avontuur onderskeidelik is, waar sowat 8,000 sakke graan per jaar gemaal word. 6)

Van die wintergraansorte, neem hawer die belangrikste plek in, en Langgewens, sowel as Moon, is die variëteite, wat die meeste gesaai word.

Gars en rog word ook op klein skaal aangetref, terwyl mielies hoofsaaklik vir eie gebruik, en diervoer, geproduseer word.

4) Gemengdeboerdery:

Tot 'n sekere mate lê elke Langkloofboer hom ook op gemengdeboerdery toe, en dit geskied hoofsaaklik om in sy eie behoeftes te voorsien, terwyl ander weer vir die mark produseer. Orals waar daar besproeibare, of ander grond, beskikbaar is, word aartappels; patats; uie; pampoene, en kafferwaterlemoene, verbou.

Die inwoners van Langkloof is gewoon daaraan om hierdie produkte onder die algemene benaming, "naces", saam te vat.

Kafferwaterlemoene, boontjies; anys, en koljander, aard uitstekend in hierdie streek, terwyl tamaties orals in die groentetuine aangetref word.

Die produksie van groentesaad word ook onderneem, en tans is daar 5 groot geregistreerde saadkwekers in Langkloof. Die vernaamste soorte, wat gekweek word, is uie-; geelwortel-; beet-; komkommer-, sowel as murg-van-groentesaad. 7)

Gemengdeboerdery, in die ware sin van die woord, word veral

6) Kritzinger, W.A. ... Joubertina.

6) Smuts, W. ... Avontuur.

7) Goosen, R.J. ... Tuinboukundige, Joubertina.

op Waboomskraal; Kliprivier; die Kouga, en in sekere dele van Klein-Langkloof, waar daar geen toonaangewende produk is nie, aangetref.

Waboomskraal en Kliprivier is digbewoonde gebiede, met klein plasies, wat 'n mens baie aan die Kusstreek laat dink.

Die Kliprivierseksie is vir sy groot aartappeloeste bekend, aangesien dit daar nie so kwaai ryp nie. Dieselfde geld vir die Kouga, veral op plekke, soos Kleinrivier; Braamrivier, en Opkomst, wat in beskutte valleie, met volop water en vrugbare grond, geleë is.

Tabel 17.

Die Naes-produksie in Langkloof. (sakke) 8)

6666

STREEK	AARTAPPELS	PATATS	UIE	PAMPOENE
Bo-Langkloof	10,700	1,700	8,650	30,800
Middel-Langkloof	7,700	1,610	4,160	161,000
Onder-Langkloof	6,800	1,225	4,400	120,000
Kouga	3,000	500	2,500	21,000
TOTAAL.	28,200	5,035	19,710	332,800

Die Kouga is verder vir sy boontjies; ertjies; knoffel; en tabak, wat vroeër 'n baie belangrike rol in hierdie streek gespeel het, van belang.

In die Klein-Langkloof word op die oomblik nog net by Molenrivier; Dieprivier; Avontuur; Krakeel (die Vryheidseksie), en Tweerivieren, grond vir landboudoeleindes gebruik, hoewel dit groot moontlikhede vir die toekoms inhou.

Die naes-opbrengs varieer van jaar tot jaar, aangesien die mense nie altyd dieselfde hoeveelheid plant nie. Die syfers, wat in Tabel 17 omvat word, verteenwoordig die gemiddelde produksie per jaar, en mag dus 'n bietjie te hoog, of te laag, wees. In elk geval, uit hierdie tabel blyk dit duidelik, dat aartappels; uie, en pampoene, toonaangewend is, terwyl patats nie van veel belang in die streek is nie.

8) Persoonlike opname.

5) Vrugteboerdery:

Nieteenstaande die feit, dat Langkloof nogal nie so ongunstig vir graanboerdery is nie, het vrugteverbouing, veral na 1930, die uitstaande bedryf in hierdie area geword, omdat dit die beste aan die vereistes, wat die streek vir 'n suksesvolle boerdery-tipe stel, beantwoord.

Soos ons reeds aangetoon het, het Langkloof eers besonders laat as vrugtestreek op die voorgrond getree, en dit moet gedeeltelik uit die feit, dat sommige mense so hardnekkig aan die lemoen- en graankultuur, sowel as gemengdeboerdery, bly vasklou het, verklaar word.

Klimaat; topografie, en siektes, het egter die deurslag gegee, met die gevolg, dat die vrugtebedryf vandag permanent in hierdie streek gevestig is, en daar is alle tekens, dat dit in die toekoms in belangrikheid, en omvang, gaan toeneem.

Die gunstige klimaat, met die nat nawinter; koel, en droër somermaande, sowel as die koue winters, is die vernaamste rede daarvoor.

Hoewel Langkloof nie deur besonder vrugbare grondsoorte gekenmerk word nie, aard vrugtebome, veral appels, goed op die suurgrond, en lewer vrugte van uitstekende kwaliteit.

Weens al hierdie faktore, is Langkloof by uitnemenheid 'n vrugte streek, waar appels; pere; perskes; pruime; appelkose; kersies, en kwepers, die vernaamste rol speel, terwyl die klimaat en grond ideaal vir die verbouing van aspersies; aarbeie; frambose; Young-; Boysen-, en logan-bessies, is. As ons dit alles in aanmerking neem, dan is dit nie verregaande om te se, dat die area op die punt staan, om een van ons belangrikste vrugtestreke te word nie!

Reeds voor 1930 was daar al heelwat vrugtebome in Langkloof, maar die groot aanplantings het eers na genoemde datum plaasgevind.

Uit navrae wat gedoen is, blyk dit duidelik, dat appels, hoewel daar 'n aansienlike hoeveelheid peer-; perskes-, en pruimbome was, al in dié tyd die heersende rol gespeel het.

Daar is ook 'n paar duisend amandelbome in Bo-Langkloof aangeplant, maar die laat ryp het hulle elke jaar geaffekteer, terwyl miet, en ander insekpeste, die oes tot 'n minimum beperk het, met die gevolg, dat verskeie boere hulle bome alreeds uitgehaal het. 9)

Die kweek van perskes het met baie meer sukses gepaard gegaan, sodat dit tans, naas appels en pere, die derde belangrikste vrugtesoort in Langkloof is.

Appels was, en is nog steeds die belangrikste vrugtetipe, aangesien pere; perskes; appelkose, en pruime, meer sorg by die kweek; verpakking, en versending, vereis.

Tabel 18.

Die aantal Vrugtebome in Langkloof. 10)

SEISOEN.	APPELBOME.	PEERBOME.	PERSKEBOME.	PRUIMBOME.
1937 - 1938	350,900	-	-	-
1941 - 1942	572,846	62,361	35,017	25,792
1946 - 1947	712,700	-	-	-

Maar dit was veral na 1930, toe die moontlikhede van die vrugtebedryf eers ten volle beseef was, dat hierdie afdeling van die landbou met snelle tempo in Langkloof vooruit gegaan het.

As ons Tabel 18 ontleed, dan sien ons, dat appels verreweg die belangrikste, en toonaangewende, vrugtesoort in Langkloof is.

Die tydperk tussen 1937 en 1941 word deur 'n baie sterk groei gekenmerk, aangesien daar in die periode 221,946 appelbome aangeplant is. Sedert 1942 het die tempo egter afgeneem, want ons tabel kan slegs 'n vermeerdering van 139,854 bome aantoon. Die snelle groei voor 1942 moet hoofsaaklik daaruit verklaar word, dat die markvooruitsigte belowend was, terwyl daar nog volop besproeibare grond vir die aanplant van bome, ter beskikking was.

Na 1942, tydens die oorlogsjare, was die markvooruitsigte nog beter, aangesien vrugtekwekers tot £1. 2. 6d. vir 'n kassie

9) Taute, F.J. ... Molenrivier.

10) Opnames van die Sagtevrugte Raad en Persoonlike opname.

appels gekry het, maar geskikte grond het nou die beperkende faktor geword, daar die besproei-bare oppervlakte min of meer reeds volgeplant was.

Die stadiger styging in die aantal bome, wat sedert 1942 aangeplant is, moet dus hoofsaaklik uit hierdie feit verklaar word, want vandag sien 'n mens al die verskynsel, dat appelboorde op onbesproei-bare grond aangelê word, en dit is 'n bevestiging van ons veronderstelling.

Tabel 19.

Appelproduksie in Langkloof. (tonnemaat en kassies)

SEISOEN.	APPELBOME IN DRAG.	TONNEMAAT	KASSIES.
1937 - 1938	177.805	5.926	266.707
1941 - 1942	317.663	9.900	435.686
1946 - 1947	517.000	17.234	775.500

Tydens die 1941/42 seisoen het dr. V. Reinecke bereken, dat die gemiddelde opbrengs per draende boom ongeveer $1\frac{1}{2}$ kassies was. As ons veronderstel, dat 45 kassies 1 ton oplewer, dan kan ons die volgende berekening, soos in Tabel 19 omvat word, maak.

As hierdie syfers min of meer 'n weergawe van die appelproduksie in Langkloof is, dan sien ons dat, hoewel daar nie so baie bome tussen 1942/47 aangeplant is nie, daar 'n baie groter produksie-toename, as tussen 1937/41, plaasgevind het, en dit moet hoofsaaklik daaruit verklaar word, dat daar elke jaar meer bome in volle drag gekom het.

Hierdie toestand van sake word deur die Tabel 20, opgestel volgens informasie wat mnr. Viljoen, Hoof van die Padmotor-dienste te Uniondale, aan my verskaf het, bevestig.

Ook hier sien ons, dat daar veral tydens die oorlogsjare 'n produksietoename plaasgevind het, terwyl dit nie so kenmerkend vir die vorige jare was nie.

Tabel 20.Appelproduksie in Bo-Langkloof. (tonnemaat) 11)

SEISOEN	TONNEMAAT
1936 - 1937	314
1937 - 1938	427
1938 - 1939	304
1939 - 1940	308
1940 - 1941	240
1941 - 1942	339

SEISOEN	TONNEMAAT
1942 - 1943	335
1943 - 1944	427
1944 - 1945	888
1945 - 1946	1080
1946 - 1947	1421
-	-

Wat die sagtevrugtebome betref, het daar sedert 1942 nie veel verandering gekom nie, sodat daardie syfers ook nog as verteenwoordigend vir vandag beskou kan word. (Sien Tabel 18) As daar noemenswaardige getalle bome aangeplant is, dan sal dit hoofsaaklik Kakamas-Geelperskes en Royal-Appelkose wees, aangesien die aanvraag daarvoor onbeperk is, en feitlik nooit bevredig kan word nie. 12)

Hoewel ons nie oor die syfers beskik om dit te bewys nie, het pere; perskes, en appelkose, veral sedert 1930 in belangrikheid toegeneem, sodat pere vandag die eerste plek inneem, terwyl perskes; pruime, en appelkose, hierop volg.

Om min of meer 'n denkbeeld van die sagtevrugteproduksie in Langkloof te kry, moet daar op Tabel 21 gelet word.

Tabel 21.Sagtevrugte-produksie in Langkloof. (tonnemaat) 13)

SEISOEN.	PERE.	PERSKES.	PRUIME.	TOTAAL.
1941 - 1942	730	289	1,371	2390
1944 - 1945	889	90	219	1198
1945 - 1946	768	95	392	1255

11) Viljoen, P. ... Hoof van Padmotordienste, Uniondale.

12) Strydom, M.A. ... Agent vir Standard Cannery, Krakeel.

13) Baldie, J. ... Verteenwoordiger op Sagtevrugte Raad, Misgund.

Hierdie syfers verteenwoordig slegs die tonnemaat, wat die Sagtevrugte Raad in Langkloof opgekoop het, en is nie 'n weergawe van die totale produksie nie.

Origens gee hierdie tabel ook 'n wanvoorstelling, daar dit die indruk wek, dat pruime 'n belangriker rol as pere en perskes speel!

In die verlede is daar baie pruimbome in Langkloof aangeplant, maar sommige mense beskou dit vandag nie meer as betalend nie, en haal dit gevolglik weer uit.

Daar lê en verrot ook jaarliks 'n groot hoeveelheid vrugte, omdat dit in een of ander geringe opsig nie aan die wense van die Sagtevrugte Raad voldoen nie, en dit verklaar, waarom die mense huiwerig is om hulle pere en perskes, wat 'n goeie aanvraag geniet, aan hierdie liggaam te lewer.

Verder beskik hierdie streek ook nog oor 'n hele aantal vrugteboom-kwekery, wat veral in Middel- en Onder-Langkloof aangetref word.

Die is hoofsaaklik appelbome, maar op kleiner skaal ook peerbome, wat gekweek word.

Tabel 22.

Vrugteboom-kwekery in Langkloof. (boompies) 14)

STREEK.	GETAL KWEKERIE.	GEMID. PROD. PER JAAR.
Bo-Langkloof	1	80,000
Middel-Langkloof	7	100,000
Onder-Langkloof	3	200,000
TOTAAL.	11	380,000

Die boompies word deur die hele Unie bemark, hoewel die meeste appelbome in die Kaapprovinsie, en die peerbome in Transvaal, verkoop word.

Dan is daar nog die oorblyfsels van die eertydse sitruskultuur, wat veral in die Kouga, weens sy warmer klimaat, aangetref word.

14) Persoonlike opname.

Daar staan nog sowat 2,500 bome, en elke jaar word daar ongeveer 4,000 sakkies lemoene aan skole verkoop. 15)

Die oudste bome behoort almal tot die pitlemoene, maar na die "vloed" van 1932 is daar hoofsaaklik "navels" aangeplant.

Die meeste van hierdie bome ly aan siektes, met die gevolg, dat die produksie per boom baie laag is.

Bo-Kouga het verder ook nog sowat 2,500 okkerneutbome, waaraan die inwoners 'n baie groot waarde heg, en wat uitstekend goed in hierdie streek aard. 16)

Bessieboerdery, hoewel nog 'n jong onderneming in die streek, is 'n ander vertakking van die vrugtebedryf, wat 'n belangrike rol in Langkloof speel.

Volgens 'n persoonlik opname wat gemaak is, is daar tans plus minus 120 morges grond onder bessies in hierdie area, waarvan die meeste op Krakeel, Lauterwater; Joubertina; Grootplaas; Haarlem; Avontuur, en Eensaamheid, aangetref word.

Volgens informasie, wat die bestuurders van die verskillende fabriek tot my beskikking gestel het, het daar met die 1946/47 seisoen sowat 660 ton bessies, waarvan 91 ton wildebrame ("Black Berries") was, uit Langkloof gegaan.

Hierdie "Black Berries" groei wild in die veld, en word hoofsaaklik op Lauterwater; Misgund, en Avontuur, sowel as Haarlem, wat die eintlike sentrum is, aangetref.

Langkloof beskik ook oor 7 bessie-kwekerye, wat feitlik almal op Krakeel en Joubertina aangetref word. Dit is hoofsaaklik Young- en Boysen-bessies wat gekweek word, en die plantjies word deur die hele Unie bemark.

6) Nuwe vorme:

Wat die landbou betref, is Langkloof in hoofsaak 'n toekomsgebied, en in hierdie verband sal daar seker nog interessante ontwikkelings plaasvind.

-
- 15) Ferreira, J.S. ... Opkomst, Onder-Kouga.
 16) Strydom, C. ... Kleinrivier, Bo-Kouga.

So is daar alreeds 'n hopplantasie naby Herold, wat aan die Union Hop Growers, George, behoort, aangele, en die moontlikhede vir aanplanting op Waboomskraal, en in sekere dele van Bo-Langkloof, lyk uitstekend. Veral die Klein-Langkloof, met sy groeter reënval, en klan somers, as gevolg van die gereelde namiddag mis, vertoon ideaal vir die kweek van hop, en meer kan in hierdie rigting in die toekoms verwag word.

Die hopplantasie, naby Herold, is in 1936 aangele, en beslaan tans sowat 50 morges grond. Die vernaamste soorte, wat hier aangeplant is, was Golden Cluster; Highbrids No. 2, en Highbrids No. 61. terwyl die produksie met die 1946/47 seisoen 33 ton was.

Die uitdrogings- en balings-prosesse word alles op Herold, waar die nodige geboue opgerig is, gedoen. Hiervandaan word die hop na die verskillende brouerye in Johannesburg; Durban; Port Elizabeth, en Kaapstad, vir bierdoeleindes, gestuur. 17)

Van groter belang as vorige, is die teebedryf, wat veral in Middel- en Onder-Langkloof, sowel as die Kouga, aangetref word. Die teesoort, wat in hierdie area voorkom, word die Heuningblom-bossietee genoem, en plaaslik word daar onderskeid tussen suurveld- en soetveld-tee gemaak.

Die suurveld-tee groei weelderig aan die vogtige kant van die heuwels, in die Outenikwa-Tsitzekammaberge, terwyl dit verder deur 'n breë blaar, en 'n kruis-smaak, gekenmerk word.

Die soetveld-tee, wat hoofsaaklik in die Kouga aangetref word, is kleiner van blaar; dit groei ook fyner as die vorige, en word deur 'n kakao-smaak gekenmerk.

Suurveld-tee is ook ligter in gewig as dié wat op die soetveld groei, aangesien dit meer blare, en minder stokke, het.

Die verwerking van die tee, wat merendeels deur kleurlinge gedoen word, geskied hoofsaaklik in die veld, waar dit met

17) Baker, W. ... Bestuurder van Union Hop Growers, George.

Hopplantasie, Herold.



Boomkwekery, Krakeel.



Teeverwerking, Haarlem.



sekels afgesny, en met 'n teemasjien gekerf word om sodoende 'n sweetproses op seile vir 'n paar dae lank te ondergaan.

Hierdie snyproses geskied gedurende al die maande van die jaar, behalwe tydens Oktober - November, wanneer die bos peule vorm.

Gedurende September - Oktober word die geel blommetjies van die teebos gestroop, en in die son gedroog, waarna dit teen 'n mengsel van 2 lb. blommetjies op 100 lb. tee gemeng word. Die blommetjies gee slegs 'n beter voorkoms aan die tee, en verhoog nie sy kwaliteit nie.

Die Heuningblomtee bevat geen tannien nie, met die gevolg, dat dit gekook kan word, sonder enige skadelike effek op die mens.

Volgens 'n opname, wat by die verskillende opkopers gemaak is, produseer Langkloof tussen 400 - 700 ton tee per jaar, wat volgens advertensie deur die hee Unie bemark word. Baie van hierdie tee word in Suidwes-Afrika, en ander dele van ons land, verkoop.

Haarlem en Avontuur is die grootste teesentrums, terwyl Misgund en Joubertina ook geen geringe rol speel nie. Opkopers wend tans pogings aan, om hierdie tee na Amerika uit te voer, maar dit sal nog gesien moet word, of dit 'n sukses gaan wees.

Ten slotte kan hier ook net gemeld word, dat Langkloof groot moontlikhede vir die kweek van blomme, veral wat bolproduksie betref, bied.

Daar word nog geen pogings in hierdie rigting aangewend nie, maar klimatologiese, sowel as grond-toestande is ideaal vir dergelike ondernemings. 18)

18) Reinecke, V. ... Departement van Landbou, Pretoria.

Hoofstuk X.VRUGTEVERBOUING IN DIE ALGEMEEN.1) Inleiding:

As 'n bladwisselende groep, stel vrugtebome, sowel as bessies, besondere vereistes aan die omgewing, veral wat die klimaat en grondsoorte van 'n streek betref, en so is daar ook nog allerhande menslike faktore, waarmee wel deeglik rekening gehou moet word.

Om hierdie faktore van grond en klimaat, sowel as die invloed van die mens, so sterk moontlik op die voorgrond te stel, gaan ons nou oor tot die bespreking van die vrugtebedryf in die algemeen, met spesiale verwysing na appelverbouing, aangesien dit verreweg die uitstaande bedryf in Langkloof is, terwyl daar aan bessieboerdery ook aandag gegee word.

2) Die Verspreiding van vrugtebome:

Wanneer ons van die verspreiding van vrugtebome in Langkloof praat, dan bedoel ons hoofsaaklik appelbome, daar dit die belangrikste vrugtesoort in hierdie streek is.

Tabel 23.Die Verspreiding van Appelbome in Langkloof.

STREEK	Bo-Langkl.	Mid-Langkl.	Ond.-Langkl.	Kouga
GETAL BOME	146,800	396,200	156,000	13,200

Die meeste appelbome is in Middel-Langkloof gekonsentreer, terwyl Bo- en Onder-Langkloof ook 'n redelike hoeveelheid het.

Soos duidelik uit die meegaande appelkaart blyk, is die grootste persentasie boorde al langs die rivierlope geleë. Hierdie riviere vloei van suid na noord, met die gevolg, dat ons 'n kolsgewyse verspreiding, net soos in die geval van die bevolking, kry. (Die meeste vrugteboorde is ook suid van die pad, wat in die lengte van Langkloof loop geleë.

Die sagtevrugtebome word hoofsaaklik in Onder-Langkloof, op plekke soos Krakeel; Joubertina, en Tweerivieren, aangetref, terwyl die Kouga ook 'n redelike hoeveelheid appelkoos- en perskebome het.

Vervolgens let ons dan kortliks op die vernaamste faktore, wat die verspreiding van vrugtebome in Langkloof bepaal het.

Van al die faktore, wat die verspreiding van vrugtebome in Langkloof bepaal het, het water en besproeiing seker die belangrikste rol gespeel. Die meeste boorde is so geleë dat hulle besproei kan word, aangesien droëland-vrugtebou nie betalend in hierdie streek is nie. Die gevolg is dan ook, dat die grootste persentasie boorde al langs die rivierlope aangetref word, en aangesien hierdie stroompies van suid na noord vloei, kry ons 'n kolsgewyse verspreidingspatroon.

Gedeeltelik is dit ook aan hierdie faktor toe te skryf, dat Bo-Langkloof minder vrugtebome as Middel- en Onder-Langkloof het, aangesien die oostelike helfte van die Kloof meer riviere en water as die westelike helfte het.

Vervoergeriewe het ook 'n baie belangrike invloed op die verspreiding van vrugtebome gehad, aangesien die oostelike helfte van Langkloof deur 'n smalspoor met Port Elizabeth verbind is, terwyl daar tussen Uniondale; Avontuur, en Camfer, 'n spoorwegbusdiens bestaan, wat die westelike helfte van vervoergeleenthede moet voorsien.

Daar is ruimskoots bewys, dat die boerdery in die oostelike helfte, wat oor die smalspoor beskik, goed vooruitgaan, terwyl die gebrekkige verkeer 'n stremmende uitwerking op die ontwikkeling van die westelike helfte het. In Middel- en Onder-Langkloof is daar 230 vrugtekekers, met 552,200 appelbome, terwyl daar in Bo-Langkloof, wat nie deur die smalspoor bedien word nie, 60 kekers, met 'n totaal van 146,800 appelbome is.

'n Derde belangrike faktor is die grondsoorte van die streek, wat in die verlede, sowel as vandag, wel deeglik sy invloed

laat geld het.

Die meeste van die Langkloofgronde is van die Tafelbergsandsteen afkomstig, en hoewel suur, aard vrugtebome tog goed daarop.

Die Bokkeveldgronde van Bo-Langkloof is dikwels vlak, met ondergeleë potkleibanke, wat die versuiping van bome met swaar reëns veroorsaak, en gevolglik nie so geskik vir die aanplant van boorde is nie.

Verder is daar ook 'n groot afwisseling van grondsoorte in hierdie streek waarneembaar, sodat dit soms van boord tot boord verskil. Afgesien van die baie verskillende soorte grond, wat vir die aanleg van boorde geskik is, is daar ook sommige, wat totaal ongeskik is. Dit is juis hierdie faktor, wat gedeeltelik daarvoor verantwoordelik is, dat die vrugteboorde so kolsgewyse in Langkloof voorkom. So het Misgund-Oos baie beter boordgronde as Misgund-Wes, en die twee streke grens aanmekaar, terwyl hulle klimatologies ewe geskik vir vrugteboerdery is.

As ons nou na die kaart, wat die verspreiding van appelbome aantoon kyk, dan sal ons sien, dat Misgund-Oos baie meer bome as Misgund-Wes het.

Die klimaat, wat deur sulke faktore, soos hoogte bo seevlak, en afstand van die see, beheers word, het ook 'n aansienlike invloed op die verspreiding van vrugtebome in Langkloof gehad.

Hierdie streek word deur sy koue winters, en koel somers, weens die mis oor die berge, wat ideaal vir appelverbouing is, gekenmerk. Dit is dus eerstens die klimaat, wat Langkloof as 'n appelstreek geskik maak, want so sien ons, dat ons van Kromrivierhoogte, sowel as na die kant van Onder-Kouga, alle appelbome verdwyn, omdat dit te warm word.

Middel-Langkloof, met die hoogste ligging, het die meeste appelbome, terwyl Krakeel; Joubertina, en Tweerivieren, sowel as Onder-Kouga, wat laer geleë is, weer baie sagtevrugtebome het. Wat die verspreiding van vrugtebome in breë trekke betref, het

die klimaat dus wel 'n sterk invloed uitgeoefen.

Verder was daar ook nog allerhande ekonomiese en menslike faktore, wat wel hulle invloed laat geld het, maar wat moeiliker is om te bepaal. Die eerste markkappels is bv. in 1904 op Misgund, die teenswoordige appelsentrum, ingevoer, en die voorsprong, wat die "plaas" vandag het, moet gedeeltelik uit hierdie feit verklaar word.

3) Appelboerdery in Langkloof:

Die vernaamste appelsoorte, wat in Langkloof gekweek word, is Gravenstein; Red en Golden Delicious; Cox Orange Pippin; Versveld; Ohenimuri; Rome Beauty; Rokewood; Granny Smith; Winter Pearmain, en York Imperial.

Die boordbewerking bestaan hoofsaaklik uit die snoei, bemesting; bespuiting, en besproeiing van die bome.

Weens die onvrugbaarheid van die Langkloofgronde, moet bemesting gereeld geskied, en dit word in die vorm van super-fosfaat en guano toegedien, terwyl kraalmis ook gebruik word.

Die vrugteboere word deur plaes, soos die kodlingmot; appelmot; vrugtevlieg; wolluis; peerknopmies, sowel as roes, wat almal deur middel van bespuiting bestry word, lastig geval.

Tydens die wintermaande word die bome gesnoei, terwyl besproeiing uitsluitlik in die droëre tydperk toegepas word.

Die oes en sy verpakking geskied alles met die hand, behalwe die gradeerwerk, wat deur masjiene gedoen word.

Tydens die 1941/42 seisoen was die gemiddelde opbrengs per draende boom ongeveer $1\frac{1}{2}$ kassies appels, maar hierdie lae opbrengs moet hoofsaaklik daaraan toegeskryf word, dat die meeste kwekers huiwerig was om moderne boordmetodes te volg. Vandag volg kwekers die voorgeskrewe metodes, en hulle gemiddelde opbrengs behoort nou van 2 - 4 kassies per boom te wees.

Wat die bemerking van appels betref, word die eerste

graad vrugte hoofsaaklik aan rondgaande kopers, wat hulle pryse self kom aanbied verkoop, en hierdie appels word merendeels in die koelkamers gestoor, om later, wanneer vrugte skaars is, weer op die mark geplaas te word.

Die Langkloofboere het reeds vir hulself 'n eie mark in die binneland geskep, aangesien elkeen onder sy eie handelsmerk produseer.

Die tweede en derde graad appels, sowel as bemerkbare afvalvrugte word deur al die markte van die Unie versprei, en die meeste gaan na sentrums, soos Port Elizabeth; Oos-London; Durban; Pretoria; Johannesburg; Bloemfontein; Kaapstad; Mosselbaai, en Windhoek.

Voor die afgelope oorlog is daar ook 'n aansienlike deel van Langkloof se vrugte na die buiteland uitgevoer, en die distribusie onder die verskillende markte was toe soos volg gewees:-

Tabel 24.

Distribusie van die Langkloofvrugte (tonnemaat) 1)

SEISOEN	UITVOER	FABRIEKE	PRIVAAT	TOTAAL
1937 - 1938	1,640	3,800	150	5,590
1938 - 1939	1,400	3,800	800	6,000
1939 - 1940	2,000	4,680	400	7,080

Dit blyk duidelik, dat die grootste persentasie vrugte na fabriek gegaan het, terwyl 'n redelike hoeveelheid na die buiteland uitgevoer was.

Die vrugte van Bo-Langkloof word hoofsaaklik oor Camfer gestuur, maar Middell- en Onder-Langkloof se natuurlike uitgang is Port Elizabeth. Vrugtebesendings na alle dele van die Unie, selfs na Kaapstad, moet oor hierdie sentrum gaan, soos by 'n later geleentheid meer volledig bespreek

1) Die Afdelingsbestuurder; S.A.S. , Port Elizabeth.

sal word. Langkloof is dus uiters sleg vir die afset van sy produkte geleë, en dit werk stremmend op die ontwikkeling van die streek in.

4) Bessieboerdery in Langkloof:

Wat hierdie boerdery-bedryf in Langkloof betref, word daar vandag hoofsaaklik met brame, waarvan die Young- en Boysen-bessies die vernaamste variëteite is, geboer, hoewel daar ook 'n klein hoeveelheid aarbeie; Kaapse Appelliefies, en frambose, aangetref word.

Aarbeie het vroeër 'n belangriker rol in Langkloof gespeel, maar weens die swak markpryse, en die skade wat deur kewers, sowel as insekte, berokken is, het die mense hierdie bedryf laat vaar. Gelukkig skyn dit, of aarbeie vandag weer tot sy reg sal kom, aangesien dit 'n goeie aanvraag geniet, terwyl daar ook groot moontlikhede vir uitbreiding is.

Young- en Boysen-bessies, wat ongeveer 95% van hierdie bedryf in beslag neem, is die enigste braamtipes, wat op kommersiële skaal verbou word, met die gevolg, dat ons in die bespreking hoofsaaklik daarna sal verwys.

Aangesien bessies in die kouer dele van Europa tuis is, aard dit goed in streke, waar die winters koud, en die somers koel is, met die gevolg, dat Langkloof 'n ideale klimaat vir hierdie tipe van boerdery het.

Daar is egter belangriker faktore as die klimaat, wat die sukses van die tipe van boerdery bepaal, aangesien bessies ook onder afwykende klimaatsomstandighede, soos in die distrikte van George & Knysna, waar die see 'n gematigde invloed op die temperatuur het, en waar daar volop water ter beskikking is, suksesvol verbou kan word.

Bessies is ook nie baie kieskeurig, wat die grondsoorte betref nie, maar in Langkloof vertoon veral die laagliggende vleigronde ideaal vir hierdie doel.

'n Geskikte ligging ten opsigte van markte en fabriek is seker die belangrikste vereiste, waaraan 'n streek in hierdie

verband moet voldoen. 2)

Langkloof se grootste afsetgebied is in Port Elizabeth, maar sy bessievrugte word ook in die Paarl; Mosselbaai, en Johannesburg, bemark, met die gevolg, dat produksie alleen vir konfytdoeleindes kan geskied, aangesien die vervoer te stadig is om die vrug in sy vars staat te bemark.

Hoewel hierdie toestand van sake nie na wense is nie, belemmer die gebrekkige vervoer egter nie die produksie vir konfytdoeleindes nie, aangesien die bessies in vate, bevattende preserveringsmiddels, en wat deur die fabriek verskaf word, na hulle bestemming vervoer word. 3)

Langkloof se ligging ten opsigte van sy afsetgebiede is dus nie so ideaal nie, en die oprigting van 'n eie fabriek word vir die toekoms beoog.

Die boer moet ook verseker wees, dat hy sy oes teen winsgewende pryse van die hand kan sit. 4)

Die bessies van Langkloof word hoofsaaklik deur Standard Cannery & Packers, Port Elizabeth, opgekoop, maar ander fabriek, wat ook uit hierdie area gevoed word, is die Langeberg Koöperasie, Mosselbaai; H. Jones & Co., Paarl, en Associated Cannery, Daljosafat, terwyl daar ook 'n klein hoeveelheid na Jones se fabriek in Langlaagte, Johannesburg, gaan.

Tydens die afgelope oorlog het Young-bessies baie goeie pryse gehad, want fabriek het van £50 - £52 per ton betaal. Hierdie hoë markpryse het vir baie produsente groot inkomstes besorg, terwyl bessies op alle moontlike plekke in Langkloof, en elders, aangeplant is, met die gevolg, dat die bedryf vandag voor die probleem van oor produksie te staan gekom het.

Wat Langkloof betref, gaan die toestand van sake in die toekoms nie verbeter nie, aangesien baie van die aanplantings nog nie

- 2) Reinecke, O.S.H. ... Die Universiteit, Stellenbosch.
 3) Claasen, P.R. ... Takbestuurder, Langeberg Koöp., Mosselbaai.
 4) Reinecke, O.S.H. ... Die Universiteit, Stellenbosch.

in volle drag gekom het nie, sodat 'n produksie-toename van plus minus 50% verwag kan word. 5)

Die meeste fabriek, behalwe Standard Canners & Packers, weier reeds om kontrakte met boere aan te gaan, en waar dit nog wel die geval is, is dit nie die fabriek nie, maar die boer wat gebonde is.

In hierdie verband skryf die bestuurder van Jones se fabriek aan my soos volg:- "We are not making contracts, as we feel that Youngberries and Boysenberries are being overproduced, and the local demand for berry jams manufactured from these berries will not warrant the purchase of increased tonnages." 6)

Omdat die konfyt van die brame uiters duur is, is dit alleen die gegoede klas van die publiek, wat dit kan bekostig, met die gevolg, dat die afset baie beperk is.

Daar is nog minder kans vir oorseese bemerking, aangesien die bessieproduksie in die Europese lande reeds hoog is. Daarby bestaan nog die moontlikheid, dat pulp van die buiteland ingevoer kan word, en dit sal die bedryf in Suid-Afrika aansienlik skade aandoen. 7)

Opsommend kan ons dus sê, dat Langkloof 'n uitstekende klimaat vir bessieboerdery het.

Wat grondsoorte; watervoorraad, en arbeidskragte, betref, is die streek ook in 'n redelike gunstige posisie, maar die markvoortsigte lyk glad nie so rooskleurig nie.


Daar is sprake van nuwe fabriek, wat deur Jones in Port Elizabeth opgerig gaan word, maar dit sal nog gesien moet word, of daar enige verandering in die huidige toestand van sake gaan kom. Moontlik sal daar 'n oorskakeling na aarbeie; frambose, en Kaapse Appelliefies, in Langkloof plaasvind, want weens klimaatbeperkings, en die arbeidsvraagstuk, kan hierdie bessie-

5) Goosen. R.J. ... Tuinboukundige, Joubertina.

6) Die Bestuurder, H. Jones & Co., Paarl.

7) Claasen, P.R. ... Takbestuurder, Langeberg KoöP., Mosselbaai.

Appelboord, Misgund.



Vrugtestoor.



Bessies in blom, Krakeel.



soorte nooit corproduseer word nie, terwyl hulle tans ook 'n uitstekende aanvraag geniet. 8)

8) Goosen, R.J. ... Tuinboukundige, Joubertina.

Hoofstuk XI.BOSBOU IN LANGKLOOF.1) Inleiding:

Hoewel daar vroeër verskeie pogings, om die kolletjies natuurlike bos van hierdie area te werk, aangewend is, het private ondernemings nie verder as die aanplant van enkele bloekom- en Black Wattle-plantasies gevorder nie. Selfs op 'n later stadium is daar nie veel bome op kommersiële skaal, behalwe die Ingevoerde Populiere (*Populus Deltoidea*) in Bo-Langkloof en enkele denneplantasies in Middel- en Onder-Langkloof, aangeplant nie. Dit was eerse sedert die afgelope oorlog, toe kassiehout, en hout in die algemeen, so skaars geword het, dat mense moontlikhede in hierdie rigting gesien het, en meer ernstig hulle aandag aan die saak begin wy het. Langkloof het ook baie onproduktiewe grond, en menige denkende boer begin vandag besef, dat daar iets met hierdie grond gedoen kan word, met die gevolg, dat daar tans heelwat bome, hoofsaaklik denne, in die streek aangeplant word.

2) Populier- en Denneplantasies:

Die Populier- en enkele denneplantasies is hoofsaaklik sedert 1930 in Langkloof aangeplant.

Tabel 25.Morge grond onder Plantasies in Langkloof. 1)

STREEK.	POPULIER	DENNE	BLACKWOOD	BLOEKOM
Bo-Langkloof	1,400	26	5	10
Middel-Langkloof	16	30	-	10
Onder-Langkloof	-	18	-	2

Wat die verspreiding van hierdie plantasies betref, sien ons, dat die Ingevoerde Populiere (*Populus Deltoidea*) hoofsaaklik tot Bo-Langkloof, behalwe die plantasie op Lauterwater, in Middel-Langkloof, beperk is, en dat hulle almal op

1) Persoonlik name.

die "plase", Molenrivier; Erfpag; Dieprivier, en Ganzekraal, aangeplant is, terwyl die Blackwood-plantasie op Schoonberg aangetref word.

In 1937 is 'n deel van die bome, toe hulle 5 jaar oud was, deur 'n brand vernietig. 2)

Die Lion Match Co., te Durban, het hierdie private ondernemings sterk aangemoedig, want hulle het die boer £11 vir elke morg, wat beplant word, betaal, en dan is die boom-
pies ook nog deur die maatskappy verskaf, hoewel hulle die reg voorbehou het, om die hout later teen markprys op te koop. 3)

Alhoewel die Distriksbosboubeampte op Knysna van mening is, dat die klam speelgronde van Bo-Langkloof uitstekend vir die aanplant van populierbome is, skryf die bestuurder van die Lion Match Co. in hierdie verband aan my soos volg:- "Although we have planted very large areas of *P. Deltoidea* in the Long Kloof, we have learnt from experience that it is a bad district for this variety of Poplar. We have, in fact, abandoned about 90% of the plantations. The *P. Deltoidea* is an exacting tree which requires deep soil and annual rainfall of at least 25 in., preferably in the summer." 4) Hierdie plantasies was dus nie 'n sukses nie, aangesien die reënval van die streek te laag, en die grond oor die algemeen te vlak is.

Langkloof is egter uitstekend geskik vir die "Grey Poplar", wat in groot hoeveelhede dwars deur die hele Kloof aangetref word. Die bestuurder van die Lion Match Co. skryf oor die bome soos volg:- "As far as the Grey Poplar is concerned, the Long Kloof is probably the best area, and in years gone by we have cut many thousands of tons from one end of the Kloof to the other." 5)

2) Taute, F.J. ... Molenrivier.

3) Taute, A. ... George

4) Die Bestuurder; Lion Match Co., Durban.

5) Die Bestuurder; Lion Match Co., Durban.

Denneplantasie, Tweerivieren.



Kwaairivier Sindikaat, Haarlem.



Populus Deltoidea-plantasie, Dieprivier.



Wat die toekoms betref, vorm hierdie bome 'n groot potensieële bron vir Langkloof, en waar mense eers getrag het om hulle uit te roei, word daar vandag groot waarde aan hulle geheg.

Die denneplantasies kom deur die hele Kloof voor, hoewel hulle hoofsaaklik teen die noordelike hellings van die Outenikwa-Tsitzekammaberge, waar die reënval voldoende is, aangeplant word.

Pinus insignis is die variëteit, wat die meeste aangetref word, dog, *Pinus pinaster*, en *Pinus canariënsis*, kom ook voor.

Daar kan groot uitbreidings in hierdie rigting verwag word, want sommige mense is van voornemens om duisende bome aan te plant. So wil die Kwaairivier-Sindikaat alleen 100,000 pine-bome op Haarlem aanplant, en daar is reeds 'n begin met hierdie onderneming gemaak. 6) Daar is egter seker beperkende faktore, soos die geringe reënval; geskikte grond, en ontoeganklikheid, waarmee mense gedurig rekening sal moet hou, om sukses te bereik, met die gevolg, dat dit alleen die noordelike kloue van die Outenikwa-Tsitzekammaberge is, waar die grond diep; die dreinasie goed, en die reënval bo 25 dm. per jaar is, wat vir hierdie doel in aanmerking kom. 7)

3) Ekonomiese waarde van die Hout:

Vroeër was daar reeds verskeie pogings, om die natuurlike houtbosse in die omgewing van Langkloof te werk, aangewend, maar dit het telkens sonder veel sukses geskied. Tans word daar weer 'n dergelike poging deur die Kwaairivier-Sindikaat, te Haarlem, wat beoog om die houtbosse van Kwaairivier oor 'n tydperk van 15 jaar uit te werk, aangewend. Die Sindikaat werk ook die dennehout van die streek, en het reeds 'n bestelling van 150,000 appelkassies, wat voor die einde van 1947 voltooi moet word, aangeneem. Vir hierdie doel is daar saagmeulens op Haarlem, waarheen die hout aangery en verwerk word, opgerig. 8)

6) Bekker, J.C.P. ... Bestuurder; Kwaairivier-Sindikaat, Haarlem.

7) Distriksbosboubeampte, Knysna.

8) Bekker, J.C.P. ... Bestuurder; Kwaairivier-Sindikaat, Haarlem.

Die populierhout (Grey Poplar) word deur die Lion Match Co., Durban, en 'n maatskappy in Oudtshoorn, gewerk. Die Populus Deltoidea was oorspronklik vir vuurhoutjiedoel-eindes aangeplant, maar aangesien hierdie plantasies nie 'n sukses was nie, en omdat die oorlog dit ook gedeeltelik veroorsaak het, moes die Lion Match Co. op die gewone populierhout terugval. In die verband skryf die bestuurder van hierdie maatskappy aan my soos volg:- "Throughout the war we have used only Grey Poplar for match manufacture, but it is not really suitable. ... There will, however, always be quite a considerable demand for good Grey Poplar which can be satisfactorily used in the manufacture of match box covers." 9)

Tabel 26.

Houtproduksie sedert 1938 in Langkloof. (tonnemaet) 10)

STREEK	ROOIELS	STINKHOUT	DENNEHOUT	POPULIERHOUT
Langkloof	20	25	2,000	8,850
Kouga	-	-	-	650
TOTAAL	20	25	2,000	9,500

In die verlede is daar ook baie bloekomhoutpale uit Langkloof, waarvan die meeste op Schoonberg gekap is, gestuur, en hulle was hoofsaaklik vir die myne in Johannesburg bedoel. 11) Wat die toekoms betref, behoort hierdie streek 'n groter houtproduksie op te tel lewer, veral as die saagmeulens van die Kwaairivier-Sindikaat eers volstoom werk.

9) Die Bestuurder; Lion Match Co., Durban

10) Taute, A. ... Houtagent vir Lion Match Co., George

11) Bekker, J.C.p. ... Bestuurder; Kwaairivier-Sindikaat, Haarlem

12) Raubenheimer, G. . Schoonberg.

AFDELING D.

VERKEER, GRONDWAARDES EN
TOEKOMSMOONTLIKHEDE.

Hoofstuk XII.DIE VERKEER IN LANGKLOOF.1) Verkeersontwikkeling:

Die Outenikwaberge het in die verlede 'n baie gedugte verkeersversperring langs die suidkus gevorm, en vir baie jare het dit alle padverbinding met Langkloof uit die weste geskakel.

Die vroegste koloniste het reeds die noodsaaklikheid van so 'n deurgang besef, en dit het tot die eerste poging, om 'n wapad oor die berge te maak, aanleiding gegee.

By Duiwelskop, 'n paar myl oos van George, is 'n lae nek in die berge, en hier het hulle 'n geskikte oorgang gevind. Vanaf George het die pad dus na Pampoenkraal; vandaar na die berugte Kaaimansrivier; dan verry die teenswoordige Woodville, en voorts oor die berge by Duiwelskop tot in Langkloof, gegaan. Hiervandaan was hulle weg na die ooste oop.

Tot in 1811 was hierdie ondoeltreffende pad die enigste verbinding, wat Langkloof met die weste gehad het, maar nadat die dorp George gestig was, is 'n nuwe poging, onder beheer van landdros Kervel, aangewend, en so het die Cradockpas, reg noord van die nuwe aanleg, totstand gekom. Ook hierdie pas kon nie in al die behoeftes voorsien nie, aangesien dit dikwels drie dae geneem het om die 5½ myl oor die berge met wa en osse af te le. Vandag word hierdie ou geskiedkundige pas deur 'n ry wit klipbakens aangedui, en staan as die "Ou Voortrekkerspad" bekend.

In 1848 is eindelijk die huidige Montagupas voltooi, wat die eerste behoorlike padverbinding met Langkloof bewerkstellig het.

Die eise, wat die moderne motorverkeerstel, is egter so hoog, dat die tyd aangebreek het, om ook die Montagupas deur 'n doeltreffender een te vervang. Daarom is die Nasionale Padraad op die oomblik besig om 'n nuwe pas oor die Outenikwaberge

te bou. Dit sal die finale oorwinning van die Outenikwaberge, na 'n stryd van oor die 150 jaar, beteken.

In later jare is daar ook 'n pad na Knysna, oor die Prins Alfredspas na Avontuur en Uniondale, gebou.

Noord van die Outenikwaberge volg die paaie weer sistematies die klowe; riviervalleie, en poorte, deur die heuwelreekse. Hier was die noordwaarts-strekkende riviervalleie die padaanleg bepaald gunstig gesind, want die grootpad na Oudtshoorn, deur die westelike deel van Bo-Langkloof, maak b.v. van die Doringriviervallei gebruik, en verkry deur middel van die Paardepoort toegang tot die Klein-Karoo. Die Langkloof het weer op sy beurt 'n maklike verbinding na Port Elizabeth, in die ooste, bewerkstellig.

Net soos die huidige groot-paaie na Uniondale en Port Elizabeth, sal die Nasionale Pad ook nog verplig wees om van die gerieflike Bo-Langkloofvallei, op sy weg na Beitsbrug, in die noorde, gebruik te maak. 1)

Hierdie padaanleg het Langkloof ook gedeeltelik uit sy isolasie onthef, en ekonomiese ontwikkeling het spoedig ingetree, met die gevolg, dat daar tussen 1905 en 1907 'n smalspoor (2 vt. wyd), waarvan die aanleg in Kaapse Wet No. 40 van 1898 goedgekeur is, tussen Port Elizabeth en Avontuur gebou is.

Dit is die langste smalspoor in ons land, en hierdie treindiens moes nie alleen die goederevervoer behartig nie, maar ook alle passasiers- en pakkette-verkeer, met die gevolg, dat Middell- en Onder-Langkloof groot bloei getoon het. 2)

Intussen moes Bo-Langkloof ook deur die smalspoor bedien word, en eers in 1928 kon daar 'n spoorwegbusdiens tussen Uniondale; Avontuur, en Camfer, ingestel word. Op hierdie goederebuste was daar ook voorsiening vir passasiers gemaak, maar veral vir die vrugteboere van die streek

1) Hall, F. ... Afdelingsraad-sekretaris, George.

2) Die Afdelingsbestuurder, S.A.S., Port Elizabeth.

het dit 'n groot uitkoms beteken, aangesien hulle nou instaat gestel was om die afsetgebiede in die ooste; noorde, en weste, deur Avontuur; Uniondale-weg, en Camfer, onderskeidelik te bereik.

Maar selfs die passasiersverkeer het so snel aangegroei, dat daar in 1946 'n passasiersbusdiens tussen Uniondale; Avontuur, en Camfer, ingestel moes word. 3)

Reeds vir 'n geruime tyd bestaan daar 'n gevoel, dat die fasiliteite, wat deur die smalspoor vir die vervoer van passasiers en dringende pakkette, tussen Port Elizabeth; Humansdorp, en Avontuur, aangebied word, nie die doeltreffendste is nie, veral met die oog op die lang tyd, wat in beslag geneem word om die reis af te lê. Die Spoorweg-administrasie het die saak uit alle moontlike oogpunte oorweeg, en so is daar op 2 Junie, 1947 'n daaglikse passasiers-spoorwegbusdiens tussen Port Elizabeth en Avontuur, sowel as na Uniondale, ingestel.

Die ideaal vir die toekoms, is dat daar 'n breë-spoor tussen Port Elizabeth en Camfer gebou moet word, en op agitasie van die Boerevereniging was die Minister van Vervoer in 1946 in Langkloof, om na die moontlikhede vir die bou van 'n dergelike spoorweg ondersoek te kom instel.

Die Minister se antwoord was teleurstellend, maar daar is nog geen finaliteit oor hierdie saak bereik nie, aangesien die vraagstuk betreffende die ombouing van die Port Elizabeth-Avontuurspoorlyn tot standaard-wydte, dikwels deur die Spoorweg-administrasie oorweeg is, en onlangs is daar besluit om 'n instrument-opmeting van die herleggingsroete vir die aanbou van 'n spoorlyn van standaard-wydte te maak, en om 'n noukeurige beraming van die ombouingskoste te verkry.

Die opmeting word nou onderneem, en die uitslag daarvan sal mettertyd deur die Spoorweg-administrasie oorweeg word. 4)

In elk geval, dit is die beleid van die Staat, om met die

3) Viljoen, P. ... Hoof van Padmotordienste, Uniondale.

4) Hoofbestuurder; S.A.S. Johannesburg.

smalspore in ons land weg te doen, en daar kan dus verwag word, dat Langkloof spoedig oor sy breëspoor sal beskik.

2) Die huidige Verkeerstelsel.

Soos ons reeds aangetoon het, beskik Bo-Langkloof oor 'n spoorwegbusdiens, wat alle vervoer in hierdie streek moet behartig.

Die passasiersbusdiens tussen Uniondale; Avontuur, en Camfer is vir 5 dae van die week in werking, want 3 dae loop die busse oor Avontuur, en 2 dae deur die Kamassievally. Dieselfde roetes en bediening geld ook vir die gereelde goederebusdiens, wat daar tussen die genoemde plekke bestaan.

Tydens die vrugte- en graanseisoen is daar 'n spesiale busdiens in werking, wat met alle produkte-verkeer belas is. Hierdie busdiens is ook vir Bo-Kouga se vrugte, en ander produkte, wat op Avontuur gelewer word, verantwoordelik. 5)

Onder-Kouga beskik oor geen vervoerdiens nie, behalwe tydens die vrugteseisoen, wanneer alle verkeer deur motorlorries, wat die produkte na Joubertina en Kromrivierhoogte ry, behartig word.

Die passasiersbusdiens tussen Uniondale; Avontuur, en Port Elizabeth, is elke dag van die week, behalwe Sondag, in werking, hoewel hierdie busse tussen Humansdorp en Port Elizabeth ook op Sondag loop. Elke dag vertrek daar twee busse gelyktydig vanaf Uniondale, en twee vanaf Port Elizabeth. Die afstand tussen genoemde twee plekke word in sowat 9 uur afgelê.

Die padmotordiens is uitsluitend vir passasiers, en 'n beperkte hoeveelheid bagasie vir elkeen, ingestel, terwyl enige ander ware, of posstukke, met die trein vervoer word. 6)

Wat die spoorverkeer betref, loop daar 6 maal per week 'n goederetrein, wat vir 3 dae in die week passasierswaens aan het, aangesien die trein op plekke aandoen, wat weg van die busroete geleë is.

5) Viljoen, P. ... Hoof van Padmotordienste, Uniondale.

6) Viljoen, P. ... Hoof van Padmotordienste, Uniondale.

Trein, Joubertina.



Houtvervoer, Joubertina.



Gesaagde Hout, Haarlem.



Die trein neem ongeveer 16 uur om die afstand van 170 myl, tussen Avontuur en Port Elizabeth, af te lê.

Tydens die vrugteseisoen stel die Spoorweg-administrasie 'n spesiale vrugtetrein, wat elke dag van die week loop, ter beskikking van die vrugteboere in die streek.

Nieteenstaande die feit, dat Langkloof betreklik goed van vervoer-fasiliteite voorsien is nie, vind die Administrasie dit baie moeilik, om die swaar verkeer van hierdie area te behartig. 7)

3) Langkloof as Verkeersdeurgang:

Reeds sedert die vroegste tye het Langkloof sy rol, as Verkeersdeurgang, gespeel, want in geskiedkundige verslae lees ons dikwels van mense, soos Beutler; Barrow; Lichtenstein, en andere, wat op hulle reise na die ooste, van dié roete gebruik gemaak het. Dit is ook 'n historiese feit, dat Sir Harry Smith op sy beroemde tog, tussen Kaapstad en Grahamstad, deur die Langkloof getrek het, om sy bestemming spoedig te bereik.

Maar dit was veral sedert die voltooiing van die Montagupas, in 1848, dat Langkloof 'n groter rol in hierdie verband begin speel het, en tans vorm dit een van die belangrikste motor-roetes tussen Kaapstad en Port Elizabeth, aangesien die kortste weg, tussen genoemde twee plekke, deur die streek gaan.

Die gedeelte van die Langkloofpad, tussen Avontuur en Kromrivierhoogte, dra die drukste verkeer, weens die daaglikse busdiens na Port Elizabeth, want elke dag is daar 4 passasiers-busse op hierdie pad in diens, terwyl die daaglikse getal motors, wat van hierdie roete gebruik maak, op ongeveer 80 - 100 geskat word.

Die Afdelingsraad van Uniondale stel £1,300 per jaar ter beskikking, om die pad te onderhou.

Die pad oor Uniondale en Prins Alfredspas na die

7) Die Stasiemeester, Joubertina.

kus, dra veral tussen Oktober - Februarie 'n baie drukke verkeer, weens al die mense van die binneland, wat na die see met vakansie gaan. Tydens hierdie tydperk gaan daar plus minus 100 motors per dag deur die Prins Alfredspas.

'n Begroting van £300 per jaar word gebruik om hierdie kort endjie pad te onderhou. 8)

Tabel 27.

Verkeersensus vir Uniondalepoort, 1937. 9)

TYDPERK	MOTORS EN MOTORFIETSE.	LORRIES	KARRE EN WAENS.	VOETGANGERS EN FIETSE
28 Junie - 5 Julie	639	111	122	511
15 Okt. - 24 Okt.	699	139	98	650

Die Langkloofpad verkeer tans nog onder beheer van die Afdelingsraad, maar daar word in vooruitsig gestel, dat dit 'n Provinsiale Pad in die toekoms gaan word. Eers wanneer Langkloof oor sy breëspoor beskik, sal hierdie streek sy regmatige rol, as verkeersdeurgang, speel.

8) Botha, P.J. ... Padinspekteur, Uniondale

9) Geyer, J. ... Afdelingsraad-sekretaris, Uniondale.

Hoofstuk XIII.GRONDWAARDES IN LANGKLOOF.1) Plaasgroottes en die Onderverdeling van Grond:

Volgens informasie, wat ek in die Akteskantoor, Kaapstad ingewin het, was die meeste gronde in die streek, reeds teen die einde van die jaar 1800 uitgegee, en vandag word nog slegs in die Kouga, sowel as op enkele ander plekke, hier en daar kolletjies Kroongrond aangetref. Hierdie Staatsgronde is hoofsaaklik tot die Kougabergr, en die noordelike hange van die Outenikwa-Tsitzekammareeks, beperk.

Wat die oorspronklike grootte van die plase, uitgegee tot aan die einde van 1895, betref, moet daar op die onderstaande tabel gelet word.

Tabel 28.Oorspronklike Plaasgroottes. (morge) 1)

PLAASGROOTTE.	BO-LANGKL.	MID.-LANGKL.	OND.-LANGKL.	KOUGA.
100 - 500	1	8	5	8
500 - 1,000	8	8	3	17
1,000 - 1,500	3	7	2	13
1,500 - 2,000	4	2	4	8
2,000 - 2,500	5	2	5	5
2,500 - 3,000	6	9	6	10
3,000 - 3,500	2	1	1	1
3,500 - 4,000	-	2	-	1
Bo 4,000	-	-	-	6

Soos ons reeds in Hoofstuk IV daarop gewys het, het die nageslagte op die grond van hul voorouers bly woon, met die gevolg, dat daar herhaaldelik onderverdelings plaasgevind het.

Sedert 1895 is die proses van onderverdeling dus heelwat verder gevoer, en in hierdie verband moet daar op Tabel 29 gelet word.

1) Akteskantoor, Kaapstad.

Tabel 29.

Die Onderverdeling van Grond. (morge) 2)

PLAASGROOTTE	BO-LANGKL.	MID.-LANGKL.	OND.-LANGKL.	KOUGA.
1 - 100	30	26	107	52
100 - 200	32	30	40	22
200 - 300	15	16	14	20
300 - 400	7	10	6	12
400 - 500	6	8	2	10
500 - 600	8	6	2	13
600 - 700	1	10	-	6
700 - 800	4	8	2	7
800 - 900	1	5	1	8
900 - 1,000	2	5	-	9
1,000 - 1,500	6	9	4	17
1,500 - 2,000	4	6	-	6
2,000 - 3,000	1	1	3	5
3,000 - 4,000	-	-	1	3
Bo 4,000	-	-	-	2

In Langkloof het die sterkste onderverdeling van grond op plekke, soos Krakeel; Tweerivieren; Joubertina; Lauterwater; Misgund; Dieprivier, sowel as Opkomst, wat in Onder-Kouga geleë is, plaasgevind, en die proses is in baie gevalle so ver gevoer, dat die meeste inwoners vandag geen kaart en transport van hul grond kan toon nie.

In Onder-Langkloof tref 'n mens selde aan, dat 'n grondbesitter se eiendom in een blok grond omvat word, met die gevolg, dat "plase", soos Tweerivieren en Krakeel, letterlik opgesnipper is. Op Krakeel het die proses so ver gegaan, dat die mense op een kol woon, terwyl die beboude grond daaromheen geleë is.

Hierdie verspreide ligging van 'n bepaalde persoon se eiendom, moet hoofsaaklik uit die metode van onderverdeling verklaar word. Die onderverdeling het op die basis van besproeide en onbesproeide

2) Opgestel uit Afdelingsraad-skattingslyste van George en Uniondale.

(Tabel, sien op onderdele van "plase" wat aan spesiale besitters behoort.)

grond, sowel as weiveld, geskied, terwyl op "plase", soos Krakeel en Tweerivieren, selfs die lemoenbome, waaraan 'n baie groot waarde geheg is, gelykop onder die erfgename verdeel is.

2) Grondwaardes:

Grondwaardes is teenswoordig geweldig hoog in Langkloof, en in sommige gevalle kan dit byna as onkoopbaar duur bestempel word.

In hierdie verband moet daar op die meegaande grondwaardekaart gelet word.

Die waarde-verhoudings in die kaart, is deur middel van ondervraging, en met behulp van twee grondwaardeerders, opgestel, terwyl die begrensings met die hulp van 'n aantal persone, wat die streek baie goed ken, ingetrek is.

Vir hierdie doel, is daar van 'n Topo-Kadastralekaart, met skaal, 1:250,000, gebruik gemaak, met die gevolg, dat die plaasgrense as uitgangspunt geneem is.

By die bepaling van die waarde-verhoudings is vrugtegrond, waar onderskeid tussen besproeibare en onbesproeibare grond gemaak is; saaigrond, en weiveld, as basis geneem, en die resultaat was soos volg:-

Tabel 30.

Grondwaardes in Langkloof. 3)

VERHOUDING.	WAARDE.
Besproeibare vrugtegrond	Bo £250 per morg
Onbesproeibare vrugtegrond	£50 - £250 per morg
Saaigrond	£4 - £50 per morg
Weiveld	5/- - £4 per morg

- 3) Geldenhuys, P.B. ... Grondwaardeerder, Joubertina.
 3) Olivier, T. ... Grondwaardeerder, Tweerivieren.
 3) Van der Spuy, H. ... Prokureur, Uniondale. (geraadpleeg)

Hierdie verhoudings kon nie deurgaans gebruik word nie, want in sommige gevalle was daar afwykings, maar dit was meer die uitsondering op die reël.

Dit was onmoontlik om van die Afdelingsraad-waardasiesyfers in die geval gebruik te maak, daar dit uit 1928 dateer, en gevolglik hopeloos verouderd is.

In elk geval, uit die kaart blyk dit duidelik, dat die totale grondwaarde oor die algemeen die hoogste in Middel- en Onder-Langkloof is, terwyl dit in Bo-Langkloof, maar veral in die Kouga, laer is.

Die vernaamste faktore, wat die waarde van grond in die streek bepaal, is besproeiingsmoontlikhede, sowel as die doel, waarvoor die grond gebruik word.

Die besproeibare en onbesproeibare vrugtegronde het die hoogste waarde, terwyl saagrond en weiveld hierop volg.

Faktore, soos grondvrugbaarheid; ligging, en topografie, het in hierdie verband ook geen geringe rol gespeel nie.

'n "Plaas" soos Hoerree, in Onder-Kouga, het goeie en vrugbare grond, maar weens sy geïsoleerde ligging, word die waarde daarvan aansienlik verlaag.

Dié voorbeeld geld vir die Kouga in die algemeen, sowel as vir sekere dele van Klein-Langkloof, veral in die omgewing van Eensaamheid.

Hoofstuk LVX.LANGKLOOF EN DIE TOEKOMS.1) Relatiewe belangrikheid van die verskillende dele:

Soos ons reeds voorheen daarop gewys het, is die Langkloof ryk bedeeid met natuurskoon, sowel as met grond en klimaat, wat vir spesiale takke van die boerdery, soos die kweek van vrugte, groente, en bessies, geskik is, terwyl sommige dele weer ideaal vir graanverbouing is.

Bowendien beskik die inwoners van die streek oor volop water, wat alleen bewaar moet word, om 'n gebrek tydens die droëre tydperk uit te skakel.

Groot gronde sou nog in kleineres onderverdeel kan word, met die gevolg, dat die streek ook 'n groter bevolking in die toekoms sal kan onderhou.

Tans is daar nog volop, en goedkoop, arbeidskragte ter beskikbaaring, en hoewel dit miskien 'n probleem in die toekoms gaan word, sal die meganisasie van die landbou baie ongerief in hierdie verband uitskakel.

Op die stadium sal dit seker nie onvanpas wees om die verskillende dele van Langkloof, en die Kouga, met mekaar te vergelyk nie, en sodoende die relatiewe belangrikheid van elkeen op die voorgrond stel nie.

Middel- en Onder-Langkloof is landboukundig die verste ontwikkel, terwyl Bo-Langkloof in die laaste tyd sterk op die voorgrond tree, veral wat die vrugtebou betref.

Die Kouga, wat voorheen die vooruitstrewende streek was, verkeer vandag op die agtergrond, en hierdie verskynsel moet hoofsaaklik uit sy geïsoleerde ligging verklaar word.

Langkloof is by uitstek nog 'n toekomsgebied, en groot ontwikkelings kan verwag word, maar daar is ook probleme, wat vooruitgang in die streek belemmer.

Hierdie probleme is van sodanige aard, dat geen uitbreidings verwag kan word, tensy hulle nie opgelos word nie, en op die

aspek van die saak moet nou kortliks gelet word.

2) Die vernaamste Probleme in Langkloof:

Die verkeersprobleem is seker die grootste struikelblok in hierdie opsig, en dit geld nie alleen vir spesiale dele van die Kloof nie, maar ook vir die streek in die algemeen. Bo-Langkloof is van 'n ondoeltreffende busdiens, wat as baie ongewens vir die vervoer van vrugte beskou kan word, afhanklik, terwyl Onder-Kouga so te sê oor geen verkeerssisteem van sy eie beskik nie.

Maar, ook die treindiens, omdat dit so stadig en ondoeltreffend is, openbaar baie gebreke, wat hoofsaaklik uit die helling van die spoorlyn verklaar moet word.

Tabel 31.

Vervoer-tonnemaat tussen verskillende Stasies. 1)

STASIES	VERVOER-TONNEMAAT
<u>Na Port Elizabeth:</u>	
Avontuur - Joubertina	180
Joubertina - Assegaaibosch	300
Assegaaibosch - Humansdorp	150
<u>Vanaf Port Elizabeth:</u>	
Humansdorp - Assegaaibosch	150
Assegaaibosch - Kompagnies Drift	170
Kompagnies Drift - Heights	150
Heights - Krakeel	210
Krakeel - Avontuur.	150

Die tonnemaat, wat die trein dus kan vervoer, varieer baie volgens die helling van die spoorlyn, met die gevolg, dat trokke gedurig op die verskillende stasies aan- en afgehak moet word, en so gaan baie waardevolle tyd verlore.

Daar word ook dikwels 'n te kort aan trokke, wat die probleem nog steeds meer vererger, ondervind.

1) Die Stasiemeester, Joubertina.

Teenswoordig word daar sterk deur die Boerevereniging vir 'n breëspoor geagiteer, en moontlik sal Langkloof in die nabye toekoms oor beter vervoergeriewe beskik. In elk geval, in hierdie verband skryf die Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë aan my soos volg:- "Die ombouing van die bestaande smalspoorlyne in spoorlyne van standaardwydte, gee aanleiding tot 'n moeilike ekonomiese vraagstuk, want die ligging van smalspoorlyne, wat in bergagtige streke aangelê is, gaan met skerp draaie en styl hellings gepaard, wat vir spoorlyne van standaard-wydte, onder bestaande vereistes, heeltemal ongeskik is. Dit mag derhalwe nodig wees om 'n nuwe spoorlyn aan te bou, wat op plekke heelwat van die ligging van die bestaande spoorlyn sal afwyk, en gevolglik die aanbou van nuwe stasies veroorsaak. Slegs 'n gedeelte van die kapitaal, wat daaraan bestee is, word by die opbreking van 'n smalspoor teruggewin, daar die waarde van ou spoorstawe; staalwerk, ens., gering is. Dit mag dus moeiliker wees om die koste, verbonde aan die ombouing van smalspoorlyne, ekonomies te regverdig as om 'n spoorlyn van standaard-wydte, in 'n gebied wat deur padmotordienste ontwikkel is, aan te lê.

Die verkeer, wat oor hierdie lyn vervoer word, is vir so 'n lang spoorlyn teleurstellend gering. Die hoeveelheid verkeer, wat oor die afstand van 107 myl, tussen Humansdorp (uitgesluit) en Avontuur (met inbegrip van die houtverkeer, wat op Assegai-bosch gelaai is), verspoor is, het in 1944 slegs op 25,053 ton te staan gekom, wat ongunstig met die hoeveelheid verkeer, wat op smalspoorlyne oor korter afstande vervoer is, vergelyk.

Die rede, waarom die Spoorweg-administrasie in die verlede nie in staat was, om 'n spoorlyn van standaard-wydte tussen Camfer en Port Elizabeth te bou nie, is die ontoereikende van verkeer, vergeleke met die geweldige kapitaalkoste, wat aan die bou van so 'n spoorlyn verbonde is." 2)

Tweedens is daar bemerkingsmoeilikhede, wat baie nou

2) Die Hoofbestuurder; S.A.S., Johannesburg.

met die vervoerkwessie verbonde is.

Langkloof is ongelukkig baie sleg vir die afset van sy produkte geleë, met die gevolg, dat die vervoerkwessie 'n baie aktuele vraagstuk in die streek geword het.

As die spoorweg van Port Elizabeth na Camfer gebou word, dan sal die afstand aansienlik verkort word, want teenswoordig moet alles vrugte oor Port Elizabeth, waar dit op breëspoor-trokke oorgelaai word, vervoer word. Selfs vrugte na Kaapstad en Mosselbaai, sowel as na Windhoek, en ander dele van ons land, moet oor Port Elizabeth gaan.

Afgesien van dié vertraging, doen die vrugte met die herhantering kneusing op, wat dikwels tot gevolg het, dat vrugtekwakers groot skades ondervind.

Be-Langkloof word met busse bedien, maar hierdie vervoer is feitlik net op Woensdae en Vrydae van enige waarde.

Uitvoervrugte moet op die manier vervoer word, en dit beïnvloed die hou vermoë van die vrugte, want dit moet die lang reis van Camfer, deur die Karroo, na Port Elizabeth toe maak.

Calitzdorp en Oudtshoorn word op dieselfde manier met hulle uitvoerbedrywe gestrem.

'n Uitgebreider spoorwegdiens sal dus baie vir die ontwikkeling van Langkloof doen, want daar is feitlik geen aanmoediging om iets anders te kweek nie, aangesien die deel deur die afstand van die fabriek, en die mark, gekortwiek word.

Die afstande van mekaar; van die uitvoermark; van die varsmark, en die inmaakfabriek, dui daarop, dat verkoelingsgeriewe in Langkloof noodsaaklik is, en dat dit wel betalend sal wees.

'n Groot verandering is egter te weeg gebring deur die inmaakfabriek, wat in Port Elizabeth opgerig is, en wat nog aangebou sal word.

So is die firma, H. Jones & Co besig met die aanbou van 'n nuwe fabriek, vir die hantering van sagtevrugte, in Port Elizabeth.

Ook Standard Canners & Packers het 'n ou fabriek opgekoop, en is tans besig om dit nuut op te bou.

Op Mosselbaai het die Langeberg Koöperasie 'n fabriek, wat reeds werk, opgerig, en baie van Bo-Langkloof se vrugte gaan na hierdie sentrum.

Die oprigting van dié fabriek, het as geweldige aansporing vir die vrugteboere gedien, want dit het 'n prikkel tot nuwe aanplanting gevorm. So is daar in die afgelope aantal jare van 'n 60 - 80 duisend perskebome, hoofsaaklik van die Kakamas-Geelperskes, aangeplant, om die fabriek in Port Elizabeth te voorsien. 3)

Waterkonserwasie is die derde probleem, waarvoor hierdie streek te staan gekom het.

Daar is volop water ter beskikking, indien dit bewaar word. Geen verdere grootskaalse landboukundige uitbreidings kan in die toekoms verwag word, alvorens dié probleem nie opgelos is nie. Gevolglik moet waterbronne bewaar en ontwikkel word, en waar daar moontlikhede vir die bou van damme is, moet die taak onmiddellik aangepak word.

Die moontlikhede van die streek is geweldig baie, maar dan moet daar planmatig te werk gegaan word, en alle moontlike hulpbronne moet gebruik word.

Alhoewel die inwoners van Langkloof gretig is om te leer, laat konserwatisme hom in sekere opsigte nog sterk geld, en dit moet hoofsaaklik as 'n gevolg van die isolasie, waarin die streek in die verlede verkeer het, beskou word.

Die bevolking, wat die deel dra, kan verdubbel word, indien Langkloof die aandag kry, wat hy verdien.

Verbeterde vervoergeriewe, en meer kapitaal van buite af, sou vooruitstrewende kwekers van elders aantrek, en dit sal natuurlik lei tot verbeterde metodes vir die afset van die vrugte, soos die wat deur koöperatiewe pakhuisse; koelkamer-inrigtings, en inmaakfabrieke, verskaf word.

3) Reinecke, O.S.H. ... Die Universiteit, Stellenbosch.

GERAADPLEEGDE WERKE.

- (1) Adamson, R.S. ... Vegetation of South Africa.
- (2) Barrow, J. ... Travels into the Interior of Southern Africa.
- (3) Botha, C.G. ... Place Names in the Cape Province.
- (4) De Villiers, J. ... The Geomorphology and Geology of a part of the Long Kloof.
- (5) Du Toit, A.L. ... The Geology of South Africa.
- (6) Evans, I.B. Pole ... A Vegetation Map of South Africa. (Bot. Survey of South Africa, Mem. No. 15, 1936.)
- (7) Gie, S.F.N. ... Geskiedenis van Suid-Afrika.
- (8) Juritz, C.F. ... Agricultural Soils of the Cape Province.
- (9) King, L.C. ... South African Scenery.
- (10) Laughton, F.S. ... Houtteelt van die Inheemse Houtbosse van die Unie van Suid-Afrika, met spesiale verwysing na die Houtbosse van die Knysna-streek; 1938.
- (11) Lichtenstein, H. ... Travels in Southern Africa.
- (12) Schwarz, E.H.L. ... Geological Survey of the Longkloof. Ann. Rept. Geol. Comm. Cape of Good Hope for 1904, pp. 47 - 69.
- (13) Theal, G. ... History of South Africa.
- " ... History of South Africa Since 1795.
- " ... Belangryke Hist. Dokumenten. (Reis van den Vaandrig Beutler in 1752)
- (14) Van Selm, R. ... The Van Selm-Rademeyer Family.
- (15) Verslag oor die Armblanke Vraagstuk in Suid-Afrika.
- (16) Normaal van Reënval, 1935.
- (17) Temperatuur; uitgawe van die Weerkundige Kantoor, Besproeiings-Departement.
-